

# Visie, Waardes en Missie

---

## Visie

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

## Waardes

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

## Missie





Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer.

Die instelling sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

## Missie-elemente en doelwitte

### Die missie bestaan uit die volgende elemente:

- Om deur middel van onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense te dien.
- Om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.
- Brei die implementering van kundigheid – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – uit tot voordeel van die provinsie, die land, die SAOG-streek, die vasteland, en uiteindelik die wêreld.
- Wees 'n waardegedrewe universiteit wat daarna streef om in die nastrewing van ons missie 'n verskil te maak.
- Streef daarna om internasionaal erken te word as 'n goed bestuurde en innoverende universiteit, met 'n kliëntefokus ingebed in kwaliteit. Die Universiteit beoog om dit te bereik deur die skep van 'n instaatstellende omgewing wat die Universiteit se kernbesigheid sal uitbou en verbeter, terwyl die instelling finansiële lewensvatbaar bly.
- Voortdurende transformasie ten opsigte van posisionering, akademiese profiel, eenheid, gelykheid en herstel. Sodoende dra die Universiteit by tot die transformasie van die Suid-Afrikaanse hoërondwysstelsel ten einde gehoor te gee aan die land se maatskaplike, ekonomiese, ontwikkelings- en omgewingsbehoefte.





Die tema van die 2009-jaarverslag, **Uitnemendheid deur waardes en visie**, is geïnspireer deur die idee dat die NWU op soliede waardes gebaseer is en terselfdertyd die visie het om uitnemendheid te bereik.

Noudat die NWU ontwikkel het van 'n saamgesmelte instelling tot een van die **toonaangewende universiteite** in die land, is dié instelling gefundeer op **vaste beginsels, blywende stabiliteit** en goeie **korporatiewe bestuur**.

Hierop gebaseer, wil ons ons visie van **veelsydige uitnemendheid** dwarsoor ons kernbesigheid realiseer.

Die NWU streef daarna om **goed afgeronde studente**, wat kan bydra tot die gemeenskap, die land en die wêreld, te ontwikkel. Met hul voete stewig op die grond en hul oë **gefokus op toekomstige moontlikhede**, pak hulle nuwe uitdagings aan.



# Inhoudsopgawe

---

Visie, Waardes en Missie	1
Bestuursopsomming	4

## OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR

Institusionele hoogtepunte	10
Samestelling van die Raad	12
Boodskap van die Kanselier	18
Verslag van die Voorsitter van die Raad	20
Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur	22
Senaatsverslag	34
Verslag van die Institusionele Forum	48

## OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR

Samestelling van die Institusionele Bestuur	52
Verslag van die Visekanselier	54
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof	62
Verslag van die Institusionele Registrateur	68
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling	76
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge	84
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie	90
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	104

## KAMPUSOORSIG

Oorsig van die Mafikengkampus	116
Oorsig van die Potchefstroomkampus	124
Oorsig van die Vaaldriehoekkampus	132

## FINANSIËLE OORSIG

Verslag van die Voorsitter van die Finansiële Komitee en Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	142
Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie van die Noordwes-Universiteit soos op 31 Desember 2009	150
Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste van die Noordwes-Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2009	151
Lys van Afkortings	152
Erkenning	156

# Bestuursopsomming

Die Universiteit het sy posisie as een van Suid-Afrika se bes bestuurde hoëronderrysinstellings verder uitgebou met 'n benydenswaardige korporatiewebestuursrekord, 'n sterk toename in studentetalle, goeie akademiese resultate en voortgesette finansiële stabiliteit.

**In 2009 is die NWU** weereens as die bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika aangewys. Hierdie prestasie is behaal deur die verwerwing van PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderrig. Hierdie toekenning, wat nou reeds drie jaar in 'n ry deur die NWU gewen is, getuig van die Universiteit se aandrang daarop om die regte ding op die regte manier en vir die regte redes te doen.

Die kwaliteitsaudit, wat deur die Hoëronderrys-kwaliteitskomitee onderneem is, het verdere bewyse opgelewer van die NWU se vermoë om die hoogste standarde toe te pas. Die paneel, wat die audit in Maart 2009 onderneem het, het hoë lof gehad vir sommige van die Universiteit se kwaliteitsversekeringsmeganismes, veral vir die inligtingstegnologie- en finansiëlebestuurstelsels.

Ofskoon die ekonomie in 2009 'n moeilike jaar beleef het vanweë die gevolge van die wêreldwye resessie, het die NWU daarin geslaag om 'n klein finansiële surplus te behaal. Dit is die sesde jaar in 'n ry dat die Universiteit 'n surplus behaal het – iets wat toegeskryf kan word aan die kultuur van omsigtige finansiële bestuur waartoe die Raad en Bestuur verbind is.

Hierdie klimaat van stabiliteit het ook die Universiteit se akademiese bedrywighede gekenmerk. Onderrig-leer-aktiwiteite het regdeur die jaar glad verloop, en uiteindelik verbeterde studentesukseskoerse tot gevolg gehad. Die voorgraadse slaagsyfer het verbeter vanaf 81,2% in 2008 tot 83,6% in 2009, en die graadverwerwingskoerse was 26%. In 2009 het die NWU altesaam 13 455 grade en diplomas toegeken, net oor die 8% meer as die vorige jaar se syfer.

In 2009 was 'n totaal van 50 589 studente by die NWU ingeskryf, waarvan 53% kontakstudente was en 47% afstandstudente. Die sukses en welstand van al hierdie studente was die fokuspunt van die NWU se pogings

om die beste moontlik leeromgewing daar te stel. Met die oog op hulpverlening aan behoeftige studente het die Universiteit studentebeurse en -lenings ter waarde van R271 miljoen geadministreer.

Beduidende beleggings is ook gemaak met betrekking tot die verbetering van die studentelewe deur die oprigting of opknapping van onder meer akademiese geboue, koshuise, sportfasiliteite en rekenaarsentrums. In totaal het die NWU in 2009 'n bedrag van R134,7 miljoen aan kapitaalprojekte bestee, hoofsaaklik aan infrastruktuur vir studente, akademiese fasiliteite en navorsingslaboratoriums en -toerusting.

'n Verdere hoogtepunt was die volgehoue verbetering in navorsingsuitset, wat met 10% gestyg het. Dit sluit in 'n beduidende toename in die aantal gegradeerde navorsers, van 103 tot 116, tesame met 'n 18%-toename in doktorsgrade en 'n 11,5%-toename in meestersgrade wat toegeken is.

Die voortgesette sukses van die NWU se kernbesigheid – onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid – het die Universiteit geposisioneer om top akademiese en -leierskaptalent te lok. Kgosi Leruo Tshekedi Molotlegi, Koning van die Koninklike Bafokeng-stam, is in 2009 as die tweede Kanselier van die NWU ingehuldig. Ander topposte wat gevul is, is die rektorskappe van die Potchefstroomkampus en die Vaaldriehoekkampus. Prof Herman van Schalkwyk en prof Thanyani Mariba is onderskeidelik in hierdie posisies aangestel. Nóg 'n belangrike leierskapsverwikkeling is dat die Visekanselier, dr Theuns Eloff, se tweede ampstermyn as hoof van die Universiteitsbestuur 'n aanvang geneem het.

Uit die Universiteit se prestasie tydens 2009 is dit duidelik dat die NWU goed op pad is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word wat sy kundigheid op 'n innoverende wyse implementeer.





# Executive summary

---

In 2009, the NWU was again named the best-governed university in South Africa. It achieved this distinction by winning the PricewaterhouseCoopers Higher Education Excellence Award for Corporate Governance. This award, which the NWU has won for three consecutive years, reflects the University's insistence on doing the right things, in the right way, for the right reasons.

More evidence of the NWU's ability to apply the highest standards came during the quality audit conducted by the Higher Education Quality Committee. The panel that performed the audit in March 2009 had high praise for some of the University's quality assurance mechanisms, especially its information technology and financial management systems.

Although 2009 was a difficult year for the economy, which was feeling the effects of the global recession, the NWU succeeded in posting a modest financial surplus. This is the sixth year in a row that the University has achieved a surplus, underlining the culture of prudent financial management to which Council and Management are committed.

This climate of stability also permeated the University's academic operations. Teaching-learning activities proceeded smoothly throughout the year, which culminated in improved student success rates.

The undergraduate pass rate improved from 81,2% in 2008 to 83,6% in 2009, and the graduation rate was 26%. In all, the NWU conferred 13 445 degrees and diplomas in 2009, which was just over 8% more than in the previous year.

A total of 50 589 students were enrolled with the NWU in 2009, of whom 53% were contact students and 47% distance education students.

The success and wellbeing of all these students were at the centre of the NWU's efforts

to provide the best possible learning environment. To assist financially needy students, the University administered student bursaries and loans to the value of R271 million.

Significant investments were also made in improving the quality of student life by constructing or renovating academic buildings, student residences, sports facilities and computer centres, among others. In total, the NWU spent R134,7 million on capital projects during 2009, mostly on infrastructure for students, academic facilities and research laboratories and equipment.

Another highlight was the sustained improvement in research output, which increased by 10% overall. This included a significant increase in the number of rated researchers, from 103 to 116, along with an 18% rise in doctoral degrees awarded and an 11,5% increase in master's degrees conferred.

The ongoing success of the NWU's core business – teaching-learning, research and the implementation of expertise – has positioned the University to attract top academic and leadership talent. During 2009, the NWU inaugurated Kgosi Leruo Tshakedi Molotlegi, King of the Royal Bafokeng Nation, as its second Chancellor.

Other top positions filled were the rectorships of the Potchefstroom Campus and the Vaal Triangle Campus, to which Prof Herman van Schalkwyk and Prof Thanyani Mariba, respectively, have been appointed.

In another critical leadership development, the Vice-Chancellor, Dr Theuns Eloff commenced his second term of office at the helm of the University's Management.

Based on the all-round performance of the University in 2009, it is clear that the NWU is well on its way towards becoming a balanced teaching-learning and research university that implements its expertise in an innovative way.

The University has strengthened its position as one of South Africa's best-managed institutions of higher learning, with an enviable corporate governance record, strong student growth, good academic results and continued financial stability.

# Kgutsufatso ya Phethahatso

Univesithi e matlafaditse boemo ba yona jwalo ka e nngwe ya ditheho tse laolwang ka bokgabane tsa Afrika Borwa tsa thuto e phahameng, ka rekoto e kgahlisang ya puso ka kopanelo, kgolo ya baithuti e matla, diphetho tsa akademi tse ntle le botsitso ba ditjhelete bo tswelliswang.

**Ka 2009, Univesithi** e ile ya boela ya bitswa univesithi e buswang hantle ka ho fetisisa Afrika Borwa. E fihleletse thoholeto ena ka ho fumana tlhoho ya PricewaterhouseCoopers Higher Education Excellence Award bakeng sa Puso ka Kopanelo. Kgau ena, eo Univesithi e e hlotseng nakong ya dilemo tse tharo tse hlhlahamanang, e bontsha tsitlallelo ya Univesithi ya ho etsa dintho tse nepahetseng, ka tsela e nepahetseng, mabakeng a nepahetseng.

Bopaki bo bong hape ba bokgoni ba univesithi ba ho sebedisa maemo a phahameng bo bonahetse nakong ya tlhahlobo ya boleng ba dibuka e neng e etswa ke Komiti ya Boleng ba Thuto e Phahameng. Lemulwana le neng le etsa tlhahlobo ya dibuka ka Tlhakubele 2009 le babaditse haholo e meng ya mekgwa ya netefatso ya boleng ya Univesithi, hahohololo mekgweng ya yona ya theknoloji ya lesedi le taolo ya ditjhelete.

Le ha 2009 e ne e le selemo se boima bakeng sa ikonometri, e neng e thefutswe ke ditlamorao tsa reseshene ya lefatshe ho potoloha, Univesithi ya Leboya Bophirima e ile ya atleha ho bontsha masalla a ditjhelete a imametseng. Sena ke selemo sa botshelela ka ho latelana moo Univesithi e ileng ya fihlella masalla a ditjhelete, a totobatsang moetlo wa kelohlolo taolong ya ditjhelete oo Lekgotla le bolaodi ba itlammeng ka ona.

Boemo bona ba botsitso bo keneletse le tshetsong tsa akademi tsa Univesithi. Mesebetsi ya ho ruta- ho ithuta e ile ya tswela pele habobebe selemo ho pota, hoo e ileng ya qetella ka sekgahla sa katleho ya moithuti se ntlafatseng. Boemo ba katleho dithutong ba baithuti ba so kerajueiting bo ntlafetse ho tloha ho 81,2% ka 2008 ho isa ho 83,6% ka 2009, mme boemo ba kerajueishene e ne e le 26%. Ka hohle, Univesithi ya Leboya Bophirima e apesitse dikerii le dipoloma tse 13 445 ka 2009, ho bileng ka hodimonyana ka 8% ho feta selemong se fetileng.

Palohohle ya baithuti ba 50 589 ba ngodisitswe le Univesithi ka 2009, bao ho bona 53% e neng e le baithuti ba ithutang ka kamano (contact) mme 47% e le baithuti ba thuto ya bohole (sebakana). Katleho le bophelo bo botle ho baithuti bana kaofela e ne e le ntlhakgolo ya boiteko ba Univesithi ya Leboya Bophirima

ho fana ka maemo a ho ithuta a matle a loketseng. Ho thusa baithuti ba hlokang thuso ya ditjhelete, Univesithi e ile ya laola dibasari le dikadimo tsa ditjhelete tsa baithuti tsa boleng bo kaaka dimilijone tse R271.

Dipolokelo tsa tjhelete tse ikgethang le tsona di ile tsa etswa ho ntlafatsa boleng ba maphelo a baithuti ka ho aha le ho ntjhafatsa, hara tse ding, meaho ya akademi, bodulo ba baithuti, dibaka tsa dipapadi le disenthara tsa dikhomputara. Ka palohohle, Univesithi e sebedisitse dimilijone tse R134,7 diprojekeng tsa matlotlo nakong ya 2009, hahohololo meralong/metheong bakeng sa baithuti, dibakeng tsa akademi le dilaborating tsa dipatlisiso le thepa.

Tlhakiso e nngwe ke ya ntlafatso e tshwarrelletseng diphethong tsa dipatlisiso, e ileng ya eketseha ka hohle ka 0%. Hona ho akareditse ho eketseha ho ikgethileng ha palo ya babatlisisi (researchers) ba lekotsweng, ho tloha ho 103 ho isa ho 116, hammoho le ho phahama ha 18% ha dikrii tsa bongaka tse fumantsweng le ho eketseha ha 11,5% ha dikrii tsa mastase tse apesitsweng.

Katleho e tswetseng pele ya tshebetso e ka sehloohong ya Univesithi – ho ruta-ho ithuta, dipatlisiso le phethahatso ya boitsebelo – e behile Univesithi boemong ba ho hohela talente tse hodimodimo tsa akademi le boetapele. Ka 2009, Univesithi ya Leboya Bophirima e ile ya hlomamisa Kgosi Leruo Tsheledi Molotlegi, Morena wa Setjhaba sa Borena sa Bafokeng, jwalo ka Mokanseliri wa bobedi. Maemo a mang a hodimo a ileng a tlatswa e bile a boreketoro ba Potchefstroom Campus le ba Vaal Triangle Campus, moo ho ileng ha kgethwa Prof Herman van Schalkwyk le Prof Thanyani Mariba, ka ho latelana. Ntshetsopeleng e nngwe e hlokolosi, Motlatsa Mokanseliri Dr Theuns Eloff o ile a qala nako ya tshebetso ya bobedi ya hae a kganna lebedi la bolaodi ba Univesithi.

Ho itshetlehilwe tshetsong yohle ya Univesithi ka 2009, ho bonahala hantle hore Univesithi ya Leboya Bophirima e tseleng ya yona ya ho ba univesithi e tsitsitseng ya ho ruta-ho ithuta le dipatlisiso, e phethahatsang boitsebelo ba yona ka tsela e ntjhafetseng.





# Tshobokanyo ya Khuduthamaga

**Ka 2009 YBB** e biditswe leina gape go nna Yunibesiti e e laotsweng go feta tsotlhe ka mo Aforikaborwa. Kabelo e e amogetswe ka e biditswe leina gape go fenya Kabelo ya PriceWaterhouseCoopers ya Boitseanape mo Taolong ya Korporatifi mo Thutogodimong. Kabelo e, e e fentsweng ke YBB dingwaga tse tharo di latelane jaanong, e bontsha gore Yunibesiti e na le maikaelelo a go dira dilo sentle, ka mokgwa o o siameng le ka mabaka a a siameng.

Bopaki bo bongwe jwa gore YBB e dirisa maemo a a kwa godimo bo tlile ka nako ya thuno ya boleng e e dirilweng ka HEQC. Panele e e dirileng thuno ka Mopitlwe 2009 e ne e tlotla thata dithulaganyo tsa Yunibesiti tsa go tlhomamisa le go tshegetsa boleng, thata tshedimose tso ya thekenoloji le dithulaganyo tsa go laola ditšhelete.

Le fa ngwaga ya 2009 e ne e le ngwaga e e thata ka mo ikonoming mme re ileng ra utlwa le rona ditlamorago tsa risešene, YBB e ile ya kgona go bona lefetiso le le bonagalang. Ngwaga e ke ngwaga ya borataro ya gore Yunibesiti e bone lefetiso mme se se netefatsa setso sa go laola ditšhelete ka maatla mme le mo go se go na le boineelo jwa Khansele le balaodi.

Tlalaemete e e bontshang tsetsepalo e bonagetse le ka mo ditirong tsa akatemi tsa Yunibesiti. Ditiro tsa go Ruta le go ithuta di tsweletse ka go relela fela ngwaga yotlhe mme se se feletse se tlisitse palo e e tokafatseng ya baithuti ba ba bonang katlego. Palo ya baithuti ba pele ga didikerii ba ba fetileng e tokafetse go tswa go 81,2% ka 2008 go 83,6% ka 2009, mme palo ya baamogeladidikerii e ne e le 26%. Mo go gotlhe, YBB e ile ya abela didikerii le didipoloma di le 13 445 ka 2009 mme koketso e ne e le 8% mo godimo ga palo ya ngwaga e e fetileng.

Palo ya baithuti ba ba ikwadisitseng mo YBB ka 2009 e ne e le 50 589 mme mo go bone go ne go na le ba mo dikhamphaseng ba ba 53% mme ba ba 47% ba ne ba le ba kwa kgakala.

Katlego le tshiamo ya baithuti ba botlhe e ne e le tirokgolo le maikaelelo a ditiro tsa YBB go

ba fa tikologo ya go ka ithutela mo go yone e e botoka go feta. Go ema nokeng baithuti ba ba tlhokang madi, Yunibesiti e ile ya tsamaisa dibasari le dikadimo tsa baithuti tsa palo ya diranta di le dimilione di le R271. Ditsadiso tse dingwe tse di kgolo di dirilwe le tsone go tokafatsa boleng jwa bophelo jwa baithuti ka go aga le go baakanya dikago tsa akatemi, marobalo a baithuti, mabala a metshameko, disenthara tsa baithuti le tse dingwe. Fa go balwa gotlhe YBB e e ile ya dirisa diranta tsa dimilione di le R134,7 mo diporojekeng tsa kapetlele ka 2009 mme thata bontsi bo dirisitswe mo dithulaganyetsong tsa baithuti, tsa akatemi le mo dilaboratoriamong le mo didirisong tsa patlisiso.

Ntlha e nngwe e e maemo ke tokafatso e e tswelelang ya ntshetsontle ya patlisiso e e oketsegileng ka 10% gotlhegotlhe. Mo koketsong e go na le koketso e kgolo ya palo ya babatlisisi ba ba atlhotsweng go tswa go 103 go 116 le gape koketso ya didikerii tsa PhD tse di abetsweng ya 18% le koketso ya 11,5% ya di-MA tse di abetsweng.

Katlego e e tswelelang ya tirokgolo ya YBB – go ruta le go ithuta, patlisiso le tlhomelo ya boitseanape – e dirile gore Yunibesiti e goge ditalente tsa baakatemi le baeteledipele ba maemo a a kwa godimo. Ka 2009, YBB e ile ya tlhomela Kgosi Leruo Tshekedi Molotlegi, Kgosi ya Setšhaba sa Bogosi sa Bafokeng, go nna Mokanseliri wa bobedi wa YBB. Diphatlhatiro tse dingwe tse di kwa godimo tse di ileng tsa tladiwa le tsone ke bareketoro ba dikhamphase tsa Khamphase ya Potchefstroom, Mop Herman van Schalkwyk le Mop Thanyani Mariba kwa Khamphaseng ya Khutlotharo ya Lekwa. Le gape mo tlhabololong e nngwe e e botlhokwa, ke thapo ya Motlatsamokanseliri, Ngk Theuns Eloff, go simolola nako ya thapo ya bobedi mo ofising le go etelela pele taolo ya Yunibesiti.

Fa re lebelela tiro yotlhe ya Yunibesiti ka 2009 go bonagala ka nnete gore YBB e tlhamaletse mo tseleng ya yone go nna yunibesiti e e nang le tekatekano magareng a go ruta le go ithuta le go batlisisa le go tlhomela boitseanape ka mokgwa wa poposešwa.

Yunibesiti e ile ya tiisa maemo a yone mo Aforikaborwa go nna e nngwe ya ditheo tsa thutogodimo e e laotsweng go feta tsotlhe ka rekoto ya taolo ya korporatifi e e ka elelwang fela le ka palo ya baithuti e e goletseng pele, diphetho tsa akatemi le tlhomamo mo go tsa ditšhelete e e tswelelang.




'n Opregte begeerte om jou doelwit te bereik is die belangrikste bestanddeel van sukses.

– MNR PEET VAN DER WALT, VOORSITTER VAN DIE RAAD



# OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR

Institusionele hoogtepunte	10
Samestelling van die Raad	12
Boodskap van die Kanselier	18
Verslag van die Voorster van die Raad	20
Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur	22
Senaatsverslag	34
Verslag van die Institusionele Forum	48



# Institusionele hoogtepunte



'n Industriëleteater-vertoning met Tina Turner-, Stevie Wonder- en Mozart-dubbelgangers is in 2009 op al drie kampusse op die planke gebring om die NWU-gemeenskap meer bewus te maak van diversiteit en om interkulturele begrip te bevorder.

- ❑ Die Universiteit is vir die derde jaar agtereenvolgens deur PricewaterhouseCoopers as die **bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika** aangewys. Die aankondiging dat die NWU die Korporatiewe Bestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoëronderdig vir 2009 gewen het, is in Augustus 2009 by 'n hoër-owerwyskonferensie gemaak.
- ❑ Die NWU het onlangs die eerste Suid-Afrikaanse universiteit geword om 'n **interne Leierskapsakademie** te ontwikkel om bestuurders se bevoegdheid te ontwikkel. Dit is deel van die Universiteit se verbintenis tot doeltreffende, volhoubare bestuurspraktyke. Ongeveer 35 NWU-leiers, insluitende leiers van die Institusionele Bestuur en kampusrektore, het die Akademie se eerste werkswinkel in Januarie 2009 bygewoon.
- ❑ In nog iets nuuts vir die Universiteit het die Taaldirekoraat en die Dowe Federasie van Suid-Afrika (DeafSA) saamgewerk om twee kursusse vir **Gebaretaalolke** aan te bied. Tolke uit vyf provinsies, insluitende Limpopo, die Wes-Kaap en die Vrystaat het die kursusse in Augustus 2009 bygewoon.
- ❑ Gedurende die jaar het die Universiteit 'n ooreenkoms onderteken met ISIS, die **Tegnologie-oordragmaatskappy van Oxford-universiteit**, om behulpsaam te wees met die kommersialisering van patente. In die bevordering en beskerming van sy intellektuele eiendom is die NWU een van Suid-Afrika se mees aktiewe en doeltreffende universiteite. Die ooreenkoms met Oxford-universiteit se ISIS posisioneer die instelling om sy tegnologieë in die wêreldwye arena te bemark.
- ❑ Die NWU het nader beweeg aan die teiken dat 14% van alle akademiese personeel teen 2010 deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer moet wees en het 2009 met 116 **gegradeerde navorsers** afgesluit. Nog 'n prestasie in die strewing om navorsingskapasiteit te bou, was die styging van 46% (2008) tot 47% (2009) in akademiese personeel met doktorsgrade.
- ❑ Die NWU het goed presteer tydens die **Institusionele Oudit** wat in Maart 2009 deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) uitgevoer is. Hoewel die finale verslag eers in 2010 verwag word, het die paneel in hul mondelinge terugvoeringsessie optimisme uitgespreek oor die strategieë en kwaliteitsversekeringsmeganismes wat by die NWU in plek is. In die besonder het die paneel die Universiteit vir hul finansiële bestuur, inligtingstegnologiestelsels en modelle vir afstandsonderdig en navorsingsentiteite geprys.
- ❑ Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, is in Julie 2009 tot **Voorsitter van die Association of Commonwealth Universities, (ACU)** verkies, nadat hy die vorige twee jaar as Ondervoorsitter van daardie liggaam gedien het.
- ❑ Kgosi Leruo Tshakedi Molotlegi, koning van die Koninklike Bafokeng-stam, is op 17 September 2009 as die tweede **Kanselier van die NWU** ingehuldig. Dr Theuns Eloff is by dieselfde geleentheid vir sy tweede termyn as Visekanselier bevestig.

- ❑ In Julie 2009 het die NWU 'n **deurbraaknavorsingsooreenkoms** met die Sasol Tegnologie-maatskappy vir navorsings-, opleidings- en ontwikkelingsinisiatiewe in ingenieurswese en die natuurwetenskappe onderteken. Die ooreenkoms laat die Universiteit sowel as Sasol Tegnologie toe om projekte te identifiseer na gelang die behoefte ontstaan en baan die weg vir selfs groter samewerking in die toekoms.
- ❑ Die NWU het **ononderbroke akademiese aktiwiteite** en stabiliteit op al drie kampusse gedurende 2009 geniet, 'n weerspieëling van die poging wat deur Bestuur en studenteiers aangewend is om by mekaar betrokke te wees en potensiële konflik deur doeltreffende tweerigtingkommunikasie op te los.
- ❑ Alle belanghebbendes is by kwessies van **transformasie en sosiale kohesie** betrek. Om interkulturele begrip op al drie kampusse te bevorder, het die NWU 12 industriëleleerders-sessies vir personeel aangebied, wat die rol van diversiteit in die stimulering van innovasie uitgelig het.
- ❑ Die **Potchefstroomkampus het sy 140-jarige herdenking** gedurende September 2009 gevier. In 2010 sal die NWU in die geheel sy sesde verjaardag vier.
- ❑ Laat in 2009 het die **nasionale sokkerspan van Spanje** bevestig dat die NWU se Potchefstroomkampus gedurende 2010-Wêreldbekertoernooi hulle tuisbasis sal wees. Hulle sal in die NWU se nuwe NW-PUK **Sportdorp** tuis gaan, 'n viersterfasiliteit wat ongeveer 160 mense kan akkommodeer.
- ❑ Ten spyte van die ekonomiese resessie het die Universiteit weer 'n **finansiële surplus** opgelewer, en sodoende sy goeie naam vir sterk finansiële bestuur gestand gedoen. Die NWU het elke jaar sedert die samesmelting in 2004 bedryfsurplusse opgelewer.
- ❑ Vir die eerste maal sedert die middel-1990's het die NWU befondsing vir



Kgosi Leruo Molotlegi, Koning van die Koninklike Bafokeng-stam, is as tweede Kanselier van die NWU ingehuldig. Hier is hy saam met mnr Peet van der Walt, Voorseter van die Raad.



In 2009 het die NWU vir die derde jaar agtereenvolgens PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe Bestuur-toekening vir Uitnemendheid in Hoëronderrig verower.

**infrastruktuurontwikkeling** van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) vir die tydperk 2010 tot 2011 ontvang. Volgens die ooreenkoms met die DHOO sal die Universiteit ongeveer R60 miljoen uit eie fondse bydra om die R212 miljoen vanaf die Departement te komplementeer.

- ❑ Totale **navorsingsuitsette** word geraam op 'n rekord 1 190. Dit sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels).
- ❑ Nog 'n hoogtepunt is die verbeterde **studentesukseskoerse** – die voorgraadse sukseskoerse was 83,6% en die deurvloeikoerse was 26%.

# Samestelling van die Raad

Die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die Universiteit toepaslik is. Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie studente of in diens van die NWU nie.

DIE SAMESTELLING VAN DIE RAAD SOOS OP 31 DESEMBER 2009 WAS:



**Voorsitter:**  
Mnr PJ van der Walt  
(lid van die private sektor)



**Ondervoorsitter:**  
Dr SD Mthembu-Mahanyele  
(ministeriële aanstelling)

## □ Aanstellings deur die Minister van Onderwys



**Me NML Letlape:**  
BA in Openbare en Private Bestuur en HonsBA in Openbare Korporatiewe Bestuur (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.



**Mnr OJJ Tabane:**  
BA (Universiteit van die Noorde), BProc (Universiteit van die Wes-Kaap), MPhil (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit); aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2008 tot 2012.



**Dr SD Mthembu-Mahanyele:**  
BA en Onderwysdiploma (Universiteit van die Noorde), Nagraadse Diploma in Finansiële Ekonomie (London School of Economics); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.



**Mnr NM Fuzani:**  
BA (Universiteit van Kaapstad); aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2008 tot 2012.

## ❑ Lede uit die private sektor



**Mnr PJ van der Walt:**  
GR(SA) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Sosiale Wetenskappe (HEC School of Management, Parys), AMP (Templeton College, Oxford); verkies vir 'n vyfjaartermyn, van 2006 tot 2011.



**Dr C Reinecke:**  
DSc in Chemie (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MBL (UNISA); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Dr JJ van Zyl:**  
DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2011.



**Mnr T Makubire:**  
MSc (Universiteit van Berlyn); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.

## ❑ Lede aangewys deur die gemeenskap



**Me H Rupert-Koegelenberg:**  
BMus (cum laude), BMusHons (cum laude) (Universiteit Stellenbosch), Fellowship of the Trinity College of Music (London) (met onderskeiding), Licentiate of the Royal Schools of Music UK (met onderskeiding), Onderwyserslisensiaat in Musiek (met onderskeiding) (UNISA); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.



**Mnr TJS Thabane:**  
Sekondêre Onderwysdiploma (Vista-universiteit); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.



**Dr DG Breed:**  
BA, ThB, ThM (cum laude) en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.



**Mnr S Mohapi:**  
Gegradueerde van die Effektebeurskollege (SA), Diploma in Beleggingsbestuur (Randse Afrikaanse Universiteit), Sertifikaat van Bevoegdheid (Boedelbeplanning en -administrasie), Gekwalifiseerde Assesseeerder en Fasiliteerder (ETDP SETA), Nagraadse Diploma in Maatskappyleiding(NKR7) (Nagraadse Instituut vir Bestuur en Tegnologie in samewerking met die Instituut van Direkteure); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.

## ❑ Lede aangewys deur die Konvokasie



**Mnr PJW Buys:**  
BAHons (Randse Afrikaanse Universiteit); aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Dr FJ Kok:**  
MA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); DPhil (Universiteit van Stellenbosch); vierjaartermyn, aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Adv JSM Henning, SC:**  
BJuris en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); heraangestel vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.



**Dr D Hermann:**  
BA Regte, BAHons in Bedryfsigiologie, BAHons in Bedryfsosiologie, MA in Bedryfsosiologie (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), PhD (Noordwes-Universiteit), Nagraadse Diploma in Arbeidsreg (Randse Afrikaanse Universiteit); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.

## ❑ Lede met spesiale kundigheid



**Me M Claassens:**  
BCom Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), BCom Hons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), GR (SA), Hoë Diploma in Maatskappyreg, Universiteit van die Witwatersrand; vir 'n driejaartermyn van 2009 tot 2012 aangewys.



**Me I Poee:**  
BA (Universiteit van Bophuthatswana), Diploma in Toerisme en Bemakingsbestuur (Oostenryk); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.

As ons na 2009 terugkyk, is die **drie prestasies** wat die meeste uitstaan die Universiteit se rekord van **korporatiewe bestuur, finansiële prestasie** en **akademiese resultate**.

## ❑ Interne lede Lede van die Bestuur



**Dr T Eloff:**  
(Visekanselier): BJuris (Econ), ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); ex officio-lid.



**Dr MN Takalo:**  
(Adjunkhoof): BA en BEd (Universiteit van die Noorde), MA (Boston Universiteit); EdM en EdD (Universiteit van Columbia); ex officio-lid.

**Kgosi Leruo Molotlegi**, koning van die Koninklike Bafokeng-stam, is as die **tweede Kanselier** van die Noordwes-Universiteit **ingehuldig**.

## ❑ Interne lede Lede van die Senaat



**Prof TC Rabali:**  
BA (UNISA), ThB en ThM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); DTh (UNISA); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Prof MW Lumadi:**  
STD (VECO), FDE (Randse Afrikaanse Universiteit), BA (UNISA), BEdHons (Witwatersrandse Universiteit), BAHons (UNISA), MEd (Universiteit van Johannesburg), MAdmin(MHB) (Noordwes-Universiteit), MA (Universiteit Stellenbosch), DEd (UNISA), DD (Kalifornië VSA); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.



**Prof J Swanepoel:**  
BA, BAHons, MA, LLB, DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.



**Prof JJ Janse van Rensburg:**  
BA, BAHons in Grieks, MA in Grieks, ThB en ThM in Nuwe Testament, ThD in Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2009 tot 2013.

☐ **Lede wat ander akademiese personeel verteenwoordig**



**Prof C de W van Wyk:**  
DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2007 tot 2011.



**Prof E van der Schyff:**  
BA LLB, LLM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLD (Noordwes-Universiteit); verkies vir 'n vyfjaartermyn, van 2007 tot 2012.

☐ **Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig**



**Prof MM Verhoef:**  
Hoërondewysdiploma, Hoër Diploma in Biblioteekwese en PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n vyfjaartermyn, van 2007 tot 2012.



**Prof A Lourens:**  
BScHons in Wiskundige Statistiek (Universiteit van Pretoria), MSc in Wiskundige Statistiek (Universiteit van Pretoria), PhD (Universiteit van Pretoria); aangewys vir 'n vierjaartermyn, van 2009 tot 2013.

■ Die Raad **waardeer** die **steun** en **toewyding** wat die NWU se Bestuur en personeel regdeur 2009 getoon het.



– MNR PEET VAN DER WALT, VOORSITTER VAN DIE RAAD

☐ **Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)**

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2009 ampte beklee:



**Mnr P Lethobeng:**  
LLB (tans) (Noordwes-Universiteit, Mafikeng-kampus).



**Me A Croucamp:**  
BEd en Honneurs in Bedryfspsigologie (Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus).



**Mnr S Mbatha:**  
BCom (Internasionale Handel en Bemarking) en Honneurs in Ekonomie (tans) (Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoek-kampus).



## ❑ **Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)**

Vanaf November 2009 het die volgende IVSR-lede in die Raad gedien:



**Me A Croucamp:**  
BEd en Honneurs in Bedryfopsigologie, Meesters in Opvoedkundige Bestuur (tans) (Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus).



**Mnr E Khokhong:**  
LLB, LLM in Arbeidsreg (tans) (Noordwes-Universiteit, Mafikengkampus).



**Mnr N Mashinini:**  
BA, Honneurs in Ontwikkeling en Bestuur, Meesters in Ontwikkeling en Bestuur (tans) (Noordwes-Universiteit, Vaaldriehoek-kampus).



## ❑ **Sekretaris van die Raad**



**Prof NT Mosia:**  
BA, BAHons en Diploma in Universiteitsonderrig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State University), PhD (Universiteit van Pretoria), MCSSA.



## ❑ **Uittredende Raadslede in 2009**

**Lede aangewys deur die Konvokasie**  
Prof LA van Dyk: 8 Augustus 2006 tot 7 Augustus 2009.

**Lede met spesiale kundigheid**  
Mnr T Mokgatla: 11 Februarie 2008 tot 12 Maart 2009.

**Lede van die Senaat**  
Prof A le R du Plooy: 8 Augustus 2006 tot 7 Augustus 2009.  
Prof F Venter: 8 Augustus 2006 tot 7 Augustus 2009.

**Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig**  
Prof AS Coetzee-Van Rooy: 27 Februarie 2007 tot 2 Januarie 2009.



Kgosi Leruo Molotlegi

## Boodskap van die Kanselier

Een van my trotsste oomblikke van 2009 was die aanvaarding van die eer om die tweede Kanselier van die Noordwes-Universiteit te word. As iemand wat sterk glo in die waarde en belangrikheid van tersiêre onderrig in Suid-Afrika is dit vir my 'n voorreg om in hierdie hoedanigheid dié groot instelling te dien.

**Die jaar 2009** was weer eens 'n rekordjaar vir die Universiteit, met meer as 5 000 eerstejaarstudente wat hul akademiese loopbaan op ons drie kampusse begin het.

Die Mafikengkampus het 1 253 eerstejaarstudente verwelkom, vergeleke met 1 146 die vorige jaar. Die getal eerstejaarstudente op die Vaaldriehoekskampus het van 672 in 2008 tot 929 in 2009 gestyg. Die Potchefstroomkampus, wat uit sy nate gebars het, het altesaam 3 770 eerstejaarstudente verwelkom, vergeleke met die 3 300 van die vorige jaar.

Hierdie getalle weerspieël ons aspirasie as 'n universiteit dat studente spesifiek kies om by die NWU in te skryf (eerder as dat hulle bloot outomaties hier inskryf), op grond van ons filosofie dat ons studente die middelpunt van ons pogings uitmaak.

Om die sukses van hierdie pogings te verseker, moet ons by die hele Suid-Afrikaanse onderwysstelsel betrokke wees, vanaf vroeë kinderonderdig opwaarts. Sonder uitnemendheid op elke vlak van ons stelsel kan ons nie hoop om goed voorbereide nuwe inskrywings by ons universiteite te hê nie.

Gedurende 2009 het die ampstermyne van twee van die kampusrektore, prof Annette Combrink (Potchefstroomkampus) en prof Piet Prinsloo (Vaaldriehoekskampus), verstryk. Ek wil graag my hartlike waardering teenoor

hierdie twee vermaarde vakkundiges vir hul toewyding en lang diens aan die Noordwes-Universiteit betuig.

Terselfdertyd het ons die twee nuwe rektore, prof Thanyani Mariba op die Vaaldriehoekskampus en prof Herman van Schalkwyk op die Potchefstroomkampus, verwelkom. Waar ons daarna streef om bekend te raak as 'n instelling wat wêreldklasnavorsing prioritiseer, maak ons staat op die voorbeeld wat deur ons akademiese leierskap gestel word, en op die innoverende en opwindende werk wat deur ons junior akademiese personeel gelewer word.

Ons besef van ons plek as 'n universiteit het ook 'n kwantsprong gemaak deur 'n aantal infrastruktuurprojekte wat in 2009 onderneem is.

Op die Mafikengkampus het hierdie projekte 'n nuwe studentesentrum ingesluit wat in Oktober 2009 voltooi is, 'n kantoorblok vir Dieregesondheid en die opgradering van bestaande koshuise.

Op die Potchefstroomkampus is nie net twee dameskoshuise nie, maar ook die Chemie- en Biochemie-gebou opgegradeer en het die Fakulteit Teologie uiteindelik in hul eie gebou ingetrek.

Die jaar 2009 was ook die begin van 'n opwindende projek om die sportfasiliteite

Om die **sukses** van ons pogings te verseker, moet ons by die hele Suid-Afrikaanse **onderwysstelsel** betrokke wees, vanaf vroeë kinderonderrig opwaarts. Sonder **uitnemendheid** op elke vlak van ons stelsel kan ons nie hoop om **goed voorbereide nuwe inskrywings** by ons universiteite te hê nie.

– KGOSI LERUO MOLOTLEGI, KANSELIER

op hierdie kampus te verbeter. In Augustus 2009 het die NWU begin om die NWU-PUK Sportdorp te bou, wat bestaan uit akkommodasie-eenhede, 'n sentrale restaurant, en 'n mediese en konferensieblok. Die Spaanse span sal tydens hul voorbereiding vir die FIFA 2010-Wêreldbeker in hierdie viersterkompleks tuisgaan en dit as hul opleidingsbasiskamp gebruik. Daarna sal dit akkommodasie bied aan atlete wat by die Universiteit oefen.

Benewens opgradering van nie-kampuskoshuise op die Vaaldriehoekskampus het hierdie kampus ook 'n splinternuwe gebou bygekry wat spog met twee lesingsale met 320 sitplekke elk, en vier met 200 sitplekke elk.

Hierdie verbeterings getuig van die NWU se vasbeslotenheid om omvattend in studentefasiliteite en infrastruktuur te belê, met die doel om die beste moontlike leer- en ekstrakurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede vir studente op alle kampusse te bied.

Hierdie drie kampusse maak een universiteit uit, kragtig verbonde tot die waardes wat ons verenig, ons dryf en ons definieer, terwyl ons 'n gemeenskaplike toekoms tegemoetgaan. Ongeag of ons ons tyd op die Mafikengkampus, die Vaaldriehoekskampus of die Potchefstroomkampus deurbring, ons is een universiteit, en hierdie universiteit is ons s'n om te beskerm en te bevorder, en om dit as 'n sterker instelling aan andere na te laat as toe ons vir die eerste keer daarmee kennis gemaak het.

Ek weet ek deel baie mense se doelwit om die groot potensiaal van hierdie universiteit te help verwezenlik, en ek sien daarna uit om deel te wees van al die uitdagings en prestasies wat ons universiteitsgemeenskap in die komende jaar sal deel.

**KGOSI LERUO MOLOTLEGI**

KGOSI LERUO MOLOTLEGI  
KANSELIER



Mnr Peet van der Walt

## Verlag van die Voorsitter van die Raad

Die NWU is 'n universiteit wat onverbiddelek by die regte prosesse hou en op hierdie wyse by die beoogde resultate uitkom. Ongeag of dit die vulling van sleutelposte, toesig oor die instelling se begroting en finansiële bestuur of die hou van 'n Raadsvergadering is, dit is vir ons belangrik om behoorlike prosedure te volg, sonder kortpaaie.

**Hierdie nougesetheid is** een van die redes hoekom die NWU as Suid-Afrika se voorste universiteit vir korporatiewe bestuur gereken word, en ook hoekom ons steeds finansiël en bedryfsmatig effektief is.

As ons na 2009 terugkyk, is die drie prestasies wat die meeste uitstaan die Universiteit se rekord van korporatiewe bestuur, finansiële prestasie en akademiese resultate.

Studenteslaagkoerse het verbeter, navorsings-uitset is verhoog en daar was stabiliteit op al drie kampusse regdeur die jaar, met geen onderbrekings in akademiese aktiwiteite nie. Ons is dankbaar vir hierdie stabiliteit, wat toegeskryf kan word aan verbeteringe in studenteadministrasieprosesse, insluitende registrasie, en konstruktiewe bemoeienis met studente.

Die Universiteit het regdeur die jaar op tweerigtingkommunikasie tussen Bestuur en die studenteierskap gefokus, aangesien ons oortuig is dat so 'n strategie die kwaliteit van wisselwerking kan verbeter.

Die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) se kwaliteitsoudit, wat in Maart 2009 uitgevoer is, het goed verloop, danksy drie jaar se sorgvuldige beplanning en voortdurende verbetering in kwaliteitsprosesse. Saam met al die ander groepe belanghebbendes is daar gedurende die oudit met Raadslede onderhoude gevoer.

Die NWU het 'n baie gebalanseerde verslag van die HOKK-paneel ontvang. In hierdie verslag het hulle verbeterings in ons kwaliteitsprosesse aanbeveel, wat besig is om geïmplementeer te word. In die geheel bevestig die verslag die doeltreffendheid van die NWU se kwaliteitsprosesse en word ons daarvoor geloof. Die Raad het besluit om seker te maak dat niks van die momentum wat in die voorbereiding vir die oudit verkry is verlore gaan noudat die kwaliteitsoudit afgehandel is nie.

Op die gebied van korporatiewe bestuur is die NWU as die Suid-Afrikaanse universiteit met die beste korporatiewe bestuur aangewys. Ons het vir die derde jaar agtereenvolgens PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe Bestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys verower. Hierdie prestasie toon die aandag wat geskenk word aan die nakoming van behoorlike prosedure in alle aspekte van die Universiteit se besigheid, asook 'n duidelike begrip van die kant van die Raad en Bestuur wat betref hul onderskeie rolle.

Die Raad doen nie mikrobestuur nie, maar hou Bestuur aanspreklik deur gereelde verslagdoening en prestasieooreenkomste. Hierdie ooreenkomste is vir almal in plek, tot op die hoogste vlak, met 'n Raadskomitee wat daarvoor verantwoordelik is om die Visekanselier se prestasie te evalueer.

Een van die moeiliker aangeleenthede waarvoor die Raad in 2009 te staan gekom

“Finansieel het die Universiteit goed gevaar **ten spyte van die resessie**. Die ekonomiese situasie het geen **wesenlike impak** op die NWU se inkomste gehad nie, en ons het daarin geslaag om nog ‘n **gesonde surplus** te behaal.”

– MNR PEET VAN DER WALT, VOORSITTER VAN DIE RAAD

het, was hoe om transformasie en sosiale kohesie te verdiep, en om diskriminasie by die NWU uit te skakel ná die verslag deur die ministeriële taakspan wat in die 2008-akademiese jaar ‘n ondersoek by openbare hoëronderwysinstellings uitgevoer het.

Soos ek verlede jaar gerapporteer het, het die Raad met sommige van die ministeriële span se aanbevelings saamgestem, en van ander verskil. Ten einde ‘n omvattende, goed oorwoë reaksie te verseker, het die Raad ‘n NWU-taakspan aangestel om saam met die bestaande Transformasie-Oorsigkomitee van die Raad te werk ten einde kommentaar op die verslag vanuit alle Universiteitstrukture en Raadskomitees te koördineer.

‘n Gekonsolideerde verslag is daarna opgestel, deur die Raad aangeneem en aan die Regering gekommunikeer. Hierdie verslag het aanbevelings bevat vir ingrepe wat sosiale kohesie by die Universiteit kon verbeter, soos die gebruik van industriële teater om personeel vir diversiteitskwessies te sensiteer. Verder sal die NWU in April 2010 ‘n transformasiecolloquium vir alle belanghebbersgroeperinge in die Universiteitsgemeenskap hou.

Ander hoëvlakprosesse waaroor die Raad toesig gehou het, was die aanstelling van die nuwe Kanselier, die heraanstelling van dr Theuns Eloff vir ‘n tweede termyn as Visekanselier en die vulling van twee senior bestuursposte ná die aftrede van die posbekleërs. Nadat die normale aanstellingsprosedure gevolg is, het die Raad die heraanstelling van dr Eloff as Visekanselier vir nog vyf jaar aangekondig en ook die aanstelling van Kgosi Leruo Tshekedi Molotlegi, Koning van die Koninklike Bafokeng-nasie, as NWU-Kanselier, ook vir ‘n termyn van vyf jaar. Die koning is in September 2009 ingehuldig en dr Eloff is tydens dieselfde geleentheid as Visekanselier bevestig.

Twee vakatures in die senior bestuur het ontstaan, wat die aanstelling van nuwe rektore vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus genoodsaak het. Die Raad het ‘n komitee tot stand gebring om oor die aanstellingsproses toesig te hou. Prof Thanyani Mariba is vir

‘n termyn van vyf jaar as Rektor van die Vaaldriehoekskampus aangestel, en prof Herman van Schalkwyk vir ‘n termyn van ses jaar as Rektor van die Potchefstroomkampus.

Finansieel het die Universiteit goed gevaar ten spyte van die resessie. Die ekonomiese situasie het geen wesenlike impak op die NWU se inkomste gehad nie, en ons het daarin geslaag om nog ‘n gesonde surplus te behaal. Die Raad is egter daarvan bewus dat die ekonomie tyd sal neem om te herstel en dat die uitwerking van die afswaai moontlik eers in 2010 duidelik sal word.

Wat die nabye toekoms betref, is die sleuteluitdagings wat die NWU in die gesig staar die handhawing van ons mededingende voor-sprong wat betref korporatiewe bestuur, en om die kernbesigheid te verstewig. Die Raad is deeglik daarvan bewus dat, vir sover dit korporatiewe bestuur betref, ander universiteite nie stilstaan nie en dat daar druk op die NWU is om steeds vooruit te beweeg.

Dieselfde geld vir ons kernbedrywighede. Die Universiteit kan nie bekostig om op sy louere te rus nie en moet gereed wees om voortdurend by veranderende eise in Suid-Afrika aan te pas. Dit is die doel van die Raad se 2020-strategie, wat die oë van die Universiteit ferm op die toekoms gefokus sal hou, en op die belangrikheid daarvan om in veranderende tye relevant te bly.

Die Raad waardeer die steun en toewyding wat die NWU se Bestuur en personeel regdeur 2009 getoon het, en bedank graag die Institusionele Forum en Senaat vir hul gesonde advies oor akademiese, navorsings- en transformasieaangeleenthede. Van my kant is ek dankbaar teenoor my mederaadslede dat hulle altyd die beste belange van die Universiteit op die hart dra.



MNR PJ VAN DER WALT  
VOORSITTER VAN DIE RAAD

# Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur

Die Noordwes-Universiteit (NWU) verbind homself tot die hoogste standaard van dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, regverdigheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, en onderskryf die beginsels soos vervat in die derde King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika.

**Die integriteit van** besluitneming en die korporatiewe bestuur van die Universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemagtigde bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's.

Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die Institusionele Bestuur, en geld vanaf die hoogste vlak tot by die kleinste eenheid. Die Universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van die King-verslae (1994, 2002 en 2009) oor korporatiewe bestuur en aan die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Openbare Hoërondewysinstellings soos op 1 Augustus 2007 gepubliseer.

## Die rol en funksies van die Raad

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die Universiteit volgens die Wet en die Universiteit se Statuut te bestuur. Die Raad van die NWU oefen korporatiewe bestuur uit in ooreenstemming met die NWU se Statuut wat op 8 Augustus 2005 gepubliseer is.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad spesifiek verantwoordelik:

- ❑ Vir die beheer van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waarde-stellings, strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van Bestuur en vestig komitees en, in samewerking met die Senaat, gesamentlike komitees, om te verseker dat die NWU se doelwitte en waardes verwesenlik word;
- ❑ Vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister en met die medewerking en instemming van die Senaat. Die Raad se oogmerk is om 'n beleid te aanvaar wat buigsaam en funksioneel is en taalwanbalanse van die verlede regstel terwyl meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder word.

- ❑ Vir die vestiging van strukture vir die lewering van studentesteundienste, na oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).
- ❑ Daarvoor om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou en regstellende stappe te doen, indien nodig.
- ❑ Delegering van die gesag om personeellede aan te stel, insluitende kampusviserektore, kampusregistrateurs en direkteure, dekane en akademiese direkteure waarvoor daar deur die Statuut voorsiening gemaak word, met dien verstande dat geen persoon gemagtig is om iemand aan te stel wat regstreeks aan so 'n persoon rapporteer nie.

In die uitvoering van hul funksies gedurende 2009, die sesde jaar van funksionering van die NWU, was die Raad steeds bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie. Hierdie redes, waarvan baie in die Institusionele Plan van die NWU geïnstusionaliseer is en deel van die Raad se strategiese beplanning uitmaak, is:

- ❑ Om die gaping tussen 'n historiese wit en 'n historiese swart instelling te oorbrug.
- ❑ Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- ❑ Om die ontwikkeling en voorsiening van 'n omvattende reeks programme moontlik te maak, deur inkorporering van beroepsprogramme (tegnikon-tipe programme) en professionele en algemene (universiteit-tipe) programme in lyn met streeks- en nasionale behoeftes.
- ❑ Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou.
- ❑ Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.
- ❑ Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- ❑ Om volhoubaarheid te bevorder.

Hierbenewens het die Raad die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die voorgesette strategiese rigting van die NWU, goedkeuring van groot ontwikkelings en die ontvang van gereelde verslae van Bestuur oor die daaglikse bedryf van die NWU se besigheid. Die Raad het



gedurende 2009 (Junie en November) twee verslae van die Institusionele Bestuur ontvang.

### Spesifieke lidmaatskap-veranderinge gedurende 2009

In ooreenstemming met die NWU-statuut wat betref die samestelling en lidmaatskap van die Raad is vakatures wat gedurende 2009 ontstaan het, gevul.

Opsommend gestel, het die termyne van vyf Raadslede in Augustus 2009 verstryk, terwyl ander gedurende die jaar bedank het. Twee van die vyf lede wie se termyne verstryk het, is herverkies. Van hierdie vyf lede wie se termyne verstryk het, is een deur die Konvokasie aangewys, terwyl een 'n lid was met spesiale kundigheid, twee uit die geledere van die Senaat aangewys is en een uit die geledere van die nie-akademiese personeel verkies is.

#### ❑ Senaat

Die twee lede wat uit die geledere van die Senaat aangewys was en wie se termyne op 7 Augustus 2009 verstryk het, was prof A le R du Plooy en prof F Venter.

- Prof JJ Janse van Rensburg het prof A le R du Plooy vanaf Augustus 2009 vervang.
- Prof J Swanepoel het prof F Venter vanaf September 2009 vervang.

#### ❑ Konvokasie

- Adv JSM Henning, SC is in Augustus 2009 vir 'n verdere termyn herverkies.
- Dr D Hermann het prof LA van Dyk vanaf Augustus 2009 vervang.

#### ❑ Raad van Donateurs

Ooreenkomstig die reëls erken die Raad maatskappye/instellings as donateurs van die NWU (insluitende die NWU-stigting, wat erken word as 'n "donateur in natura"). Hierdie donateurs word erken as persone/instansies wat gedurende die voorafgaande twee jaar bedrae aan die Universiteit geskenk het wat deur die Raad as beduidend beskou word, of wat ander beduidende bydraes gemaak het om die missie van die NWU te bevorder.

- Mnr T Makubire van PBMR is in Junie 2009 vir 'n verdere termyn herverkies.

Die volledige lidmaatskap van die Raad van Donateurs gedurende 2009 was soos volg:

- Mnr J de Winnaar, ABSA
- Prof CJ Reinecke, Dagbreek Trust
- Mnr A van der Merwe, DM Kisch Incorporated
- Mnr J Kitshoff, Eduloan
- Me Z Mpati, Engen
- Mnr B MacColl, Eskom



- Mnr K Venter, Janssen-Cilag
- Mnr T Makubire (Voorsitter), PBMR
- Mnr R Heydenreich, SASOL
- Mnr S Fourie, Telkom SA
- Dr T Eloff, NWU-Visekanselier
- Prof IJ Rost, NWU-Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- Mnr W Booysen, NWU-Direkteur: Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling

#### ❑ Lede met spesiale kundigheid

Mnr T Mokgatla, wat een van die lede met spesiale kundigheid is, het op 12 Maart 2009 bedank. Hy is vervang deur Me M Claassens, 'n finansiële kundige.

#### ❑ Lede van ondersteuningspersoneel

Prof AS Coetsee-Van Rooy, 'n Raadslid wat deur die nie-akademiese personeel verkies is, het met ingang van Januarie 2009 'n akademiese pos op die Vaaldriehoekskampus aanvaar en moes uit die Raad bedank. Prof A Lourens is verkies om die vakature in hierdie kategorie te vul.

Die volgende NWU-personeellede was tydens 2009 nie-stemgeregtigde lede van die Raad op uitnodiging van die Visekanselier:

- Prof ND Kgwadi, Kampusrektor, Mafikeng
- Prof AL Combrink, Kampusrektor, Potchefstroom
- Prof PJJ Prinsloo, Kampusrektor, Vaaldriehoek

Ten einde te verseker dat alle lede van die Institusionele Bestuur op hoogte bly van dit wat op Raadsvergaderings bespreek word en beskikbaar is om inligting te verskaf, is die volgende lede van die Institusionele Bestuur ook genooi om gedurende 2009 Raadsvergaderings by te woon:

- Prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- Prof F van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge
- Mnr VL Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling

Om die samestelling van die Raad op te som, lys die tabel hieronder elke lidmaatskapkategorie in die Raad volgens afdeling 4 van die NWU-statuut, die betrokke lede en hul ampstermyne:



	Kategorie	Naam	Termyn
Ekstern (18)	Ministeriële aanstellings (4)	Me NML Letlape	3 jaar (2007 – 2010)
		Mnr NM Fuzani	4 jaar (2008 – 2012)
		Dr SD Mthembi-Mahanyele	3 jaar (2008 – 2011)
		Mnr OJJ Tabane (heraangestel nadat sy eerste termyn op 11 Februarie 2008 geëindig het)	4 jaar (2008 – 2012)
	Raad van Donateurs (4)	Mnr T Makubire (herverkies nadat sy eerste termyn op 11 Februarie 2008 geëindig het)	3 jaar (2009 – 2012)
		Dr C Reinecke	4 jaar (2006 – 2010)
		Mnr PJ van der Walt	5 jaar (2006 – 2011)
		Dr JJ van Zyl	5 jaar (2006 – 2011)
	Gemeenskapsleiers / Oorspronklike oprigters (4)	Me H Rupert-Koegelenberg	3 jaar (2007 – 2010)
		Mnr TJS Thabane	3 jaar (2007 – 2010)
		Dr DG Breed	3 jaar (2008 – 2011)
		Mnr SM Mohapi	3 jaar (2008 – 2011)
	Konvokasie (4)	Mnr PJW Buys	4 jaar (2006 – 2010)
		Adv JSM Henning, SC (herverkies nadat sy eerste termyn op 7 Augustus 2009 geëindig het)	3 jaar (2009 – 2012)
		Dr FJ Kok	4 jaar (2006 – 2010)
		Dr D Hermann	3 jaar (2009 – 2012)
		Prof LA van Dyk (termyn het op 7 Augustus 2009 geëindig)	
	Spesiale kundigheid (2)	Me M Claassens	3 jaar (2009 – 2012)
		Me I Pooe	4 jaar (2008 – 2011)
		Mnr T Mokgatlha	
		(bedank op 12 Maart 2009)	
Intern (12)	Bestuur (2)	Dr T Eloff (Visekanselier)	Ampshalwe
		Dr MN Takalo (Adjunkhoof)	Ampshalwe
	Senaat (4)	Prof A le R du Plooy (termyn het op 8 Augustus 2009 geëindig)	3 jaar (2006 – 2009)
		Prof TC Rabali	3 jaar (2006 – 2010)
		Prof F Venter (termyn het op 8 Augustus 2009 geëindig)	3 jaar (2006 – 2009)
		Prof MW Lumadi	3 jaar (2007 – 2010)
		Prof JJ Janse van Rensburg	4 jaar (2009 – 2013)
		Prof J Swanepoel	3 jaar (2009 – 2012)
	Ander akademies (2)	Prof C de W van Wyk	4 jaar (2007 – 2011)
		Prof E van der Schyff	5 jaar (2007 – 2012)
	Nie-akademies (2)	Prof MM Verhoef	5 jaar (2007 – 2012)
		Prof A Lourens	4 jaar (2009 – 2013)
		Prof AS Coetzee-Van Rooy (bedank in Januarie 2009)	
	Studente (2)	<u>Tot November 2008:</u>	Bepaal deur IVSR
		Me A Croucamp	
		Mnr P Lethobeng	
		Mnr S Mbatha	
		<u>Vanaf November 2009:</u>	
		Me A Croucamp	
	Mnr E Khokhong		
	Mnr N Mashinini		
Sekretaris	Institusionele Registrateur	Prof NT Mosia	Ampshalwe

## Komitees van die Raad

Alle komitees van die Raad funksioneer onder 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU. Hulle funksioneer onder voorsitterskap van persone met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en het almal duidelike opdragte. (Kyk asseblief die Samestelling van die Raad vir die kwalifikasies van Raadslede.)

### Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen Raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Hierdie komitee maak seker dat daar by die Gedragskode vir Raadslede gehou word, en finaliseer kwessies wat deur die Raad na hulle verwys word.

Een vakature in die Uitvoerende Komitee, veroorsaak deur die beëindiging van prof LA van Dyk se termyn, is gevul deur die verkiesing van me H Rupert-Koegelenberg.

Die lede van die Uitvoerende Komitee in 2009 was mnr PJ van der Walt (Voorsitter), dr SD Mthembu-Mahanyele (Adjunkvoorsitter), mnr PWJ Buys, me H Rupert-Koegelenberg, dr T Eloff (Visekanselier), dr MN Takalo (Adjunkhoof) en prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2009 het die Uitvoerende Komitee vier vergaderings gehou. Hierdie vergaderings het op 29 Januarie, 4 Junie, 13 Augustus en 29 Oktober plaasgevind.

### Vergoedingskomitee

Hierdie komitee is hoofsaaklik gemoeid met die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die Visekanselier, lede van die Institusionele Bestuur en die Direkteur: Interne Oudit.

Weens die aard van sy pligte bestaan die Vergoedingskomitee uit die twee eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, sowel as die Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemings-

gelykheid, wat ook 'n eksterne lid van die Raad is. Die lede was mnr PJ van der Walt (Voorsitter), dr SD Mthembu-Mahanyele (Adjunkvoorsitter) en dr C Reinecke (Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid).

Die Vergoedingskomitee het op 20 November 2009 vergader.

### Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid (MKIG)

Die mandaat van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid is om te verseker dat toereikende mensehulpbronne en -strategieë in plek is en om die implementering van hierdie beleid en strategieë in ooreenstemming met die gestelde kriteria en maatstawwe te monitor.

Die Komitee is verantwoordelik vir alle mensehulpbron- en indiensnemingsgelykheid-gerelateerde aspekte, insluitende vergoedings- en diensvoorwaarde-aspekte wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die Komitee ontvang en evalueer verslae van Bestuur oor spesifieke mensehulpbronaangeleenthede, insluitende voldoenings- en statutêre vereistes, en verseker dat Bestuur vir die implementering van mensehulpbronverwante strategieë en -beleid aanspreeklik gehou word.

Die lede was dr C Reinecke (Voorsitter), me NML Letlape, mnr T Makubire, mnr TJS Thabane, prof A Lourens, prof JJ Janse van Rensburg, prof C de W van Wyk, dr T Eloff (Visekanselier), prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad), mnr VL Mothobi en prof MS Zibi.

Die komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid het op 6 Mei en 15 Oktober 2009 vergader.

### Transformasie-oorsigkomitee (TOK)

Die Transformasie-oorsigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasie-aspekte van die Institusionele Plan. Dit



bestaan uit vier eksterne en een interne lid van die Raad, asook die Visekanselier en die Adjunkhoof.

Die lede gedurende 2009 was prof LA van Dyk (Voorsitter), tot die verstryking van haar termyn in Augustus 2009, prof M Verhoef, me I Poee, mnr T Makubire, mnr OJJ Tabane (wat in Oktober 2009 tot Voorsitter verkies is), dr D Hermann, dr T Eloff (Visekanselier), dr MN Takalo (Adjunkhoof), prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris vir die Raad) en mnr VL Mothobi.

Prof Van Dyk se ampstermyn het op 8 Augustus 2009 verstryk en sy is vervang deurdat dr D Hermann in die Transformasie-oorsigkomitee aangewys is.

Die Transformasie-oorsigkomitee het op 19 Mei en 20 Oktober 2009 vergader.

#### **Komitee vir Oudit, Voldoening en Risikobestuur**

Hierdie komitee is verantwoordingspligtig teenoor die Raad wat betref die uitvoering van hul pligte, synde om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor Bestuur se rol in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike

risikobestuurproses, en om magtiging vir die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te verleen.

Die Komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, Bestuur, die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure. Die Komitee het onbepaalde kommunikasie met die Voorsitter van die Raad (wat nie lid is van die Ouditkomitee nie), die Visekanselier, die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, en die interne en eksterne ouditeurs.

Die ampstermyn van die Voorsitter van die Komitee, adv JSM Henning, SC, het op 8 Augustus 2009 verstryk, maar hy is beide as lid van die Raad uit die geledere van die Konvokasie en as Voorsitter van hierdie komitee herkies. Mnr T Mokgatla het uit die Raad bedank en is in die Raad asook as lid van hierdie komitee vervang deur me M Claassens, 'n geëkspertiseerde rekenmeester.

Die lede van die Komitee gedurende 2009 was adv JSM Henning, SC (Voorsitter), mnr NM Fuzani, mnr T Mokgatla (tot Maart 2009), prof F Venter (tot Augustus 2009), prof E van der Schyff, prof J Swanepoel (vanaf September 2009) en me M Claassens (vanaf September 2009). Die Komitee is geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me L van der Grijp en mnr MP Tjie.



Daar word van die verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om by Komitee-vergaderings teenwoordig te wees, en ook van dr T Eloff (Visekanselier), prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en mnr D Rothman, Direkteur: Interne Oudit.

Die Komitee het op 7 Mei en 26 November 2009 vir gewone vergaderings byeengekom, en op 8 Oktober 2009 vir 'n buitengewone vergadering.

#### **Finansiële Komitee**

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggings-aangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling by die NWU. Die Komitee moet dus die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening ondersteun.

Die Finansiële Komitee het vier eksterne lede en een interne lid van die Raad.

Die lede van die Finansiële Komitee was dr JJ van Zyl (Voorsitter), dr DG Breed, dr FJ Kok, adv JSM Henning, SC, en dr T Eloff (Visekanselier). Die Komitee se ex officio-lede was prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia

(Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2009 het die Finansiële Komitee op 4 Junie en 29 Oktober 2009 vergader.

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee.

#### **Tenderkomitee**

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleide en -prosedures goed te keur wat deur die Bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat tenderbeleide wel geïmplementeer word, en om tenders vir kontrakte van tussen R2 miljoen en R15 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R15 miljoen oorskry, evalueer die Komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Die Tenderkomitee het drie eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr K van der Walt (Voorsitter en 'n onafhanklike ouditeur), adv JSM Henning, SC en dr DG Breed. Die ex officio-lede was dr T Eloff (Visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Tenderkomitee het op 3 Mei en op 4 Augustus 2009 vergader.

### Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van die Beleggingskomitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljebestuurders aan te stel en evaluering te doen van die beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

Die Komitee het tot vyf eksterne lede, insluitende die Voorsitter, mnr J van den Berg, mnr SM Mohapi, 'n eksterne lid van die Raad en beleggingskundige en twee tot drie ander onafhanklike beleggingskundiges. Die ex officio-lede was dr T Eloff (Visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2009 het die Beleggingskomitee op 20 Februarie, 7 Mei, 17 Augustus en 12 November vergader.

### Batekomitee

Die Batekomitee se belangrikste verantwoordelikheid is om langtermynontwikkeling en -instandhouding van die Universiteit se infrastruktuur te verseker.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr FJ Kok (Voorsitter) en mnr SM Mohapi. Die ex officio-lede was dr T Eloff (Visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Hierdie komitee het op 7 Mei en 19 Oktober 2009 vergader.

### Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die Visekanselier, die Voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgewende hoedanigheid, en die Institusionele Registrateur (Sekretaris van die Raad).

Die Komitee het op 23 Februarie en 5 Mei 2009 vergader om nominasies vir eredoktorsgrade te oorweeg.

### Bywoning van vergaderings

Gedurende 2009 het die Raad op 13 en 14 Maart 'n strategiese werkswinkel gehou en vir drie gewone raadsvergaderings byeengekom, naamlik op 19 Junie, 18 September en 20 November.

Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2009 was soos volg:

Komitee	%
Raad	73%
Uitvoerende Komitee van die Raad (UK)	82%
Finansies	100%
Transformasie-oorsig	64%
Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid	62%
Tender	100%
Eretoekennings	70%
Oudit, Voldoening en Risikobestuur	87%
Vergoeding	66%
Bates	100%

Die totale gemiddelde bywoningsyfer was 80%.

### Belangrike aangeleenthede wat gedurende 2009 deur die Raad oorweeg is

Gedurende 2009 was 'n aantal belangrike aangeleenthede wat die instelling geraak het op die agendas van die Raad en die komitees daarvan.

#### ❑ Statutêre aanstellings en verkiesings vir raadskomitees

- Kgosi Leruo Molotlegi is as Kanselier van die NWU aangestel en ingehuldig.
- Prof TJ Mariba is as Rektor van die Vaaldriehoekcampus aangestel en prof HD van Schalkwyk as Rektor van die Potchefstroomcampus.

Die NWU is 'n universiteit wat **onverbiddelik** by die **regte prosesse** hou en op hierdie wyse by die beoogde resultate uitkom. Hierdie **nougesetheid** is een van die redes hoekom die NWU as **Suid-Afrika se voorste universiteit** vir korporatiewe bestuur gereken word, en ook hoekom ons steeds **finansiële en bedryfsmatig effektief** is.

– MNR PEET VAN DER WALT, VOORSITTER VAN DIE RAAD

- 'n Nuwe lid is in die Uitvoerende Komitee van die Raad verkies en verskeie lede is genomineer om in raadskomitees te dien. Dit was die gevolg van vakatures wat met die verstryking van voormalige raadslede se ampstermyne ontstaan het, soos in meer besonderhede in die afdeling oor raadskomitees hierbo verduidelik word.

#### ❑ Transformasie

- 'n Ministeriële Komitee oor Vordering onderweg na Transformasie, Sosiale Kohesie en die Uitskakeling van Diskriminasie in Openbare Hoëronderrysinstellings het op 20 Junie 2008 die Potchefstroomkampus besoek. Die uitslag van die ondersoek is in 'n verslag deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding gepubliseer. Hierdie verslag, tesame met die verslag van die Ministeriële Komitee, is grondig deur die Raad en al die komitees daarvan oorweeg.
- Die Raad het ook kennis geneem dat hul antwoord op die Minister van Onderwys se Eksterne Evaluering van die Sake van die NWU aan die Ministerie voorgelê is.

#### ❑ Prestigetoekennings wat deur die Raad gemaak is

- Eredoktorsgrade is gedurende 2009 aan die volgende persone toegeken:
  - Prof FA Poneis – Afrikaanse Linguistiek
  - Prof BM Margetts – Voeding
  - Prof JH Cummings – Voeding
- Kanseliersmedaljes is gedurende 2009 aan die volgende persone toegeken:
  - Mnr U Visage – Entrepreneurskap
  - Ms M Lieferrink – Omgewingsbewaring

#### ❑ Belangrike nuwe ontwikkelings betreffende infrastruktuur

Die Raad het die volgende goedgekeur:

- Die bedrag van R62,9 miljoen as die Raad se deel van die koste van pro-

jekte wat in die voorlegging aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir bykomende infrastruktuur- en doeltreffendheidsbeploeiing gelys is.

- Die aanbeveling dat die NWU-PUK Sportdorpie op die Potchefstroomkampus opgerig word.
- Die Raad het ook kennis geneem van die NWU se 10-jaar-Infrastruktuur- en Ontwikkelingsplan.

#### ❑ Bestuurs-, bedryfs- en finansiële stabiliteit

Die Raad het gedurende 2009 die volgende stappe gedoen om die voortgesette stabiliteit van die NWU se bestuur, bedryf en finansies te verseker:

- Die Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2009 is goedgekeur.
- Die begroting vir 2010 is goedgekeur, wat ooreengestem het met die elemente van die befondsingsformule en met die Institusionele Plan belys is.
- Die Institusionele Plan 2010-2012 is aanvaar, wat vroeg in 2010 aan die Departement van Onderwys voorgelê sal word.
- Die 2008-Jaarverslag is goedgekeur, wat op 30 Junie aan die Departement van Onderwys voorgelê is.
- Die NWU se Akademiese Kalender vir 2010 is goedgekeur.
- Hersiene vergoedingskale is goedgekeur.

Die Raad het steeds toesig gehou oor die belyning van bestaande beleide, reëls en prosedures wat in 2005 regdeur die NWU begin is en steeds voortduur. Vir hierdie doel het die Raad die volgende beleide in 2009 goedgekeur:

- Beleid oor die rapportering van wanadministrasie en onreëlmatighede en die beskerming van openbaarmaking
- Beleid oor beroepsgeesondheid en veiligheid
- Hersiene rekordbestuursbeleid
- Beleid oor delegerings en skedule van magtigingsvlakke



Die ontwikkeling van die nuwe, ten volle belynde beleide, reëls en prosedures vind deurlopend plaas as deel van die proses om die NWU-kultuur van bestuursdoeltreffendheid stewig te vestig.

Die Raad het ook van die volgende kennis geneem:

- Die handelsmerkstrategie van die NWU, tesame met die handelsmerkuitrol, uitdagings en die weg vorentoe.
- Die HOKK-oudit wat gedurende 2009 by die NWU uitgevoer is. Daar is nog teen die einde van die jaar op die ouditverslag gewag.
- Die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur, wat die Raad besluit het om in 2010 te implementeer.

#### □ Onderrig-leer- en navorsingsaangeleenthede

- As gevolg van sekere veranderinge het die NWU gedurende die jaar sy algemene akademiese reëls hersien. Dit het tot gevolg gehad dat die Senaat en die Raad nuwe reëls oorweeg en goedgekeur het.


- Die akademiese programbelyningsproses is gedurende 2009 voortgesit en alle voorgraadse programme is teen die einde van die jaar belyn.

#### Werknemer- en studente-deelname en samewerkende korporatiewe bestuur

'n Breë spektrum van deelnemende strukture was gedurende 2009 op die kampusse en in die Institusionele Kantoor in plek. Hierdie strukture is ontwerp om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitruil van relevante inligting en die identifisering en bylê van geskille. Studente en werknemers het volle stemreg in al die strukture waar hulle verteenwoordiging geniet.

#### Etiese Kode en Gedragskodes

Die Raad hou steeds toesig oor die proses van oorlegpleging wat sal uitloop op die aanvaarding van 'n Etiese Kode en Gedragskodes vir die NWU wat almal insluit. Namate hierdie proses met verloop van tyd ontvou het, is dit geregverdig om 'n oorsig te gee van die vordering tot op datum.



Gedurende die samesmeltingsproses is daar erken dat beide samesmeltingsvennote duidelike waardegebaseerde kulture het, wat die aanvaarding van 'n gemeenskaplike, verenigende stel waardes vir die nuwe Universiteit sou noodsaak.

Hierdie proses het in 2004 begin toe die NWU-raad 'n Gedragskode vir Raadslede aanvaar het en 'n verteenwoordigende Kerntaakspan van vier mense aangestel het om 'n Etiese Kode en Gedragskodes vir die hele NWU te ontwikkel.

Die proses is voortgesit met die 2005-visioneringsproses, waartydens 11 NWU-eindwaardes goedgekeur is. Die Kerntaakspan het daarna met ongeveer 60 kampuspaneellede uit alle afdelings saamgewerk om die eindwaardes te omskryf.

Hierdie waardes is menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

Namate hierdie proses sy einde genader het, het dit egter duidelik geword dat die

gedragsveranderinge wat nodig was om 'n nuwe kultuur te bou, slegs bewerkstellig kon word deur 'n instellingwyse veranderingsbestuuroefening wat op die toepassing van gedeelde waardes in die daaglikse werksaamhede van die Universiteit fokus.

In die daaropvolgende proses het Bestuur vier instrumentele of 'doen'-waardes geselekteer vir insluiting in elke aspek van die NWU se bedrywighede. Hierdie doenwaardes is integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek. Al die personeel en studente is aangemoedig om aan die instellingwyse veranderingsproses deel te neem deur hierdie doenwaardes prakties in hul daaglikse aktiwiteite te demonstree.

Die volgende stap in hierdie proses is om 'n samehangende Etiese Kode en Gedragskodes vir die NWU aan te neem. 'n Voorvereiste vir die suksesvolle ontwikkeling van hierdie kodes is behoorlike betrokkenheid van die verskillende strukture van die Universiteit.

Met dit voor oë is daar besluit dat die Diversiteitshandves, wat deur 'n taakspan van die Institusionele Forum vir Indiensnemingsgelykheid en Vaardigheidsontwikkeling



(IFIGVO) ontwikkel is, ook by die Etiese Kode ingesluit moet word, aangesien albei diversiteit onderskryf en daarop gerig is om 'n verenigende etos binne die institusionele kultuur tot stand te bring.

Die Institusionele Forum, in samewerking met die NWU se Menseregtekomitee en ander toepaslike strukture, sal voortgaan om die proses in 2010 af te handel en die Raad te adviseer, soos deur die Wet op Hoër Onderwys vereis word.

### Verklaring oor konflikbestuur

Binne die NWU is daar verskeie groepe waar konflik potensieel kan ontstaan. Hierdie groepe sluit in studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die Institusionele Kantoor en Bestuur, en ook almal op alle vlakke wat bestuur word.

Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit beleidsdokumente, prosedures, komitees en forums in wat geleenthede vir oorlegpleging en die lug en debattering van sienings skep.

In areas waar nuwe strukture nog nie tot stand gebring is sedert die samesmelting-inkorporasie nie, word die bestaande strukture gebruik. Kundiges op die gebied van konflikbestuur is aangestel om hulp te verleen waar nodig.

### Selfevaluering van die Raad

Die doeltreffendheid van die Raad, die komitees daarvan en hul verhoudinge met die Senaat, Bestuur en studente is 'n prioriteit vir die Raad. Dit is 'n saak wat sedert die middel van 2005 prominent in die agendas van Raadsvergaderings en werkwinkels

gefigureer het, en hierdie fokus het regdeur 2009 voortgeduur. 'n Belangrike norm vir korporatiewe bestuur is die jaarlikse Price-waterhouseCoopers-toekennings vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys. In Augustus 2009 is die eerste plek vir die derde maal aan die NWU toegeken, wat die beduidende vordering bevestig wat daar regdeur die instelling ten opsigte van korporatiewe bestuur gemaak is.

Die tekortkominge wat in die vorige jaar se evaluering vir hierdie toekenning geïdentifiseer is, is opgelos. 'n Voorbeeld hiervan is die Raad se benutting van sy komitees, in die besonder die Ouditkomitee, en risikobestuursprosesse.

'n Gesamentlike poging is gedurende 2009 aangewend om die funksionering van die Raad en sy komitees verder te verbeter. Die resultate van die 2008-selfevalueringsoefening is nagegaan om die doeltreffendheid en aanspreeklikheid van die Raad en die komitees daarvan te evalueer.

Die Raad van die NWU het die doeltreffendheid van sy korporatiewebestuurs- en toesigfunksie gedurende 2009 verskerp. Dit is duidelik dat die Raad onafhanklik is in die neem van besluite en altyd daarin slaag om hul sake op vergaderings af te handel. Verder begryp die Raad hul toesighoudende korporatiewebestuursrol in verhouding tot die daagliksebestuursol wat aan die Visekanselier toegewys is. Verantwoordelikhedsllyne is duidelik uiteengesit.



**MNR PJ VAN DER WALT**  
VOORSITTER VAN DIE RAAD

*Die NWU-raad het hierdie verslag op die Raadsvergadering van 11 Junie 2010 goedgekeur.*

Die Senaat is verantwoordelik vir die korporatiewe bestuur van die akademiese kernbesigheid van die NWU deur die regulering van alle akademiese, navorsings- en akademiese ondersteuningsfunksies van die Universiteit.

**As deel van** hierdie mandaat, wat uitgevoer word ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut, keur die Senaat alle akademiese programme goed, bepaal beleid en reëls vir alle akademiese aangeleenthede en adviseer die Raad oor die samestelling en herkonfigurasie van akademiese fakulteite. Die Senaat is teenoor die NWU-raad aanspreeklik en verrig dus ook enige ander funksie wat deur die Raad aan hulle opgedra word.

## Samestelling van die Senaat

Die lidmaatskap van die Senaat bestaan, ooreenkomstig afdeling 12(1) van die Statuut, uit:

- Die Visekanselier (Voorsitter)
- Die Adjunkhoof
- Die kampusrektore
- Die Institusionele Registrateur
- Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteite verkies is (altesaam 33)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die Voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander raadslid verkies deur die Raad
- Vier persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personele wat deur die Senaat op advies van die vaste komitees van die Senaat gekoöpteer is (met spesiale inagneming van ras en geslag, altesaam agt)

Verskillende verkiesingsprosesse het gedurende 2009 plaasgevind om die vakatures in die Senaat te vul, sowel as om die Senaat se aangewese lede in die Raad in ooreenstemming met die Statuut te verkies. Vier gewone Senaatsvergaderings is gedurende 2009 gehou: op 10 Maart, 20 Mei, 12 Augustus en 21 Oktober. Die gemiddelde bywoning van Senaatsvergaderings was 62%.

Vaste senaatskomitees en taakspanne het aandag geskenk aan spesifieke take soos die hersiening en ontwikkeling van nuwe akademiese reëls en beleid, institusionele navorsings- en innovasieaktiwiteite en die belyning van akademiese programme en navorsing.

Die rol van die Navorsingsetiekkomitee is byvoorbeeld om norme te formuleer vir etiese riglyne vir alle NWU-navorsing op mense, diere en mens- en diere materiaal, asook genetiese materiaal van alle lewende organismes. Geen navorsingsprojek wat deur etiese riglyne gereguleer word, mag sonder 'n goedkeuringsbrief van die Komitee begin nie. Gedurende 2009 is 72 aansoeke om goedkeuring van navorsingsprotokolle deur die Navorsingsetiekkomitee oorweeg, waarvan 61 van die Potchefstroomkampus, 10 van die Vaaldriehoekskampus en een van die Mafikengkampus was.

Die volgende vaste senaatskomitees was gedurende 2009 in plek:

- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde
- Institusionele Toelatingskomitee

Hierbenewens het die volgende komitees aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie gerapporteer:

- Institusionele Navorsingsteunkommissie
- Navorsingsetiekkomitee
- Komitee vir Gevorderde Grade
- Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings

## Doelstellings wat in 2009 verwesenlik is

Gedurende 2009 het die Senaat gehelp om hoë standaarde vir onderrig-leer en navorsing aan die Universiteit te handhaaf deur die Raad oor strategiese akademiese



aangeleenthede te adviseer en aandag aan sekere sleutelaangeleenthede ten opsigte van onderrig-leer, navorsing en akademiese steun te gee.

In die advisering van die Raad het die Senaat op akademiese kwessies met 'n impak op die Institusionele Plan gefokus, aanbevelings oor potensieële kandidate vir eredoktorsgrade en 'n Kanseliersmedalje gemaak en 'n belangrike rol in die aanstelling van nuwe kampusrekteure vir die Potchefstroomkampus en die Vaal-driehoekkampus gespeel.

In die onderrig-leer-deel van die kernbesigheid was die Senaat se drie kernprioriteite om die algemene akademiese reëls te hersien, die Hoëronderrig-waarderingspan se oudit van die Universiteit te ondersteun en vordering met akademiese programbelyning op voorgraadse vlak te maak.

In die geval van navorsing was die fokus op die verfyning van die navorsingsentiteite wat tot stand gebring is as gevolg van die Navorsingsentiteit-ontwikkelingsmodel en op die monitering van die implementering van hierdie model.

□ **Nuwe akademiese reëls goedgekeur**  
Die hersiening van die algemene akademiese reëls het glad verloop en het tot gevolg gehad dat die Senaat en Raad nuwe reëls goedgekeur het.

Van die bydraende faktore wat die hersiening van die reëls vereis het, was onlangse ontwikkelings in akademiese programme, die byvoeging van nuwe kwalifikasies, veranderinge in toelatingsvereistes en die beëindiging van studies, erkenning van vorige leer asook algemene eksamenvereistes en geskil-arbitrasieprosesse vir nagraadse studies.

#### □ **HOKK-oudit**

Vier jaar van voorbereiding vir die institusionele kwaliteitsoudit het uitgeloop op die HOKK-paneel se besoek aan die Universiteit in Maart 2009. Die paneel het hul voorlopige terugvoer tydens 'n mondelinge terugvoersessie aan die einde van die besoek gegee. Hul konsepverslag met aanbevelings sal na verwagting in Januarie 2010 gereed wees.

Wanneer die Universiteit se HOKK-kwaliteits-ouditprojekspan, onder leiding van die Vise-kanselier, die konsepverslag nagegaan en die instelling se terugvoer deurgegee het, sal die HOKK hul finale verslag uitreik, waarskynlik in Mei 2010. Die NWU sal die finale verslag gebruik om 'n omvattende kwaliteitsverbeteringsplan op te stel.

#### □ **Vordering met akademiese belyning**

Die akademiese belyningsproses het vroeg in 2009 momentum verkry na gelang fakulteite regdeur die NWU gewerk het om die Junie 2009-sperdatum vir die verkryging van formele goedkeuring deur die Senaat se Institusionele

Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) vir voorgraadse programme, kurrikula en modules te haal. Die bedoeling is om die belynde programme deur die bank in 2010 te implementeer.

Teen die gestelde sperdatum het 128 generiese en professionele baccalaureusgrade die belyningsproses deurloop, wat 77% van alle voorgraadse programme verteenwoordig. Sommige voorgraadse programme kon nie belynd word nie as gevolg van kampsuspesifieke spesialisasies, wat in ooreenstemming is met die NWU se karakter as 'n multikampusuniversiteit wat gediversifiseerde nismarkte bedien.

Sekere ander programme soos Verpleegkunde kon nie belynd word nie as gevolg van uitdagings wat sommige eksterne rolspelers in die gesig gestaar het. Nog 'n faktor wat 'n impak op die belyningsproses gehad het, was herkurrikulering, wat ongeveer 23% van die onbelynde voorgraadse programme beïnvloed het. Nadat die formele deel van akademiese belyning op voorgraadse vlak voltooi is, was die volgende stap vir fakulteite om hul gedetailleerde planne vir die implementering te finaliseer. 'n Kritieke aspek van hierdie planne is kommunikasie aan studente. Die

NWU is daartoe verbind om te verseker dat akademiese belyning geensins tot die nadeel van studente strek nie. Met dit in gedagte gebruik die Universiteit sekere beginsels om die akademiese belyningsoefening te ondersteun. 'n Voorbeeld is dat die veranderinge van programme en kurrikula as gevolg van die belyningsproses onder geen omstandighede 'n student se studieprogram langer of duurder mag maak nie.

In 2010 sal die Senaat help om die voorgraadse programmbelyning te implementeer, terwyl hulle seker maak dat die nagraadse programmbelyning in ooreenstemming met die Hoëronderryskwaliteitsraamwerk voortgesit word.

#### ❑ Aansoeke om akademiese programme en kortkursusse

As deel van hul rol om akademiese samehang aan die Universiteit te verseker, hanteer die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) aansoeke om akademiese programme en kortkursusse vanaf die drie kampusse. In die geheel het IKAS 214 aansoeke vir akademiese programme en 46 kortkursusse gedurende die oorsigjaar hanteer. Die tabel hieronder voorsien besonderhede van die aansoeke wat per kampus goedgekeur is.

#### IKAS-aansoeke wat in 2009 verwerk is

Kampus	Getal aansoeke om akademiese programme in 2009 goedgekeur	Getal aansoeke om kortkursusse in 2009 goedgekeur
Mafikengkampus	34	7
Potchefstroomkampus	166	33
Vaaldriehoekkampus	14	5
Institusionele Kantoor	-	1
<b>Totaal</b>	<b>214</b>	<b>46</b>

#### ❑ Verfyning van entiteite onder die Navorsingsentiteit-bestuursmodel

In die vorige twee jaar het die NWU die nuwe Navorsingsentiteit-bestuursmodel geïmplementeer. Hiervolgens is daar vier kategorieë navorsingsentiteite: navorsingsnisareas, navorsingsfokusareas, navorsingseenhede en navorsingsentrums van uitnemendheid.

Ons drie kampusse maak een universiteit uit, **kragtig verbonde** tot die waardes wat ons **verenig, ons dryf** en ons **definieer**, terwyl ons 'n **gemeenskaplike toekoms** tegemoetgaan.

– KGOSI LERUO MOLOTLEGI, KANSELIER



Gedurende 2009 was die klem op die verdere ontwikkeling van die bestuursmodel deur sekere bestaande entiteite te herstruktureer en aansoek vir die totstandbrenging van nuwe entiteite aan te vra.

'n Uitnodiging vir nuwe navorsingsentiteite is in September 2009 gerig en het tot sewe aansoek geleidelik. Die Institusionele Navorsings- en Innovasiekomitee het aanbeveel dat drie hiervan tot volledige voorstelle ontwikkel moet word. Daarna is drie voorstelle saamgestel, een vanaf elke kampus, en dit word nasionaal en internasionaal geëvalueer.

In die verfyning van bestaande entiteite was die twee belangrikste ontwikkelings:

- Twee nisareas in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, ThinkWell en WorkWell, is in een nisarea genaamd WorkWell gekonsolideer.
- Die Fokusarea vir Volhoubare Maatskaplike Ontwikkeling se naam is verander na Fokusarea vir Sosiale Transformasie.

Hierdie veranderinge het beteken dat die NWU die jaar met sewe nisareas, drie fokusareas, 10 navorsingseenhede en een sentrum van uitnemendheid geëindig het.

## Veranderinge in akademiese strukture

Daar was gedurende 2009 geen groot veranderinge in die akademiese strukture van die NWU en sy drie kampusse nie. Die bestaande strukture, bestaande uit 15 fakulteite wat oor die kampusse versprei is, werk goed. Die NWU se 15 fakulteite was in 2009 die volgende:

- ❑ Die Mafikengkampus het vyf fakulteite, 14 skole, een Gemeenskapsregsentrum en een navorsingsnisarea, Population and Health gehad. Die vyf fakulteite is Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mens- en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Handel en Administrasie, en Regte.
- ❑ Die Potchefstroomkampus het agt fakulteite, 32 skole en 20 navorsingsentiteite gehad. Die agt fakulteite is Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidwetenskappe.

Die navorsingsentiteite op die Potchefstroomkampus was:

- Opvoedkundige Tegnologie vir Doeltreffende Onderrig, Leer en Fasilitering
- Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MVSA)
- Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings
- Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme
- Chemiese Hulpbronveredeling
- Sosiale Transformasie
- Onderrig-leerorganisasies
- Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- Navorsingseenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
- Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling
- Eenheid vir Energiestelsels

- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur
- Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Eenheid vir Ruimtefisika
- WorkWell: Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie
- Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)

- Die Vaaldriehoek kampus het twee fakulteite en sewe skole gehad. Die fakulteite is die Fakulteit Geesteswetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie. Die sewe skole is Gedragwetenskappe, Tale, Basiese Wetenskappe, Opvoedingswetenskappe, Rekeningkundige Wetenskappe, Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie.


## Onderrig-leer

### Studente-inskrywings

#### □ Studente ingeskryf vir 2009

	Mafikeng	Potchefstroom	Vaaldriehoek	Totaal
Eerstejaars	1 253	3 770	929	5 952
Seniors	6 570	34 490	3 577	44 637
<b>Totaal</b>	<b>7 823</b>	<b>38 260</b>	<b>4 506</b>	<b>50 589</b>


#### □ Studente ingeskryf vir 2009 – kontak en afstand




#### □ Rasse- en geslagsamestelling van die studentekorps in 2009

Jaar	Ras					Geslag		Totaal
	Wit	Afrikaan	Bruin	Asiër	Onbekend	Manlik	Vroulik	
2003	11 446	21 717	1 050	325	1 860	14 052	22 346	36 398
2004	12 657	24 975	1 255	321	938	15 344	24 802	40 146
2005	13 389	23 454	1 195	338	220	14 866	23 730	38 596
2006	14 288	22 412	1 221	616	172	14 766	23 943	38 709
2007	16 209	26 440	1 359	701	17	16 128	28 598	44 726
2008	17 071	27 722	1 602	585	28	16 279	30 729	47 008
2009	18 160	30 095	1 921	408	5	17 196	33 393	50 589


Ras 2009



Geslag 2009



#### Geografiese oorsprong van studente



#### Eksamens

Die eksamens het soos volg plaasgevind:

##### Eerste semester

Eerste eksamen: 1 tot 22 Junie 2009

Tweede eksamen: 6 tot 18 Julie 2009

##### Tweede semester

Eerste eksamen: 26 Oktober tot

14 November 2009

Tweede eksamen: 21 November tot  
4 Desember 2009

Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) is doeltreffend gebruik om eksamenuitslae vry te stel. Benewens konvensionele kanale is uitslae ook op die NWU se webwerf geplaas en via SMS-boodskappe gestuur.

#### Registrasie volgens kwalifikasietipe

2009	Bywoningsmodus			
	Afstand	Kontak	Afstand VOO <sup>1</sup>	Groottotaal
Algemene akademiese 1 <sup>ste</sup> baccalaureusgraad	1	10 240	-	10 241
Doktorsgraad	25	767	-	792
Honneursgraad	73	2 032	5 786	7 891
Meestersgraad	26	2 565	-	2 591
Nagraadse diploma	-	1 329	5	1 334
Voorgraadse diploma (1 en 2 jaar)	-	713	13 085	13 798
Voorgraadse diploma (3 jaar)	-	384	3 908	4 292
Professionele 1 <sup>ste</sup> baccalaureusgraad (4 jaar)	121	7 280	439	7 840
Professionele 1 <sup>ste</sup> baccalaureusgraad (3 jaar)	260	1 381	-	1 641
Geleentheidstudente	4	162	3	169
<b>Groottotaal</b>	<b>510</b>	<b>26 853</b>	<b>23 226</b>	<b>50 589</b>

\* Volgens die 2<sup>de</sup> HEMIS-voorlegging (Mei 2010)

<sup>1</sup> VOO staan vir "Verdere Onderwysersopleiding" en beskryf die afstand- of fleksiprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.

## Studentesteun, onderriggelede en finansiële hulp

### Studenteberadingsdiens:

#### Mafikengkampus

Die Mafikengkampus het gedurende die oorsigjaar 'n wye verskeidenheid studentesteun-dienste gebied:

- ❑ **Portuurhelpers:** 48 portuurhelpers is opgelei om te help om studente te identifiseer wat berading en leiding nodig het. Die portuurhelpers, wat nie aan beradingsaktiwiteite deelneem nie, is in die fakulteite en koshuise ontplooi.
- ❑ **Eenheid vir Gestremdes:** Hierdie eenheid het 19 studente met 'n verskeidenheid gestremdhede bygestaan en het geskakel met organisasies soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) en Disabled People South Africa (DPSA).
- ❑ **Loopbaanevaluering en berading:** 350 individuele beradingsessies en 20 loopbaan- en evalueringstoetse is gedoen. Krisisingrepe is gemaak na gelang die behoefte ontstaan het, en motiveringseminare is vir verskeie departemente gehou, soos versoek.
- ❑ **Borgskappe:** 'n Borgskap van die Kampusrektor het 'n visueel gestremde student in staat gestel om intensiewe Braille-opleiding by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Blindes in Pretoria te ondergaan. Die Carl en Emily Fuchs-stigting het twee draagbare rekenaars vir studente met gestremdhede en 'n skandeerder vir die Eenheid vir Gestremdes geborg.

### Studenteberadingsdiens:

#### Potchefstroomkampus

Hierdie kampus het omvattende studenteberadingsdienste gebied, insluitende:

- ❑ Die Kampusgesondheidsorgsentrum, wat in Maart 2009 na nuwe fasiliteite verhuis het. Die Sentrum voorsien 'n eenstopdiens aan studente en sommige personeel. Hul personeel sluit mediese personeel, 'n maatskaplike werker en, vanaf 2009, 'n sielkundige in. Die bestuurder van die Sentrum, wat ook in 2009 aangestel is, is 'n mediese dokter.

- ❑ Die Studentesteunstelsel, wat bestaan uit opgeleide portuurhelpers (studente). Hulle verwys medestudente met 'n behoefte aan berading na die Studenteberadingsdienste en die Instituut vir Psigoterapie en Berading.
- ❑ Die Studenteberadingsdiens was regdeur die jaar aktief en het dienste voorsien aan studente wat bystand met hul loopbaankeuses, studiemetodes, toelatingsvereistes en spesiale toelatings nodig gehad het. Hulle het ook studente met gestremdhede bygestaan en psigoterapie voorsien aan diegene wat dit nodig gehad het.

### Studenteberadingsdiens:

#### Vaaldriehoekskampus

Beradingsdienste was in 2009 op 'n deurlopende grondslag deur verskeie strukture beskikbaar vir studente:

- ❑ Altesaam 35 studente binne die portuurhelpergroep bekend as CH@S (Connecting Helpers and Students) is opgelei om studente wat 'n behoefte het aan steun in enige van die sewe welstandsdimensies (psigologies, sosiaal, fisies, intellektueel (insluitende akademies), finansiële, geestelik, en loopbaan) by te staan en hulle vir professionele ingryping te verwys.
- ❑ Die Departement Studente-ontwikkeling het gratis professionele persoonlike berading gebied om talle studente met emosionele probleme, studiemetodes en -vaardighede, lewenshanterings- en interpersoonlike vaardighede, en tydsbestuur by te staan.
- ❑ Die Kampuskliniek het ten volle gefunksioneer onder die toesig van 'n voltydse verpleegster. Dienste wat gelewer is, het MIV-berading en -toetsing, bloeddruk, glukose- en oogtoetse ingesluit, sowel as papsmere vir vroulike studente. Die MIV/Vigs-veldtog – insluitend 'n bewusmakingsveldtog en vrywillige beradings- en toetsdienste – het voortgeduur. Talle lesings oor gesonde seksuele gedrag is op en van die kampus af aangebied. Ondersteuning is ook gebied aan studente wat MIV-positief is.
- ❑ Die Loopbaansentrum is goed gevestig en bring potensieële werkgewers en



werknemers met mekaar in aanraking. Gedurende die jaar het 28 werkgewers (vergeleke met 19 in 2008) die Kampus besoek. Studente besoek op 'n daaglikse grondslag die loopbaansentrum vir loopbaanvoorigting, die opstel van CV's en vir onderhoudvoeringsvaardighede en -tegnieke. Hulle doen ook aansoek om poste wat op die loopbaansone van die webblad geadverteer word.

## Klas- en registrasiegelde vir 2009

### □ Klasgelde:

Al drie kampusse se gelde het gemiddeld met 9% gestyg.

### □ Registrasiegelde

Die registrasiegelde op al drie kampusse was R850.

### □ Losies- en etegelde

Besonderhede	2009 R
<b>Mafikengkampus</b>	
- Akkommodasie op kampus	8 000
- Voorgaads	9 200
- Nagraads	16 100
- Gloria Park (woonstelle)	N.v.t.
- Etegelde	
<b>Potchefstroomkampus</b> (Het gemiddeld met 9% gestyg)	
- Universiteitsakkommodasie	11 250
- Oppirif (selfsorgeenhede)	14 280
- Etegelde (het gemiddeld met 15% gestyg)	
<b>Vaaldriehoekkampus</b> (Het gemiddeld met 9% gestyg)	
- Universiteitsakkommodasie	10 750
- Thuthuka	13 750
- Etegelde	N.v.t.

### □ Gelde betaalbaar by registrasie

Besonderhede	2009 R
<b>Mafikengkampus</b>	
- Registrasiegeld	850
- Klasgelde 1 <sup>ste</sup> betaling	3 500
- Koshuisgeld per semester	Volle bedrag
<b>Potchefstroomkampus</b>	
- Registrasiegeld	850
- Bykomende heffing voltydse nie-inwonende studente	50
- Klasgelde 1 <sup>ste</sup> betaling	3 700
- Koshuisgelde 1 <sup>ste</sup> betaling	3 500
- Verpligte betaling vir etes: eerstejaar-koshuisstudente	600
- Voorgestelde betaling vir etes	1 500
- Koshuisdeposito vir 2010: eerstejaarstudente	1 500
- Koshuisdeposito vir 2010: senior studente	500
<b>Vaaldriehoekkampus</b>	
- Registrasiegeld	850
- Bykomende heffing voltydse nie-inwonende studente	70
- Klasgelde 1 <sup>ste</sup> betaling	3 700
- Koshuisgelde 1 <sup>ste</sup> betaling	3 500
- Koshuisdeposito vir 2010: eerstejaarstudente	600
- Koshuisdeposito vir 2010: senior studente	300

## Finansiële hulp

Die Finansiële Hulpdienste-afdeling bestuur en koördineer finansiële hulp vir studente, insluitende die administrasie van fondse vanaf die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS). Finansiële Hulpdienste administreer

ook beurse uit Universiteitsfondse en vanaf eksterne skenkers. Vir die 2009- finansiële jaar het Finansiële Hulpdienste 'n bedrag van R270,9 miljoen geadministreer. Hiervan is net meer as R97 miljoen deur die NWU befonds, met die res wat uit eksterne bronne afkomstig was.

Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2009:

Bron	Kampus	Waarde (R milj.)
Universiteitsfondse	Mafikeng	5,7
Universiteitsfondse	Potchefstroom	30,0
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	4,6
<b>Totaal</b>		<b>40,3</b>

Die tabel hieronder toon die toedeling van finansiële hulp aan nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2009:

Bron	Kampus	Waarde (R milj.)
Universiteitsfondse	Mafikeng	2,0
Universiteitsfondse	Potchefstroom	13,4
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	1,5
<b>Totaal</b>		<b>16,9</b>
<b>Subtotaal</b>	<b>Universiteitsfondse</b>	<b>57,2</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2009:

Bron	Kampus	Waarde (R milj.)
Buitefondse	Mafikeng	22,0
Buitefondse	Potchefstroom	54,6
Buitefondse	Vaaldriehoek	13,9
Skenkings en trustfondse	Mafikeng	0,2
Skenkings en trustfondse	Potchefstroom	1,9
Skenkings en trustfondse	Vaaldriehoek	0,3
<b>Totaal</b>		<b>92,9</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2009:

Bron	Kampus	Waarde (R milj.)
Buitefondse	Mafikeng	0,5
Buitefondse	Potchefstroom	0,6
Buitefondse	Vaaldriehoek	0,1
<b>Totaal</b>		<b>1,2</b>
<b>Subtotaal</b>		<b>94,1</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit Staatsbefondsing, insluitende NSFAS en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in 2009:

Bron	Kampus	Waarde (R milj.)
NSFAS/ Maatskaplike Ontwikkeling	Mafikeng	50,2
NSFAS/ Maatskaplike Ontwikkeling	Potchefstroom	25,5
NSFAS/ Maatskaplike Ontwikkeling	Vaaldriehoek	22,8
<b>Totaal</b>		<b>98,5</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit Nasionale Navorsingstigting-befondsing (NRF-befondsing) in 2009:

Bron	Universiteitsfondse	Waarde (R milj.)
NNS	Mafikeng	1,3
NNS	Potchefstroom	18,5
NNS	Vaaldriehoek	1,3
<b>Totaal</b>	<b>NNS</b>	<b>21,1</b>
<b>Subtotaal</b>	<b>Staatsbefondsing</b>	<b>119,6</b>
<b>Groottotaal</b>	<b>NWU</b>	<b>270,9</b>

## Sukseskoerse

Die verhouding tussen die getal voorgraadse studente en die totale voltydse ekwivalente (VE's) het gedurende 2008 toegeneem, en die kontak- sowel as die afstandkategorieë het bestendig in die 80%-reikwydte gebly.



Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle – kontak	Kontak		
	2007	2008	2009
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	93%	96%	94%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	70%	65%	60%
VE intermediêr nagraads as % van meestersgetalle	32%	31%	29%
VE hoër nagraads as % van doktrale getalle	52%	50%	49%
<b>Totale VE as % van totale getalle</b>	<b>83%</b>	<b>84%</b>	<b>82%</b>

\* Volgens die 2<sup>de</sup> HEMIS-voorlegging (Mei 2010)

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle – afstand	Afstand		
	2007	2008	2009
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	66%	47%	45%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	31%	44%	53%
VE intermediêr nagraads as % van meestersgetalle	30%	43%	32%
VE hoër nagraads as % van doktrale getalle	55%	49%	46%
<b>Totale VE as % van totale getalle</b>	<b>59%</b>	<b>46%</b>	<b>47%</b>

Deurvloeiokers van voorgraadse kontakstudente*	Getal 2009	Graduandi 2009	Deurvloeiokers 2009	Deurvloeiokers 2008	Deurvloeiokers 2007	Deurvloeiokers 2006
1 <sup>ste</sup> sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	713	308	43%	35%	47%	59%
1 <sup>ste</sup> diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	12 005	2 633	22%	21%	20%	21%
Professionele 1 <sup>ste</sup> baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	7 280	1 218	17%	17%	18%	18%

\* Die omskrywing van "deurvloeiokers" is die totale getal voorgraadse studente gedeel deur die getal inskrywings in die spesifieke jaar.

Deurvloeiokers van voorgraadse afstandstudente	Getal 2009	Graduandi 2009	Deurvloeiokers 2009	Deurvloeiokers 2008	Deurvloeiokers 2007	Deurvloeiokers 2006
1 <sup>ste</sup> sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	13 085	4 939	38%	34%	33%	26%
1 <sup>ste</sup> diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	4 169	723	17%	20%	16%	15%
Professionele 1 <sup>ste</sup> baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	560	71	13%	24%	26%	27%

- Ten einde studente by te staan, is programme soos **aanvullende onderrig** en **studenteondersteuningstelsels** in plek. Programme soos hierdie het daartoe bygedra dat die voorgraadse **slaagsyfer** van 81,2% in 2008 na 83,6% in 2009 verbeter het.
- DR THEUNS ELOFF, VISEKANSELIER

### Deurvloekoersinisiatiewe

Die NWU fokus steeds intensief op inisiatiewe wat op verbetering van studentedeurvloekoerse gerig is. Een van die belangrikste strategieë wat vir hierdie doel aangewend word, is sogenaamde aanvullende onderrig ("SI") vir studente in risikomodules. SI is sedert 2006 by die Universiteit in gebruik.

In 2009 is net meer as 15 300 Aanvullende Onderrigssessies in 325 modules op die onderskeie kampusse aangebied. Dit was meer as dubbel die 7 609 sessies wat gedurende die vorige jaar aangebied is. Ander inisiatiewe wat

geneem is om beter studentedeurvloekoerse te bewerkstellig, het die totstandbrenging van leeslaboratoriums op al die kampusse ingesluit.

Akademici is deur gevorderde opleiding in SI bygestaan deur gesertifiseerde SI-opleiers ten einde hul fasiliteringsvaardighede ter verbetering van aktiewe leer te ontwikkel.

Dosente is aangemoedig om hul akademiese studie voort te sit en voordeel uit stelsels soos die Institusionele Toekenning vir Onderrig-uitnemendheid (ITOU) te put.

### Graduandi vir 2009

(Volgens plegtigheidsdatum ná voldoening aan die eksamenvereistes in 2009)

Naam van kampus	Maand	Jaar	Kontak	Afstand	Groottotaal
Mafikeng	April	2010	1 099	135	1 234
	Oktober	2009	350	735	1 085
<b>Mafikengtotaal</b>			<b>1 449</b>	<b>870</b>	<b>2 319</b>
Potchefstroom	Maart	2010	3 766	399	4 165
	Mei	2010	481	5	486
	Junie	2009	2	1 600	1 602
	September	2009	466	762	1 228
	Oktober	2009	2		2
	November	2009		2 801	2 801
<b>Potchefstroomtotaal</b>			<b>4 717</b>	<b>5 567</b>	<b>10 284</b>
Vaaldriehoek	Mei	2010	732		732
	Oktober	2009	110		110
<b>Vaaldriehoek</b>			<b>842</b>		<b>842</b>
<b>Groottotaal</b>			<b>7 008</b>	<b>6 437</b>	<b>13 445</b>


### Grade en diplomas sedert 2003\* by die NWU toegeken

Grade en diplomas toegeken	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Eerste grade	2 323	3 032	3 237	3 719	3 646	3 698	3 902
Diplomas	2 856	4 459	2 450	3 553	5 266	5 964	6 804
Honneurs	1 345	1 453	1 284	1 678	1 691	1 992	1 957
Meesters	615	626	700	764	618	583	659
PhD's	92	87	82	110	124	100	123
<b>Totaal</b>	<b>7 231</b>	<b>9 657</b>	<b>7 753</b>	<b>9 824</b>	<b>11 345</b>	<b>12 337</b>	<b>13 445</b>

\* Die syfers vir 2003, voor die samesmelting, word teruggeprojekteer asof die samesmelting reeds plaasgevind het.



Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietipe



## Navorsing

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, waar navorsing en innovasie dieselfde vlak van aandag as onderrig-leer ontvang. Om hierdie balans te werkstellig, het die Universiteit aan homself 'n aantal navorsingsdoelwitte gestel. Hierdie doelwitte sluit in die posisionering van die NWU onder die top ses universiteite vir sover dit totale navorsings- en innovasie-uitsette betref.

Sommige van die sleutelaanwysers van die Universiteit se vordering onderweg na sy doelwitte is die jaarlikse navorsingsuitset ten opsigte van artikels, boeke en konferensiever-

rigtinge-publikasies, getal navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting en nagraadse werwing en deurvloei.

### Artikelekwivalente gepubliseer

Vir die 2009- akademiese jaar is die Universiteit se totale geakkrediteerde navorsingsuitset vir artikels, boeke en konferensieverrigtinge-publikasies op 452,50 geraam, vergeleke met 502,51 gedurende die vorige jaar. Die totale getal geakkrediteerde vaktyskrifartikels het beduidend vanaf 358,23 in 2007 tot 413,56 in die oorsigjaar toegeneem.

Die tabel hieronder weerspieël die NWU se gesubsidieerde uitset tussen 2004 en 2009:

Navorsingsuitset*	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Artikelekwivalente	271,60	318,38	351,50	358,23	471,33	413,56
Konferensieverrigtinge-publikasies	3,30	7,58	7,80	12,62	18,25	34,38
Boeke	0,15	0,23	1,55	5,35	12,93	4,56
<b>Totaal</b>	<b>275,05</b>	<b>326,19</b>	<b>360,85</b>	<b>376,20</b>	<b>502,51</b>	<b>452,50</b>

\* Geraam



### ❑ Nasionale Navorsingstigting-graderings

Op 31 Desember 2009 het die Universiteit 116 navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gehad, vergeleke met 95 in Desember 2007. Dit is 'n toename van byna 8% in die getal gegradeerde navorsers en is bo die teiken van 5% wat die NWU vir die jaar 2009 vir homself gestel het.

Ander sleutelaanwysers van die NWU se navorsingsprestasie is die getal meesters- en doktorsgrade wat toegeken is en die getal postdoktorale genote by die Universiteit. Die tabel hieronder weerspieël die NWU se prestasie in hierdie kategorieë vanaf 2004 en verder.

Die volgende tabel toon die getal gegradeerde NWU-navorsers, tesame met hul graderingskategorieë, op elke kampus:

Kampus	Kategorie	Totaal
Mafikeng	C	1
	L	1
	Y	1
<b>Totaal</b>		<b>3</b>
Potchefstroom	A	2
	B	12
	C	70
	L	3
	P	1
	Y	20
<b>Totaal</b>		<b>108</b>
Vaaldriehoek	Y	3
	C	2
<b>Totaal</b>		<b>5</b>
<b>NWU-groototaal</b>		<b>116</b>

Navorsingsprestasie	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Meestersgrade toegeken	628	700	765	618	583	659
PhD's toegeken	84	85	110	124	100	123
Artikelekwivalente totaal	275	326	361	376	502,51	452,50

#### ❑ **Nagraadse werwing**

In 2009 was 2 591 studente vir meestersgrade en 792 vir PhD's ingeskryf, vergeleke met die 2 477 meestersgrade en 758 PhD's in 2008. Hierdie effense styging het weer eens die Universiteit se voorneme verstewig om meesters- en doktorsgraadstudente aktief te werf.

#### ❑ **Aansporings vir verbeterde navorsingsuitsette**

Verskeie aansporings vir navorsers het tot die verbeterde navorsingsuitset van die Universiteit bygedra. Dit is byvoorbeeld die NNS-graderingsaansporings en die aansporingsmodel vir navorsingsartikels, wat daarop gerig is om personeel aan te moedig om meer

gereeld te publiseer, en om die kwaliteit van publikasies te verbeter.

#### **Ten slotte**

Die NWU is daartoe verbind om afgeronde graduandi aan die ekonomie te lewer, om relevante en gefokusde navorsing van 'n hoë gehalte te doen en om ons kundigheid in die beste belang van gemeenskappe, die sakewêreld en die nywerheid te gebruik.

Die tabel hieronder sit die bydrae uiteen wat die Universiteit sedert 2004 tot die ekonomiese vaardigheidsbasis gelewer het, en onderstreep die konsekwent sterk prestasie van die NWU se kernbedrywighede, naamlik onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid.

	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008	50 589
Voorgraadse slaagsyfer	75,20%	78,80%	78,36%	79,48%	81,20%	83,6%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659
PhD's toegeken	87	85	110	124	100	123
Totale navorsingsuitset-eenhede*	798	865	1 074	1 060	1 089	1 190
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103	116

\* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels)



**DR T ELOFF**  
VOORSITTER VAN DIE SENAAT



Prof Christo van Wyk

# Verlag van die Institusionele Forum

As een van die mees inklusiewe strukture by die NWU is die Institusionele Forum (IF) besig om sy waarde te bewys deur aan alle belanghebbendes van die Universiteit 'n platform te verleen van waar beleid oor transformasieverwante aangeleenthede beïnvloed kan word.

**Gedurende 2009 het** die IF die raadgewende en adviserende rol wat in die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut vir dié liggaam in die vooruitsig gestel word, suksesvol uitgevoer.

## Rol en samestelling van die IF

Basies is die IF se rol om die NWU-raad te adviseer oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale hoër-onderwysbeleid, om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte, en om te help om 'n omgewing te bevorder waar doeltreffende onderrig, leer en navorsing kan floreer. Spesifieke aangeleenthede waarvoor die IF die Raad adviseer, is aanstellings van senior bestuur, beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, die bestuur van kulturele diversiteit en die beleid oor bemiddeling en geskil-oplossingsprosedures.

## Lidmaatskap in 2009

Volgens die Statuut mag die IF tot soveel as 29 lede hê wat 'n wye verskeidenheid belanghebbendes verteenwoordig, insluitende die Raad, verskeie kategorieë personeel, vakbonde, studente en die burgerlike gemeenskap. Gedurende 2009 het die IF uit 27 lede bestaan en was daar twee vakatures. Die volgende belangegroepes is in die IF verteenwoordig:

**Raad:** Mnr TJS Thabane

**Bestuur:** Prof ND Kgwadi

**Senaat:** Prof W Viviers, mnr H Stavast en mnr MSM Molefe

**Akademies, nie-Senaat:** Prof C de W van Wyk, me D Boemah en mnr H Kloppers

**Nie-akademie personeel:** Mnr TP Venter, mnr JA van der Walt en mnr VL Mothobi

**Vakbonde:** Mnr PJM van Niekerk, me J Pires-Putter, mnr MA Molefi en mnr N Ndandani

**Studente:** Mnr E Khokong, mnr I Mosiane, mnr R Hamman, mnr G Ncebeshu, mnr D Taole en me C Kraaij

**Burgerlike gemeenskap:** Mnr MMK Phakedi en mnr WS Moselethi (twee vakatures bestaan in hierdie kategorie)

**Konvokasie:** Adv TJ Kruger en prof MW Stander

**Spesiale kundigheid:** Dr EM Sedibe en prof MS Zibi

Die Uitvoerende Komitee van die IF het uit die volgende lede bestaan: Prof Van Wyk as Voorsitter, mnr Van der Walt as Adjunkvoorsitter en mnr Stavast as Sekretaris.

## Sake wat hanteer is

Die Institusionele Registrateur het die IF genooi om die Raad te adviseer oor die aanstelling van die kampusrektor op die Vaaldriehoek- en Potchefstroomkampus om prof PJJ Prinsloo en prof A Combrink wat albei aan die einde van 2009 afgetree het, te vervang. Die IF was



Die IF word wyd aanvaar as 'n **geloofwaardige liggaam** wat al die Universiteit se belanghebbendes verteenwoordig en in staat is om 'n **konstruktiewe rol** te speel in die bevordering van 'n **institusionele kultuur** wat op **verdraagsaamheid, respek** en **integriteit** gebou is.

– PROF CHRISTO VAN WYK,  
VOORSITTER VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

verteenwoordig in die keuringspaneel wat vanaf 1 Januarie 2010 onderskeidelik prof TJ Mariba en prof HD van Schalkwyk aangestel het.

Die IF was ook verteenwoordig in die panele wat prof A Lourens as Viserektor: Akademies: Navorsing en Beplanning op die Potchefstroomkampus en prof HJ van der Merwe as Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus aangestel het.

Met die aanstelling van advokaat Solly Sithole, SC 'n voormalige lid van die Raad, as Voorsitter van die Universiteit se Mense-regtekomitee (MRK) het die MRK 'n nuwe fase van professionalisme betree. Adv Sithole het wye ervaring as 'n regsgeleerde en akademikus en was voorheen 'n lid van die akademiese personeel by die voormalige Universiteit van die Noorde. Die MRK het 'n aantal gevalle wat na hulle verwys is, suksesvol hanteer en het gedurende die jaar vier vergaderings gehou. Die MRK sowel as die IF het die verlenging van advokaat Sithole se kontrak aanbeveel om vir 2010 as onafhanklike Voorsitter te dien.

Die Institusionele Bestuur het die taak van die ontwikkeling van 'n Etiese Kode en Gedragskodes vir die Universiteit aan die IF opgedra, in ooreenstemming met die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut. Die IF het hierdie projek aanvaar en die Uitvoerende Komitee van die IF het met die voormalige Etiesekode-taakspan (EKTS) vergader en 'n nuwe Taakspan op die been gebring om hierdie projek te dryf. Die nuwe Etiesekode-taakspan het in November 2009 'n videokonferensievergadering gehou om die implementering van die projek in die jaar wat voorlê te beplan.

Ander aangeleenthede wat aandag geniet het, was die Ontvangs en Bekendstellingsprogram

vir 2010 op alle kampusse en die oudit deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK). Die HOKK-ouditpaneel het op 16 Maart 2009 met lede van die IF onderhoude gevoer.


Verder het 'n subtaakspan van die Mense-regtekomitee 'n respons op die verslag van die Ministeriële Komitee oor Transformasie, Maatskaplike Kohesie en die Uitskakeling van Diskriminasie in Openbare Hoëronderwys-instellings opgestel. Die IF het hierdie verslag aanvaar en dit voorgelê aan die Transformasie-oorsigtaakspan, wat deur die NWU-raad aangewys is.

### Ten slotte

Die IF word wyd aanvaar as 'n geloofwaardige liggaam wat al die Universiteit se belanghebbendes verteenwoordig en in staat is om 'n konstruktiewe rol te speel in die bevordering van 'n institusionele kultuur wat op verdraagsaamheid, respek en integriteit gebou is. Op grond van hul prestasie oor die afgelope drie jaar, en in die besonder gedurende 2009, is dit duidelik dat die IF oor sowel die mandaat as die vermoë beskik om uitvoering te gee aan die belangrike rol wat in die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut vir dié liggaam bedoel word.



PROF C DE W VAN WYK  
VOORSITTER



MNR JA VAN DER WALT  
ADJUNKVOORSITTER




As mense in hulself glo, kan hulle die reis na sukses met selfvertroue aanpak.

– DR THEUNS ELOFF, VISEKANSELIER

# OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR

Samestelling van die Institusionele Bestuur	52
Verslag van die Visekanselier	54
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof	62
Verslag van die Institusionele Registrateur	68
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling	76
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge	84
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie	90
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	104



# Samestelling van die Institusionele Bestuur

Die Institusionele Bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

**Ná die** samesmelting-inkorporasie in Januarie 2004 het die Universiteit 'n tweevlak-besigheidsmodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas, wat oor drie kampusse in twee provinsies sowel as 'n aantal leerterreine strek.


Hierdie model bestaan uit 'n kern-institusionele vlak wat konsekwentheid deur die Universiteit in die geheel verseker, en drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde besigheidseenhede funksioneer.



**Visekanselier  
Dr T Eloff:**

BJuris(Econ), ThB, ThM en ThD  
(Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).

## Organisatoriese struktuur van die Institusionele Bestuur





**Kampusrektor:  
Mafikeng**

**Prof ND Kgwadi:**  
BSc (Universiteit van Bophuthatswana), MSc (Ball State Universiteit), MPhil (Universiteit van die Noorde), PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).



**Uitvoerende  
Direkteur: Onderrig-  
Leer en Adjunkhoof**

**Dr MN Takalo:**  
BA en BEd (Universiteit van die Noorde), MA (Boston Universiteit); EdM en EdD (Universiteit van Columbia).



**Institusionele  
Registrateur**

**Prof NT Mosia:**  
BA, HonsBA en Diploma in Universiteitsonderrig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State University), PhD (Universiteit van Pretoria); MCSSA.



**Uitvoerende  
Direkteur:  
Mensontwikkeling**

**Mnr VL Mothobi:**  
Sertifikaat in Personeelbestuurspraktyke (SBL, Universiteit van Suid-Afrika), Sertifikaat in Arbeidsverhoudinge (Universiteit van Suid-Afrika), BA Lettere en Wysbegeerte (Randse Afrikaanse Universiteit).



**Kampusrektor:  
Potchefstroom**

**Prof AL Combrink:**  
BA, MA en DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), HOD (UNISA).



**Uitvoerende  
Direkteur:  
Navorsing en  
Innovasie**

**Prof F van Niekerk:**  
BSc, MSc en DSc (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).



**Uitvoerende  
Direkteur: Finansies  
en Fasiliteite**

**Prof IJ Rost:**  
BCom, HonsBCom, MCom en CTA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Hoër Diploma in Belastingreg (Universiteit van die Witwatersrand), GR(SA).



**Uitvoerende  
Direkteur:  
Korporatiewe Sake  
en Verhoudinge**

**Me PP Mmope:**  
Nasionale Diploma en BTech-graad in Joernalisme (Technikon Pretoria); HonsBA (Kommunikasiekunde) (Universiteit van Suid-Afrika); PRP (PRISA).



**Kampusrektor:  
Vaaldriehoek**

**Prof PJJ Prinsloo:**  
BA, MA en DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), THOD (Potchefstroomse Onderwyskollege).





Dr Theuns Eloff

## Verlag van die Visekanselier

Met die samesmelting ses jaar oud het die NWU gegroei vanaf 'n saamgesmelte nuweling-entiteit tot 'n toonaangewende en gerespekteerde universiteit, die vierdegrootste in die land ten opsigte van studentetalle en een van die stabielste en suksesvolste van die samesmeltings.

### Institusionele hoogtepunte

Benewens die doelwitte en teikens wat in die Institusionele Plan gestel word, het die NWU gefokus op die verbetering van sy kernbesighede; die versnelling van die pas van transformasie; die verbetering van internasionalisering; die verbetering van kwaliteits-versekeringsprosesse; en die balansering van die eenheid en diversiteit, en van die sentralisering en desentralisering van die instelling.

**Hoogtepunte vir 2009** het die volgende ingesluit:

- ❑ Kgosi Leruo Tshakedi Molotlegi, koning van die Koninklike Bafokeng-stam, is op 17 September 2009 as die tweede Kanselier van die Noordwes-Universiteit ingehuldig.
- ❑ Benewens die poging om die kernbesigheid van die NWU steeds te verbeter, was die institusionele oudit deur die Hoëronderryskwaliteitskomitee (HOKK) in Maart 2009 waarskynlik die belangrikste gebeurtenis van 2009.
- ❑ Ons het ononderbroke akademiese aktiwiteite en stabiliteit op al ons kampusse gedurende 2009 gehad, en die voorgraadse slaagsyfer sowel as die totale navorsingsuitset het verbeter. Daar is ook goeie vordering gemaak om te verseker dat belynde akademiese programme in 2010 geïmplementeer kon word.

- ❑ Altesaam 36 patente is toegestaan en 'n verdere vier voorlopige Suid-Afrikaanse patentaansoeke is ingedien.
- ❑ Goeie vordering is gemaak om die gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte te koördineer, soos blyk uit die feit dat 'n oudit gedoen en 213 projekte geïdentifiseer en gedokumenteer is.
- ❑ Die Universiteit is vir die derde jaar agtereenvolgens deur PricewaterhouseCoopers as die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in Suid-Afrika aangewys.
- ❑ Alle belanghebbendes is by kwessies van transformasie en sosiale kohesie betrek en die tweejaarlikse kultuur- en klimaatopname is aan die einde van 2009 gedoen. Nie net het die vlak van deelname met 28% gestyg nie, maar die instelling se "kultuurkwoisient" van 58,3% in 2007 het tot 63,3% in 2009 gestyg.
- ❑ Ten spyte van die ekonomiese resessie het die NWU sy finansies goed bestuur en verseker dat ons 'n hoë vlak van self-gegenereerde inkomste handhaaf, naamlik R647 miljoen. Dit verteenwoordig 36,1% van totale inkomste.
- ❑ Die Potchefstroomkampus het sy 140-jarige herdenking gevier.
- ❑ 'n 2020- "geïdealiseerde ontwerp" is deur Bestuur ontwikkel en deur die Raad aanvaar, wat die weg vir 'n langertermyn-ontwikkelingstrajek baan.

## Prestasie teenoor strategiese doelwitte

Wat betref die verwesenliking van die doelstellings wat vir die oorsigtydperk gestel is, kan daar verklaar word dat die belangrikste skakel tussen die visie, missie, doelwitte en teikens wat in die Institusionele Plan gestel is om die kernbesigheid van die Universiteit uit te voer, bereik is.

Deur die implementering van 'n doeltreffende prestasiebestuurstelsel en jaarlikse evaluering is daar verseker dat die strategieë, prioriteite en teikens in die Institusionele Plan bereik word. In hierdie opsig gee die Visekanselier se prestasieooreenkoms met die Voorsitter van die Raad prakties beslag aan die Institusionele Plan. Die selfevaluering lê daarin dat die Visekanselier in besonderhede gerapporteer het oor prestasies wat ook in detail in die onderskeie portefeuljeverslae elders in hierdie verslag gedek word. Opsommend kan die volgende hoogtepunte gerapporteer word:

### □ Onderrig en leer

Die hoofdoelwit was steeds om deur middel van onderrig en leer afgeronde graduandi van gehalte te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink in hul diens aan die land en sy mense. Die volgende vordering getuig hiervan:

- Die NWU het studente uit al nege provinsies en die res van Afrika na sy drie kampusse gelok, en die profiel van die studente is uiters uiteenlopend. Die getal ingeskrewe studente (insluitende afstandstudente en studente in verdere opleiding vir onderwysers) het met 7% van 2008 tot altesaam 50 589 in 2009 gegroei.
- Die voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) is sorgvuldig gemoniteer, met spesiale aandag aan daardie modules waar problematiese resultate bereik is. Die slaagsyfer het van 81,2% in 2008 tot 83,6% in 2009 verbeter.
- Die deurvloeiakoers het van 26% in 2008 tot 26,6% in 2009 verbeter.
- Altesaam 13 445 grade en diplomas is in 2009 toegeken, 'n styging van 8,3% vanaf 2008.
- Die belyning van akademiese programme oor die kampusse heen verteenwoordig die moeilikste en ingrypendste van die samesmeltingsprosesse. Verskillende kwalifikasiestrukture, verskillende krediettoekennings aan modules en verskillende inhoud (na gelang van kampsuspesifieke nisse en kundigheid) het alles daartoe bygedra om die belyning van programme te bemoeilik. Ná 'n diepgaande proses gedurende



**Dr Maarten Venter** 1  
ADVISEUR EN DIREKTEUR: PROJEKTE  
KANTOOR VAN DIE VISEKANSELIER

**Mnr Frans du Preez** 2  
DIREKTEUR: KANTOOR  
VAN DIE VISEKANSELIER

**Mnr Theo Venter** 3  
SPESIALE ADVISEUR: KANTOOR  
VAN DIE VISEKANSELIER

**Me Annetjie de Waal** 4  
BESTUURDER: BESTUURSINLIGTING

**Me Ria Nel** 5  
BESTUURDER: PROJEKANTOOR



die vorige twee jaar was die meerderheid voorgraadse programme gereed vir implementering in 2010, met nagraadse programbelyning wat in 2010 afgehandel moet word.

- Ten einde studente by te staan, is programme soos aanvullende onderrig en studenteondersteuningstelsels in plek. In 2009 is Aanvullende Onderrig vir altesaam 325 modules oor die drie kampusse heen geïmplementeer. Twee modules in Kritieke Kruisterreïnkoms (KKTU), naamlik Akademiese Geletterdheid en Begrip van die Wêreld, is dwarsoor al die kampusse belyn en sal nou vir alle studente verpligtend wees.
- Toegangsprogramme soos die Ikateleng-program, die Heleskool-ontwikkelingsprogram, ondersteuning aan die Dinaledi-skole in die Noordwes-provinsie en die Grondslag-/Verlengde programme op die Mafikengkampus is voortgesit.
- Die belangrike proses van Eksterne Programmevaluering het suksesvol voortgegaan en het 'n positiewe impak op die NWU se kurrikulumhersienings en transformasie.
- Die akademiese reëls sowel as die kortkursusbeleid is hersien.
- Die Institusionele Toekenning vir Onderguitnemendheid (ITOU) is voortgesit met altesaam 35 toekennings in 2009.
- Die Loopbaansentrum het 'n geslaagde

jaar gehad in die bereiking van hul doelwitte met die implementering van die Voorkeurwerkgewer-projek en deur die getal deelnemers aan loopbaanskoue op al ons kampusse te verhoog.

#### □ Hoëkwaliteit-, toepaslike en gefokusde navorsing

Om die NWU se beweging te bespoedig onderweg daarna om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word waar navorsing sy regmatige plek beklee, fokus die Universiteit sy navorsings- en innovasie-strategie daarop om hulpbronne te optimaliseer en die maksimale impak van ingrepe te verseker.

Ná die herstrukturering van ons navorsing-entiteite in 2008 verbeter ons steeds die kwaliteit van ons navorsing, soos uit die volgende prosesse blyk:

- Hoewel ons artikeluitset in 2009 effens laer (452) as in 2008 (503) was, het nagraadse kwalifikasie 'n beduidende styging getoon. Die getal meestersgrade wat toegeken is, het met 11,5% van 2008 tot 659 in 2009 toegenem; en die PhD's met 18% tot 123 in 2009. Dit het 'n styging in ons totale navorsing-uitset van 1083 in 2008 tot 1190 in 2009 tot gevolg gehad, 'n styging van 10%. Dit sluit 659 navorsing-meestersgrade in, vergeleke met 583 in 2008.



- Die Universiteit het die akademiese jaar met 103 NNS-gegradeerde navorsers begin en het in Februarie 2009 31 graderingsaansoeke by die NNS ingedien. Van die 18 aansoeke vir nuwe graderings is 13 aanvaar. Die NNS het ook die 13 hergraderingsaansoeke goedgekeur. Dus het die NWU aan die einde van Desember 2009 altesaam 116 gegradeerde navorsers gehad, 13% meer as die vorige jaar se syfer. Gevolglik het die persentasie gegradeerde personeellede van 11% in 2008 tot 12% in 2009 gestyg. Die teiken wat in die Institusionele Plan in 2010 gestel word, is om die persentasie NNS-gegradeerde personeel tot 14% te laat styg.
- In 2009 het die NWU die tweedemeeste THRIP-inkomste van al die universiteite in die RSA verdien, meer as R26 miljoen. Dit is 'n aanduiding van die innoverende en relevante navorsing wat in noue samewerking met die nywerheid in ons land gedoen word.
- In nog 'n mylpaal vir die NWU is 'n Hoëprestasie-berekeningsfasiliteit tot stand gebring. Die fasiliteit sal die NWU se strategie om navorsingskapasiteit moontlik te maak en te verbeter, ondersteun.

#### □ **Implementering van kundigheid, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig**

Die Universiteit besef dat die nastrewing van kennis en innovasie geen werklike betekenis het indien dit nie uiteindelik tot die voordeel van mense strek nie. Hierdie benadering werp vrugte af, en ons is trots op ons akademië wat op 'n tasbare wyse daartoe bydra om die NWU in die geleedere van die topuniversiteite in Suid-Afrika te posisioneer, sowel as om die NWU se implementering van kundigheid meer sigbaar te maak in die gemeenskap.

- Die NWU gebruik die stigting van innoverende klein en medium grootte newemaatskappye as deel van die kommersialiseringsstrategie en hou ekwiteit in sommige van hulle. Sedert

die samesmelting in 2004 het die totale getal tegnologie-newemaatskappye van nege tot 16 in 2009 toegeneem, waarvan 13 op daardie tydstip nog aktief was. Aan die einde van 2009 het die NWU ses filiale en geassosieerde maatskappye gehad.

- Altesaam 36 patente is gedurende 2009 toegestaan.
- Nadat die NWU die opdrag van die Departement van Wetenskap en Tegnologie ontvang het, het hulle 'n gedetailleerde sakeplan vir 'n wetenskapspark in Potchefstroom ontwikkel. Die wetenskapspark sal 'n gesamentlike onderneming tussen die Provinsiale Regering van Noordwes en die Noordwes-Universiteit wees. Die plan is vir goedkeuring en befondsing aan die Provinsiale Regering van Noordwes voorgelê.
- Uitstekende vordering is verder gemaak om meer as 200 gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte te koördineer, byvoorbeeld:
  - 119 gemeenskapsdiensprojekte, soos die Wetenskapsentrum, MIV/VIGS-projekte, Studentejoolgemeenskapsdiensprojekte, regs-klinieke en navorsingsverwante projekte.
  - 22 ontwikkelingsaktiwiteite met 'n werwingsfokus, soos Wetenskaps-, Ingenieurs- en Sportweke, asook kultuuraktiwiteite.
  - 62 professionele adviesdienste, insluitende navorsing en professionele advies vir plaaslike, provinsiale en nasionale regering.
  - 10 gesubsidieerde ontwikkelingsbetrokkenheidsprojekte, insluitende ervaringsopleiding vir studente wat Verpleging, Maatskaplike Werk en Onderwys studeer.

#### □ **'n Goed bestuurde, innoverende en transformerende universiteit**

- Die Raad op Hoër Onderwys se Hoër onderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) het hul oudit van die Noordwes-Universiteit tussen 16 en 20 Maart 2009 uitgevoer.

Die NWU koester 'n **institusionele kultuur** waar **menseregte gerespekteer** word, **diversiteit konstruktief ingespan** word en daar **voortgesette transformasie** van die personeelprofiel is.

– MNR VICTOR MOTHABI, UITVOERENDE DIREKTEUR:  
MENSONTWIKKELING

Die NWU het sy institusionele self-evaluering in die ooreengekome tydperk gedoen en doeltreffende voorbereiding deur die NWU het 'n probleemvrye audit tot gevolg gehad.

Oor die algemeen het die paneel bevestig dat die NWU strategieë en kwaliteitsversekeringsmeganismes tot stand gebring het wat sal verseker dat ons ons doelwitte sal verwesenlik om 'n selfs belangriker kernrol in die hoër-onderwyslandskap te speel.

Soos verwag, het die paneel 'n aantal uitdagings geïdentifiseer, insluitende die behoefte om 'n omgewing te skep waar alle personeel en studente voel dat hulle tuis hoort; die behoefte aan verdere ontwikkeling van die administratiewe, bestuurs- en akademiese kapasiteit op al die kampusse; en om stappe aan die gang te kry om die diversiteit van die instelling aan te gryp.

Hierdie uitdagings sal spesifieke aandag in 2010 ontvang, wanneer die finale verslag ontvang is.

- Ten spyte van die ekonomiese resessie het die NWU sy finansies goed bestuur en verseker dat ons die finansiële jaar met 'n surplus (herhalende items) van R58 miljoen afgesluit het. Wat betref regstelling was die totale uitgawes aan kapitaalprojekte en makro-instandhouding altesaam R134,6 miljoen.

Die fokus was op die verhoging van die kapasiteit van onderrig-leer-fasiliteite en die verbetering van die studentevervaring deur 'n studentesentrum op die Mafikengkampus te bou en koshuise op al drie kampusse op te gradeer. Verskeie laboratoriums, wat vir navorsing sowel as onderrig-leer gebruik word, is ook opgradeer. Goeie voordeuring is ook gemaak om die 10-jaar-instandhoudingsplan verder te implementeer.

- 'n Hoë premie is op individuele personeelontwikkeling geplaas en spesiale aandag is geskenk aan akademiese personeellede wat nodig gehad het om hul kwalifikasies op te gradeer. Dit word hanteer binne die konteks van die prestasieooreenkomsstelsel, met spesiale aandag wat aan verlofvoorsiening vir sulke personeellede geskenk word. Die Leierskapsakademie is nou ook goed gevestig.
- Inisiatiewe om 'n meertalige werks- en onderrigomgewing te vestig en die uitbreiding van die opvoedkundige tolkdienste het hoog op die agenda gebly.
- Die Hoëronderwys-MIV-Vigs-program (HEAIDS) wat op die strategiese posisionering van 'n geïntegreerde program vir MIV en Vigs fokus om 'n omvattende respons vol te hou wat betref personeel en studente van die NWU wat deur die pandemie geïmpak is, is voltooi. Die doel daarvan was om by te dra tot die integrasie van die Noordwes-Universiteit se MIV-Vigs-beleid deur 'n omvattende Gesondheids- en Welstandstrategie wat by bestaande wetgewing en bestespraktyk hou. 'n Doeltreffende, goed funksionerende institusionele MIV-Vigs-koördinerings- en bestuurstruktuur is tot stand gebring.
- 'n Omvattende diversiteitsbewusmakingsveldtog onder alle personeellede is van stapel gestuur. Dit het 'n Industriële Teater oor Diversiteit ingesluit, wat suksesvol op al drie kampusse aangebied is. Dit is ook opgevolg met 'n werkswinkel.
- Alle belanghebbendes is by kwessies van transformasie en sosiale kohesie in die konteks van die Soudien-verslag betrek.
- Die NWU is besig om 'n oorkoepelende institusionele kultuur te vestig, veral deur gedeelde waardes en 'n mense-



regte kultuur. Die instelling is die enigste universiteit met 'n Menseregtekomitee, onder voorsitterskap van 'n eksterne senior advokaat.

- Ná die algemene persepsies van rasse-onstabiliteit op verskeie universiteitskampusse in 2008 het die NWU se Menseregtekommissie in die laaste kwartaal van 2008 'n institusionele oudit oor vlakke van sosiale kohesie en voorbereidheid vir integrasie onder alle voorgraadse studente uitgevoer. Die resultate was vroeg in 2009 bekend en waardevolle insette is van ongeveer 3 000 studente ontvang.

Gegewe die nasionale konteks het die NWU-bestuur uit hierdie opname gesien dat die algemene vlakke van verdraagsaamheid onder rasse-groepe op die onderskeie kampusse merkwaardig hoog was. Uit die kwalitatiewe insette het die Universiteit insig verkry oor verskeie persepsies met betrekking tot kulturele sensitiwiteit, mense- en kultuurgroepregte, taal en xenofobie. Kampusbesture sowel as ander toepaslike strukture is dienooreenkomstig ingelig, en hulle het die verdere bestuursprosesse in hierdie opsig oorgeneem.

- Die tweejaarlikse kultuur- en klimaat-opname is aan die einde van 2009 uitgevoer. Nie net het die vlak van deelname met 28% gestyg nie, maar die instelling se "kultuurkwosient" van 58,3% in 2007 het tot 63,3% in

2009 gestyg. Dit is 'n aanduiding van die mate waarin personeel tevrede is in hul werksomgewing.

Die respons op hierdie opname toon dat ons vordering maak onderweg na die bereiking van 'n balans tussen eenheid en diversiteit, asook tussen doeltreffendheid en transformasie. Dit is ook duidelik uit die oop bydraes dat daar geen groot bekommernisse onder NWU-personeel is nie.

Die algemeenste kwessies wat gelys is, word met die nodige erns deur Bestuur in ag geneem en hanteer. Hulle is internasionalisering, die balans tussen die Institusionele Kantoor en die kampusse, uitkomsgebaseerde prestasiebestuur, gelykheid en belyning tussen die kampusse, konsekwentheid, d.w.s. die bestuur van mensehulpbronaangeleenthede, transformasie van onder na bo en die balansering van die drie kernbesigheidsdoelstellings.

- Verdere vordering is gemaak wat betref die integrasie en standaardisasie van 'n enkele, gestandaardiseerde IKT-infrastruktuur en -stelsels vir die hele NWU. Een van die uitstaande aangeleenthede is die opgradering van bandwydte tussen kampusse ten einde responstye te verbeter.
- Die personeelomset by die NWU is 'n relatief lae 6% per jaar, maar ons verloor voortdurend swart personeel lede, wat verdere druk op die behaling

van ekwiteitsteikens plaas. Ter illustrasie: van die 189 personeellede wat die diens van die NWU in 2009 verlaat het, was 95 swart en 94 wit.

Die Universiteit is egter in die gelukkige posisie dat dit toereikende personeel het, veral op die kritieke gebiede.

- Studente op al drie kampusse het weereens besonder goed op sport- sowel as kulturele gebied gevaar. Meer inligting oor hierdie aspekte is in die kampus oorsigte ingesluit.
- Verdere vordering is met die totstandbrenging van 'n raamwerk vir internasionalisering gemaak. In 'n poging om samewerking te bevorder het die Visekanselier omvattende gebruik gemaak van forums soos die ACE-konferensie in

Washington; die G8-onderwyspitsbeeraad in Italië; die ACU-konferensie in Maleisië; die uitvoerende bestuursvergadering van die ACU in die VK; asook besoeke aan die Universiteit Utrecht en die Vrije Universiteit, Amsterdam om netwerke te vestig. Hierdie aangeleentheid bly hoog op die prioriteitslys vir 2010.

- Kwaliteitsversekering is ook uitgebrei tot die evaluering van ondersteuningsdienste (intern en ekstern).

## Ten slotte

Die NWU het in die afgelope ses jaar gevorder van 'n saamgesmelte instelling tot een van die toonaangewende universiteite in die land. Ons handhaaf 'n opwaartse tendens ten opsigte van feitlik elke prestasieaanwyser, soos die volgende opsomming toon:

	2005	2006	2007	2008	2009
Totale studente-inskrywings:	38 596	38 708	44 726	47 008	50 589
- Kontak	27 092	27 889	26 075	25 740	26 853
- Afstand	11 504	10 819	18 651	21 268	23 736
Voorgraadse slaagsyfer	78,8%	78,4%	79,5%	81,2%	83,6%
Deurvloeikoers	20%	25%	25%	26%	26,6%
Grade en diplomas toegeken	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445
Meestersgrade toegeken	700	765	618	583	659
PhD's toegeken	85	110	124	100	123
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	326	361	376	503	452,5
NNS-gegradeerde navorsers	85	82	95	102	116
Totale navorsingsuitset	865	1 074	1 061	1 083	1 190
Totale inkomste	R1 133m	R1 272m	R1 436m	R1 671m	R1 827m
Surplus (herhalende items)	R54m	R63m	R66m	R82m	R58m
Personeelkoste/totale koste	52,5%	52,6%	50,1%	48,8%	49,8%
Selfgegenereerde inkomste	R384m	R453m	R542m	R644m	R647m
% inkomste vanaf regering	43,2%	42,8%	39,8%	40,0%	41,5%
% inkomste van klasgelde	21,1%	20,2%	21,4%	20,3%	22,4%
Kapitaaluitgawes aan opgradering	R29,3m	R48,6m	R55,5m	R48,5m	R61,2m



Met die proses van die aanstelling van twee nuwe kampusrekteure betree die NWU in wese die na-samesmeltingsfase. Ons sê vaarwel aan die eerste senior lede van Bestuur wat die samesmelting laat werk het. Ons bedank in die besonder prof Annette Combrink (Potchefstroom) en prof Piet Prinsloo (Vaal-driehoek) vir die rol wat hulle gespeel het om hul onderskeie kampusse op 'n nuwe en beter ontwikkelingsstrajek te plaas, en om eenheid en sinergie oor die kampusse heen te bevorder. Hiervoor loof ons hulle, en die geskiedenis sal dit bevestig.

In 2010 kry ons twee nuwe leiers wat nie van die begin af betrokke was nie. Dit sal onvermydelik tot nuwe idees en innovering lei, iets wat ons as 'n Universiteit sterk onderskryf deur ons slagspreuk, "Innovasie deur diversiteit".

Iets meer persoonliks: Ek spreek graag my waardering uit teenoor die Raad wat aan die einde van my eerste termyn as Visekanselier aan my drie maande langverlof toegestaan het. Dankie ook aan al my kollegas wat gedurende daardie tyd ekstra verantwoordelikhede moes dra. Ek het inderdaad verfris teruggekom en sien uit na my tweede termyn as Visekanselier.

My tweejaartermyn as HESA-voorsitter het ook aan die einde van 2009 verstryk. My voorsitterskap van die Association of Commonwealth Universities (ACU) sal gelukkig nie

dieselfde tydseise stel as dié van HESA gedurende die afgelope twee jaar nie.

Ek bedank ook graag die Raad, die Voorsitter van die Raad en die Uitvoerende Komitee, wat Bestuur in 'n baie groot mate op kritiese, maar konstruktiewe wyse ondersteun het.

Waar ons in die kennisbedryf staan, bly ons mensekapitaal ons belangrikste bate, en in hierdie opsig spreek ek ook my dank uit teenoor Bestuur en die personeel wat in 2009 tot nog 'n uitnemende prestasie bygedra het. Uit hierdie verslag is dit duidelik dat die NWU steeds besig is om te verbeter en te transformeer ten opsigte van posisionering, akademiese profiel en uitnemendheid, eenheid, gelykheid en regstelling. Deur dit te doen, help ons om in die land se maatskaplike, ekonomiese, ontwikkelings- en omgewings-behoefte te voorsien.

Ons missie om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer, is binne bereik.

**DR T ELOFF**  
VISEKANSELIER





Dr Ngoato Takalo

## Verlag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof

Die jaar 2009 was 'n produktiewe jaar vir die portefeulje Onderrig-Leer en Kwaliteitsversekering.

Bo en behalwe die institusionele oudit van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee, wat besonder goed verloop het, het die NWU 'n veeleisende skedule van interne en eksterne programmevaluering gehad.

**Stewige vordering is** ook gemaak met die uitdagende belyningsproses vir voorgraadse programme, wat sedert 2006 aan die gang is en bestem is om in 2010 geïmplementeer te word.

Ander hoogtepunte was die uitbreiding van die Aanvullende Onderrig-projek vir akademiese ondersteuning van studente en die verdere ontwikkeling van die Loopbaansentrum as 'n eenstopplek waar studente en graduandi hul aanstelbaarheid kan verhoog.

### Bestuur van die Program- en Kwalifikasie-mengsel (PKM)

In 2009 het die bestuur van die PKM op die belyning van akademiese beleid en programme gefokus, asook op die verwerking van aansoeke om akademiese programme en kortkursusse.

### Akademiese belyning

Akademiese programme belyning is een van die groot transformasieprosesse wat die NWU sedert 2006 onderneem het, met 2009 as die mikpuntjaar vir voltooiing van die belyning van voorgraadse programme. Die belynde programme sal dan vanaf 2010 aangebied word.

Volgens die PKM vir 2009 het die NWU goedkeuring om altesaam 165 eerste generiese baccalaureusgrade en professionele baccalaureusgrade aan te bied. Teen Desember 2009

het altesaam 128 generiese en professionele baccalaureusgrade die belyningsproses deurloop, wat 77% van alle voorgraadse programme verteenwoordig. Hiervan word 63 programme (49%) op minstens twee van die drie kampusse aangebied.

Dit was as gevolg van kampuspesifieke spesialisasies nie moontlik om sommige voorgraadse programme te belyn nie. Dit is toelaatbaar volgens die NWU se model as 'n multikampusuniversiteit wat in staat is om gediversifiseerde nismarkte te dien.

Sekere ander programme, soos spesifieke voorgraadse Verpleegkundeprogramme, kon nie belyn word nie as gevolg van uitdagings waardeur sommige eksterne rolspelers gekonfronteer is. 'n Derde faktor wat 'n impak op die belyningsproses gehad het, was herkurrikulering wat ongeveer 23% van die onbelynde voorgraadse programme raak.

Daar was 'n skerp styging in die getal aansoeke om akademiese programme wat aan die Senaat se Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) voorgelê is. In 2009 het IKAS altesaam 214 aansoeke goedgekeur, vergeleke met 128 gedurende die vorige jaar. Daar was egter minder kortkursusaansoeke, met IKAS wat 46 aansoeke in 2009 goedgekeur het, vergeleke met die vorige jaar se 123.

lemand wat **kennis** deurentyd **nastreef**,  
word **verras deur sukses**, selfs as hulle  
te besig is om daarna te soek.

– DR NGOATO TAKALO, UITVOERENDE DIREKTEUR:  
ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF

Goeie vordering is ook gemaak met die voorbereiding vir die implementering van 'n nuwe kortkursusbestuursmodel. Oorlegpleging deur die hele instelling oor die nuwe model is in 2009 afgehandel, wat die weg gebaan het vir die model om in 2010 geïmplementeer te word.

**Akademiese ontwikkeling van studente**  
Aanvullende Onderrig is steeds een van die belangrikste strategieë wat by die NWU gebruik word om studente akademies te

ondersteun. In 2009 is net meer as 15 300 Aanvullende Onderrigssessies aangebied, wat meer as dubbel die 7 609 sessies van die vorige jaar was. 'n Gemiddelde van 10 studente het elke sessie bygewoon, en studente het 153 000 maal by hierdie interaksies in 2009 baat gevind.

Soos die tabel hieronder illustreer, is Aanvullende Onderrig vir 325 modules geïmplementeer, waarvan 15% risikomodules was, d.w.s. modules met 'n slaagsyfer onder 50%.

#### Aanvullende Onderrig per kampus in 2009

Kampus	Modules wat in 2009 SI implementeer het	Fakulteite wat in 2009 aan SI deelgeneem het	SI-fasiliteerders werksaam in 2009	SI-sessies in 2009 gefasiliteer	Getal studente in SI-sessies in 2009	% risikomodules waarin SI in 2009 ontplooi is
Mafikengkampus	100	5 fakulteite	105	6 134	61 342	13,6%
Potchefstroomkampus	134	8 fakulteite	182	7 591	75 913	13,6%
Vaaldriehoekkampus	91	2 fakulteite	75	1 606	16 060	18,3%
<b>Totaal</b>	<b>325</b>	<b>15</b>	<b>362</b>	<b>15 331</b>	<b>153 315</b>	<b>15%</b>



**1**  
Dr Jannie Jacobsz  
DIREKTEUR: KWALITEITSKANTOOR

**2**  
Me Bernice Smit  
BESTUURDER: LOOPBAANSENTRUM

**3**  
Me Mariaan Klopper  
WAARNEMENDE DIREKTEUR: AKADEMIESE  
ONTWIKKELING EN ONDERSTEUNING

Nog 'n belangrike strategie is die daarstel van leeslaboratoria om studente te help met begripsvermoë en taalvaardigheid. Volledige leeslaboratoria is in 2009 op al drie kampusse gevestig.

In nog 'n voorwaartse stap vir studente-ondersteuning het die portefeulje die Konsep-beleid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning van Studente opgestel, asook die Konsepbeleidsraamwerk vir die Bevordering van Gelykheid van Toegang. Beide konsepbeleide sal tydens die eerste vergadering van die Institusionele Senaat in 2010 ter tafel gelê word.

#### **Ontwikkeling van akademiese personeel**

Die hoofokus van die jaar was op die aanmoediging van akademiese personeel om hul onderrigvaardighede te verbeter en onderriguitnemendheid te erken. Met dit in gedagte het die Onderrig-leerportefeulje die implementering van drie sleutelinisiatiewe voortgesit.

Een hiervan was die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU). Altesaam 35 dosente het in 2009 toekennings vir onderriguitnemendheid ontvang, vergeleke met 32 in 2008. Die getal toekennings vir 2009 weerspieël die aktiewe betrokkenheid van al drie kampusse, insluitende die Mafikengkampus, wat nie gedurende die vorige jaar deelgeneem het nie. Dit is vir die portefeulje verblydend dat akademiese personeel regdeur die Universiteit nou kan streef na en geëvalueer word aan die hand van dieselfde standaard van uitnemendheid.

Die ander sleutelontwikkelingsinisiatiewe vir akademiese personeel was die Institusionele Kursus vir nuwe dosente en die gevorderde opleiding vir akademici in Aanvullende Onderrig:

- Altesaam 75 akademici het die eerste fase van die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente bygewoon, wat nuut aangestelde akademici aan beste onderrigpraktyke bekendstel en hulle oor die jongste ten-

dense in hoër onderwys inlig. Hulle begin dan met die tweede fase van die kursus, wat mentorskap behels en op die kampusse plaasvind.

- Die vinnige groei in die gebruik van Aanvullende Onderrig vir studente wat in problematiese modules ingeskryf is, het die behoefte verhoog vir akademiese personeel om bekend te wees met Aanvullende Onderrig-tegnieke, aangesien dit hul onderrigvaardighede verbeter. In 2009 het twee internasionale kundiges op hierdie gebied, mev Cathy Unite Clarke en prof Glenn Jacobs, die NWU besoek om 26 personeellede op te lei. Hulle het ook opleidingssessies vir studentefasiliteerders aangebied.

#### **Onderrig-en-leer- tegnologieraamwerk**

In die vorige jaarverslag het hierdie portefeulje berig dat die NWU in November 2008 die eerste konsep van ons Onderrig- en Leertegnologieraamwerk (OLT-raamwerk) voltooi het. Die doel daarvan is om die langtermyn-doeltreffendheid en kwaliteit van tegnologie-ontplooiing in onderrig-leer te verseker.

Dit is in 2009 verder gevoer toe die finale OLT-raamwerk voltooi is, die NWU se virtuele leeromgewing, eFundi, uitgebrei is en werksverhoudinge met ander OLT-rolspelers in die hoëronderriglandskap gevestig of verstewig is.

Hoogtepunte van die jaar het die volgende ingesluit:

- Uitbreiding van die getal eFundi- virtuele leerlokaleiteite tot 2 238. Hiervan was 1 580 aktiewe lokaleiteite, wat elk deur gemiddeld sewe studente gebruik is. Altesaam 18 106 studente en 526 dosente was aktiewe eFundi-gebruikers.
- Opgradering van lesinglokale om versoenbaarheid met die Onderrig- en Leertegnologie-raamwerk te verseker. Die totale begroting hiervoor in 2009 het R1,25 miljoen beloop, waarvan R750 000 aan die





opgradering van 57 klaskamers op die Vaaldriehoek- en Potchefstroomkampus bestee is.

- ❑ NWU-verteenwoordiging by nasionale en internasionale konferensies, insluitende die SAKAI-jaarvergadering vir Suidelike Afrika by die Universiteit van Kaapstad, NADEOSEA 2009-jaarkonferensie by die Universiteit van Suid-Afrika, TIDE 2009 by die Texas State-universiteit in die Verenigde State, SAKAI 2009-jaarkonferensie in Boston, VSA, AECT 2009 in Louisville, VSA, en die EDUCASE 2009-tegnologieskou in Denver, VSA.
- ❑ Besoeke aan die volgende universiteite om werksverhoudinge met OLT-eweknieë te vestig: Universiteit Kaapstad, MIT, Boston-universiteit, Texas State-universiteit, TUT en die Universiteit van Botswana.
- ❑ Die byeenroep van NWU-werksgroepe oor die Virtuele Leeromgewing, asook vir Studiemateriaal, Tegnologie, Innovasie, Maatskaplike Betrokkenheid, Versekering en OLT-navorsing.

### Institusionele Kwaliteitskantoor

In Maart 2009 is die institusionele kwaliteits-oudit van die NWU deur die HOKK uitgevoer. Die oudit is gegrond op 'n selfevalueringsverslag en portefeulje wat deur die Institusionele Senaat asook die Raad aan die einde van 2008 goedgekeur is. Die konsepverslag sal na verwagting in Januarie 2010 van die HOKK ontvang word. Die HOKK-Kwaliteitsoudit-projekspan, bestuur vanuit die Projektkantoor binne die kantoor van Visekanselier, sal die terugvoer aan die HOKK afhandel. Die finale HOKK-verslag word in Mei 2010 verwag en sal die opstel van 'n omvattende kwaliteitsverbeteringsplan tot gevolg hê.

Bo en behalwe die institusionele oudit het die Kwaliteitskantoor gedurende 2009 'n vol program gehad. Die kantoor het, in noue samewerking met die kampuskwaliteitskoördineerders, 'n verskeidenheid programevaluerings soos volg gefasiliteer:

Op die **Mafikengkampus** is eksterne evaluerings vir BSc-dieregesondheid, BSc-dierewetenskap en 'n vak-in-program-evaluering vir Ontwikkelingstudies gedoen. Verder het die HOKK volledige akkreditering vir die Kampus se Med-onderwysbestuursprogram goedgekeur.

Op die **Potchefstroomkampus** is die volgende programme ekstern geëvalueer: BA-taaltegnologie, Hons BTh, BScHons (Chemie) en die Universiteitsdiploma in Musiek. Die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding het ses eksterne programevaluerings uitgevoer. Die Skool se programme en sakeprogramme sal volgende in Maart 2010 deur 'n internasionale paneel van eweknieë uit Afrika, Australië, België en die Verenigde Koninkryk geëvalueer word.

Op die **Vaaldriehoekskampus** is twee eksterne vak-in-program-evaluerings uitgevoer, naamlik in Sakebestuur en in Ekonomie. Hierbenewens is een na-evalueringsbesoek uitgevoer om die vordering te evalueer wat daar gemaak is met die hantering van kwaliteitsverwante gapings wat geïdentifiseer is.

Die data wat uit programevaluerings verkry word, is van onskatbare waarde. Programmeienaars gebruik die terugvoer vir die NWU se akademiese programbelyningsproses, asook vir voortgesette kwaliteitsverbetering.

Een gebied waarop daar nog baie werk gedoen moet word, is om te verseker dat

alle kampusondersteuningsdienste gestandaardiseerde prosesse en prosedures volg om die kernbesigheid van die instelling te dien. Die behoefte hieraan is in die NWU se selfevalueringsverslag vir die HOKK-oudit geïdentifiseer, asook in die verslag oor Institusionele Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning wat deur prof Nan Yeld van die Universiteit van Kaapstad opgestel is.

Twee ondersteuningsdienseenhede wat as rolmodelle in kwaliteitsversekering na vore getree het, is die Institusionele Taaldirekoraat en Statistiese Konsultasiedienste op die Potchefstroomkampus. Beide eenhede is in 2009 deur hul eweknieë geëvalueer en vir hul harde werk en uitnemende vlakke van dienslewering gelooft.

## Loopbaansentrum

Die NWU se Loopbaansentrum streef daarna om die toonaangewende loopbaansentrum in Afrika te wees, wat afgeronde studente aan die mark voorsien deur 'n wye verskeidenheid dienste wat waarde vir werksoekers en voornemende werkgewers toevoeg. Sommige van die suksesse wat gedurende 2009 behaal is, sluit in:

- ❑ Aanbieding van loopbaanskoue wat gesamentlik 110 maatskappye gelok het, vergeleke met slegs 27 die vorige jaar.
- ❑ Bystand aan meer as 1 100 studente met loopbaanverwante navrae.
- ❑ Aanstelling van drie studente om met die Sentrum se daaglikse werk behulpsaam te wees, wat hulle in staat stel om waardevolle ervaring op te doen en ekstra inkomste te verdien.
- ❑ Daaglikse bywerking van die Loopbaansentrum se webwerf, bestaande uit 78 blaaie, en gereelde bekendstelling van nuwe, gebruikersvriendelike kenmerke, soos webskakels wat studente in staat stel om werkseleenthede in Suid-Afrika en internasionaal te soek.
- ❑ Totstandbrenging van die Loopbaansentrum se Facebook-groep (<http://www.facebook.com/group.php?gid=13996632866>), wat gebruik word om vakatures te adverteer en nuus oor loopbane en gebeurtenisse te versprei.

- ❑ Bekendstelling van 'n NWU-Loopbaansentrum-blog, sodat studente oor die webwerf en loopbaandienste kommentaar kan lewer.
- ❑ Verspreiding van die eerste NWU-loopbaangids aan studente op al drie kampusse in Maart 2009 en die publisering van die Loopbaansentrum-nuusbrief een maal per semester.
- ❑ Deelname aan die Magnet Student Survey vir 2009, waaraan 2 065 studente deelgeneem het – drie maal meer as in 2008. Die Magnet Student Survey word gegrond op inligting wat by tweede- en finalejaarstudente ingewin word wat in Handel, Ingenieurswese, Wetenskap en Geesteswetenskappe by tersiêre instellings in Suid-Afrika studeer.

## Ten slotte

Deur ons kliëntefokus te verbeter, meer innoverend met tegnologie te wees en die onderrigtalent van die NWU se akademiese personeel in te span, verstewig die onderrigleer-portefeulje die kwaliteit van onderrig en leer aan die Universiteit.

Die oorsigjaar het sy uitdagings opgelewer, veral wat betref vordering met voorgraadse akademiese programbelyning en koördinering van dele van die HOKK-oudit. Die sukses wat in feitlik elke aspek van die portefeulje se bedrywighede behaal is, het egter baie swaarder gewees as die probleme wat opgeduik het. Vir hierdie suksesse is die portefeulje dank verskuldig aan ons dienslewingsvennote regdeur die Universiteit, en in die besonder op die drie kampusse, vir die gees van spanwerk en samewerking wat deurgaans gedurende 2009 geheers het.



**DR MN TAKALO**  
UITVOERENDE DIREKTEUR:  
ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF





Prof N Themba Mosia

## Verslag van die Institusionele Registrateur

---

Die doeltreffende administrasie en goeie korporatiewe bestuur van die NWU het weer eens in 2009 die botoon gevoer toe die instelling erkenning ontvang het as die voorste Suid-Afrikaanse universiteit vir sover dit korporatiewe bestuur betref.

**Die Institusionele Registrateur**, met die ondersteuning van bevoegde personeel in die Departement, is bevoorreg om steun te kon verskaf aan die NWU-raad, die instansie in wie se hande die korporatiewe bestuur van hierdie instelling lê, om hul fidusiêre pligte en verantwoordelikhede met ywer te vervul.

Die Institusionele Registrateur se rol bestaan uit toesighouding oor die Universiteit se rekords en argiewe, voorsiening van sekretariaatdienste aan die Raad en hantering van institusionele korporatiewe bestuur, wat behels dat die doeltreffende bedryf van alle korporatiewe bestuurstrukture van die NWU verseker word.

In 2009 het die Institusionele Registrateur sy Departement herstruktureer om hierdie funksies verder te stroomlyn deur drie subafdelings se status tot dié van volledige departemente op te gradeer. Die betrokke departemente was Rekordbestuur en Administrasie, Institusionele Korporatiewe Bestuur en Sekretariaatdienste, en die Institusionele Argief en Museum. Daar is ook besluit dat Bestuursinligting met ingang van 2010 aan die Institusionele Registrateur sal rapporteer, ten einde samehang aan die aktiwiteite in die portefeulje te voorsien.

Hierbenewens het die Institusionele Registrateur, deur die Institusionele Taaldirekoraat,

voortgegaan om die NWU se pogings te versterk om 'n meertalige werks- en onderrig-omgewing tot stand te bring. Gedurende die jaar het 'n aantal onafhanklike waarnemers, insluitende die paneel wat die oudit van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee in Maart 2009 uitgevoer het, die Universiteit geloof vir ons leierskap in funksionele meertaligheid.

Verder het die Institusionele Registrateur tot die hoëronderwyslandskap bygedra deur sy betrokkenheid by verskeie eksterne liggame. Dit sluit in die Akkrediteringskomitee van die Raad op Hoër Onderwys, die Stigting vir Tersiêre Instellings in die Noordelike Metropol (as tesourier) en die Internasionale Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (as direkteur).

### 'n Veranderende regslandskap – hantering van die uitdagings

Regsdienste is oorkoepelend vir al die Universiteit se regsangeleenthede verantwoordelik. In 2009 het Regsdienste weer eens 'n wye verskeidenheid aangeleenthede hanteer wat feitlik elke vertakking van die reg gedek het.

In die oploop na die FIFA 2010-wêreldbeker was Regsdienste by 'n verskeidenheid bykomende aktiwiteite betrokke. Dit sluit in hantering van die regsaspekte van reëlings vir die NWU se Potchefstroomkampus om

## Herinneringe moet gekoester word; dit is vuurmaakhout vir die toekoms.

– PROF N THEMBA MOSIA,  
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR



gedurende die toernooi as basiskamp vir die Spaanse nasionale sokkerspan te dien. In hierdie opsig het Regsdienste nou met die plaaslike reëlingskomitee van die Wêreldbeker saamgewerk.

Regsdienste het verseker dat die Universiteit se belange beskerm is in litigasiesake en ander regsproesse, soos arbitrasie, waarby die NWU 'n party was. Die meeste van hierdie aangeleenthede het komplekse regs- en feitlike kwessies behels, wat die betrokkenheid van Regsdienste deur, onder andere, hoëvlakkonsultasies met advokate, hofverskynings en skikkingsonderhandelings genoodsaak het wat daarop gemik was om sake in die beste belang van die instelling af te handel.

Sommige van die meer strategiese aktiwiteite van Regsdienste gedurende die oorsigjaar verdien om spesifiek genoem te word:

- ❑ Die totstandbrenging van die NWU-trust vir Korporatiewe en Maatskaplike Belegging.
- ❑ Onderhandeling en kontraktering met die

Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SAFA) in die gesamentlike onderneming betreffende die NWU se Hoëprestasie-instituut. Die bedoeling is om 'n 2010-erfenisprojek tot stand te bring wat die Sportwetenskap- en Psigologie departement met Bafana Bafana en ander sokkerspanne en -afrigters verbind.

- ❑ Identifisering, ontwikkeling en aanbieding van strategiese steun aan opkomende "sake-eenhede" binne die NWU, en die bystaan van hierdie eenhede om met eksterne vennote saam te werk.
- ❑ In samewerking met 'n taakspan van die NWU se Menseregtekomitee is daar aktief deelgeneem aan die opstel van 'n verslag oor die uitkomst van die Institusionele Oudit oor Sosiale Kohesie. Hierdie oudit is uitgevoer teen die agtergrond van die Soudien-verslag oor Transformasie, Sosiale Kohesie en die Uitskakeling van Diskriminasie in Openbare Hoërondewys-instellings.
- ❑ Die neem van die inisiatief vir die totstandbrenging van 'n eie fietsrybaan (Velodrome), asook 'n BMX Super Cross-



- Prof Marlene Verhoef** 1  
DIREKTEUR: TAALDIREKTORAAT
- Me Elize Schutte** 2  
BESTUURDER: STUDENTE  
ADMINISTRATIEWE STELSELS
- Mnr Frans Kruger** 3  
DIREKTEUR: REGSDIENSTE
- Me Mary-Ann van Staden** 4  
BESTUURDER: INSTITUSIONELE  
KORPORATIEWE BESTUURS-  
EN SEKRETARIAATDIENSTE
- Me Amanda van der Merwe** 5  
BESTUURDER: REKORDBESTUUR  
EN ADMINISTRASIE
- Me Annette Kellner** 6  
HOOF: INSTITUSIONELE ARGIEWE  
EN MUSEUM



fietsrybaan op die Potchefstroomkampus. Hierdie fasiliteite sal aan die vereistes van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) en die Internasionale Fietsryfederasie ("UCI") voldoen, en sal voldoende onderdak-akkommodasie vir ongeveer 6 000 toeskouers voorsien. Die inisiatiewe in hierdie verband sal die naam van die NWU as 'n sentrum van uitnemendheid in internasionale fietsry verstewig. Alle verbandhoudende regswork word deur Regsdienste gedoen.

Aangesien dit van kritieke belang vir Regsdienste is om op die hoogte van nuwe ontwikkelings in korporatiewe reg te bly, word hul personeel aangemoedig om aan nasionale en internasionale konferensies, seminare en werksinkels deel te neem. In 2009 was Regsdienste bevoorreg om bykomende finansiële steun vir hierdie doeleindes van buitebronne te ontvang, soos groot regsfirmas met wie die kantoor gevestigde professionele verhoudings het.

Regsdienste bly bedag op die regsuitdagings wat met transformasie verband hou, in die besonder wat betref die kontemporêre hoërsonderwyslandskap en die grondwetlike waardes wat in die Handves van Regte verskans is. Hulle is ook verbind tot die ondersteuning van die Bestuur en die Raad in die verwesenliking van die waardes en missie-elemente wat in die NWU se Institusionele Plan vervat is.

### Verdere ontwikkeling van 'n funksioneel meertalige werks- en onderrigomgewing

Die NWU is trots op sy meertalige en multi-kulturele karakter en is daartoe verbind om homself in 'n ten volle funksioneel meertalige instelling te transformeer. Ons benadering is prakties en het daarop gefokus om werkbare oplossings te vind vir die uitdaging om 'n meertalige werks- en onderrigomgewing tot stand te bring.

Aanvanklik het die Institusionele Taaldirekoraat hoofsaaklik daarop gefokus om inkoop binne

die Universiteitsgemeenskap te vind vir die idee van totstandbrenging van 'n meertalige werks- en onderrig-leer-omgewing oor al die kampusse heen. Meer onlangs, en spesifiek in die afgelope twee jaar, het die NWU begin om tasbare bewys te sien van die waarde van ons belegging in funksionele meertaligheid.

Die jaar 2009 sal onthou word as 'n tydperk van merkbare vordering in die verdere implementering van die funksioneel meertalige beleid, met die klem op die verbetering van die kwaliteitsprosesse binne die Taaldirekoraat.

Opvoedkundige tolkdienste is ook verder uitgebrei. Teen die einde van die jaar was hierdie dienste in 10 voorgraadse programme op die Potchefstroomkampus en twee programme op die Vaaldriehoekskampus in gebruik. Gesamentlik het hierdie dienste ongeveer 600 periodes per week gedek.

Verskeie onafhanklike waarnemers het die NWU gekomplementeer oor hul taalbestuursbenadering, insluitende die paneel van die Hoërsonderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) wat die NWU vroeg in 2009 geoudit het. In hul voorlopige verslag het die paneel gunstige kommentaar gelewer op die innoverende wyses waarop die instelling die uitdagings hanteer het wat met meertaligheid en diversiteit gepaard gaan. Die opvoedkundige tolkdienste is as besonder oorspronklik uitgelig.

In 2009 het die Taaldirekoraat ook 'n eksterne portuurevaluering ondergaan. Die paneel van kundiges wat betrokke was, het die Universiteit ook met hul meertaligheidspogings gekomplementeer en verklaar dat die Direkoraat se benadering as 'n nasionale sowel as 'n internasionale norm beskou kan word.

### Implementering van rekordbestuur

In 2009 het die Institusionele Registrateur voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram regdeur die instelling te implementeer ten einde die kwaliteit, betroubaarheid en akkuraatheid



van die NWU se korporatiewe se rekords te verbeter. Die Rekordbestuursafdeling het 'n aantal hoogtepunte opgelewer:

- ❑ Die Afdeling is genooi om die interne Rekordbestuur-opleidingswerkwinkel by die 2009-konferensie van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (BIVSA) aan te bied.
- ❑ Rekordbestuursopleiding is aangebied vir 77 NWU-personelede, waarvan 11 die keuse uitgeoefen het om die kortkursus-evaluering te voltooi en die kortkursus-sertifikaat vir "Rekordbestuur in 'n Tersiêre Onderwysinstelling" ontvang het. Dit lewer ses krediete in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.
- ❑ 'n Finale lêerplan vir die NWU is voltooi en in Oktober 2009 deur die Institusionele Bestuur vir implementering regdeur die Universiteit goedgekeur.
- ❑ Die Raad het die hersiene Rekordbestuursbeleid van die NWU in 2009 goedgekeur. Prosedures is ook opgestel vir wegruiming, hantering van notules en notuleboeke, asook die instandhouding van fisiese rekordbewaringsgebiede.
- ❑ Rekordbestuur het die dokumentkamer vir die HOKK-oudit se terreinbesoek in Maart 2009 voorberei. Alle rekords waarna daar in die selfevalueringsportefeulje verwys word, tesame met sekere ander rekords wat oor kwaliteitsversekering handel, is ooreenkomstig rekordbestuursbeginsels in hierdie dokumentkamer versamel, geklas-

sifiseer en geliasseer. Dit was een van die hoogtepunte van die institusionele oudit wat die NWU van ander instellings onderskei het.

Hierdie vordering het die scenario geskep vir die volledige implementering van die rekordbestuursprogram na die Universiteitsgemeenskap in 2010, wat met 'n omvattende bewusmakings-, bemarkings- en opleidingsprogram begin het.

### Verbetering van dienslewering aan studente

Die NWU is daartoe verbind om deur voortgesette ontwikkeling van die Varsité-studentestelsel (VSS) en deur verbetering van die jaarboeke en roosters te verseker dat ons studenteadministrasieprosesse so doeltreffend en gerieflik moontlik is. Hier is sommige van die verbeterings wat in 2009 aan die VSS aangebring is:

- ❑ 'n Nuwe substelsel vir kortkursusse is geïmplementeer en kortkursusaanbieders het begin om hulself op die hoogte daarvan te bring. Vanaf 2010 sal alle kortkourseienaars die stelsel gebruik.
- ❑ 'n Nuwe poskodestelsel is geïmplementeer.
- ❑ Na gelang die spesifikasies vir die aflaa van graad 12-punte verander het, moes dit op kort kennisgewing gewysig word sodat die punte betyds vir die finale toelating van 2010-aansoekers beskikbaar sou wees.



- ❑ Werk met die opgradering van die studentegeldstelsel het begin ten einde beter funksionaliteit te voorsien, en dit sal in 2010 voltooi word.

Opleiding in die gebruik van die nuwe VSS-substelsels is aan nuwe en huidige gebruikers op al die kampusse voorsien. Jaarboeke is betyds vir die aanvang van die akademiese jaar geproduseer, ten spyte van geringe produksievertraging wat met die belyning van sperdatums vir alle jaarboeke verband gehou het.

Studenteadministrasiestelsels het ook eksamenroosters vir al die kampusse voorsien, tesame met klasroosters vir die Mafikengkampus en Vaaldriehoekkampus. Die Potchefstroomkampus is met die rooster vir die tweede semester bygestaan.

### Argief en Museums: van verlede tot hede

Die Universiteitsargief funksioneer as die NWU se korporatiewe geheue en bevat noodsaaklike en waardevolle historiese rekords wat deur personeel, studente en die algemene publiek gedeel word. Baie van die 265 nasionale en internasionale navrae wat ontvang is, was

versoeke vir foto's om tydens reünies en in publikasies en die media te gebruik.

Die Argief het bygedra tot die sukses van die volgende gebeurtenisse op die Potchefstroomkampus:

- ❑ Die FW de Klerk-uitstalling in die Ferdinand Postma-biblioteek. Hierdie uitstalling het nasionale persdekking geniet en is amptelik op 22 Januarie 2009 geopen.
- ❑ Die 140e-herdenking van die totstandkoming van die Potchefstroomkampus, wat 'n besoek aan die Teologiese Skool in Burgersdorp (Oos-Kaap), geboorteplek van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, ingesluit het.

Verskeie projekte is suksesvol gedurende 2009 voltooi, insluitende:

- ❑ Die aanbring van 10 nuwe uitstallings in die museum, insluitende twee oudiovisuele uitstallings en 'n interaktiewe uitstalling. Honneursstudente in Kommunikasiekunde was as deel van hul praktiese werk by laasgenoemde betrokke.



- ❑ Die indeksering van 2 056 foto's en inskandering van meer as 700 foto's.

Verskeie programme is van stapel gestuur, onder andere:

- ❑ Ondersteuning in die opleiding van NWU-personeel in rekordbestuur.
- ❑ Bystand aan NWU-departemente wat betref die wegruiming van rekords.
- ❑ 'n Kursus vir 171 studente in Sosiale Wetenskappe in die gebruik van primêre en sekondêre bronne. Hierdie kursus is ook via die elektroniese leerplatform, eFundi, beskikbaar gestel.
- ❑ Museumdag is op 20 Mei 2009 in samewerking met die Geologiemuseum van Omgewingswetenskappe en die Fakulteit Opvoedingswetenskappe-museum aangebied. Die komiteede van alle studentekoshuise is genooi om die museum op Museumdag te besoek.
- ❑ Die Genealogievereniging van Noordwes, die Potchefstroomse Munisipaliteitsmuseum en 'n Sweedse afvaardiging het ook die museums besoek.

Die Afdeling was behulpsaam met die argiefprogramme op die Mafikeng- en Vaaldriehoek-kampus. By die Argief van die Mafikeng-kampus is bykomende rakke geïnstalleer, nuwe kartondose verkry en voorsiening gemaak vir 'n assistent om met die administrasie te help. Op die Vaaldriehoek-kampus is personeel bygestaan met die implementering van vorms en prosedureriglyne asook die organisering van hul kluis vir die bewaring van noodsaaklike rekords.

## Voorsiening van professionele institusionele korporatiewebestuur- en sekretariaatdienste

Hierdie afdeling stel die Raad in staat om hul pligte optimaal te vervul deur uitstekende steun aan die Raad en die komitees daarvan te voorsien. Gedurende 2009 het Institusionele Korporatiewe Bestuur- en Sekretariaatdienste talle aktiwiteite en prosesse gefasiliteer wat

die Raad in staat gestel het om hul fidusiêre funksies te vervul.

Die eerste groot Raadsgebeurtenis van die jaar was 'n strategiese werkwinkel wat uitgeloop het op 'n 2020-visie vir die Raad en die samestellende dele daarvan. Nog 'n sleutelaktiwiteit was die omvattende selfevalueringsoefening wat die Raad onderneem het. Vir hierdie oefening het die Raad hul lede se bywoning van vergaderings, die vlak van onafhanklikheid van die Raad en die kwaliteit van hul besluitneming geëvalueer. Hierdie faktore is noodsaaklik om die Raad in staat te stel om rigting te gee en die Universiteit korporatief doeltreffend te bestuur.

Dit was duidelik uit die resultate van die evaluering dat Bestuur en ander belanghebbendes hoëkwaliteit-inligting aan die Raad voorsien, en dat die Sekretariaat van die Raad hierdie inligting verpak op 'n wyse wat die Raad in staat stel om gefokus te dink en die korrekte besluite te neem. Alle ander afdelings en departemente van die Universiteit is ook aangemoedig om selfevaluering te doen, wat 'n fundamentele deel van die NWU se kultuur van prestasiebestuur uitmaak.

Die Sekretariaat het die Raad ook bygestaan met die prosesse wat nodig is om vakatures in die Raad en Senaat asook in die Raadskomitees te vul. Hierdie taak was noodsaaklik om 'n volledige komplement van lede te handhaaf ten einde hoëkwaliteitbesluitneming te verseker.

Hierdie proses vir die verkiesing en aanstelling van die Kanselier van die Universiteit, soos voorgeskryf in die NWU-statuut, het daarop uitgeloop dat Kgosi Leruo Molotlegi as die voorkeurkandidaat goedgekeur is. Sy inhuldiging het in September 2009 plaasgevind.

## Administrasie van institusionele funksies en verantwoordelikhede

Die afdeling Rekordbestuur en Administrasie was instrumenteel in die opstel van die NWU



se inskrywing vir PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe Bestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys vir 2009, wat die Universiteit gewen het.

Wanneer die PWC-evalueringspan die inskrywings vir hierdie prestigetoekenning evalueer, kyk hulle na die funksionering van die volgende sleutelgebiede van korporatiewe bestuur in 'n hoëronderwysinstelling: Die Raad, Komitees van die Raad, Ouditkomitee, Interne Oudit, Finansiële Verslagdoening, Begroting en Risikobestuur.

Spesifieke aangeleenthede wat op elke sleutelgebied geëvalueer word, sluit die bywoning van vergaderings deur komiteelede in, asook die NWU se rekordhouding van komitees se werk, en die kwaliteit en doeltreffendheid van verslagdoening oor en evaluering van komiteewerkverrigting. Die Jaarverslag van die NWU, veral die Raad se verklaring oor korporatiewe bestuur, is 'n integrale deel van die evalueringsproses.

In elke kompetisiekatgorie was die NWU se punt hoër as die gemiddelde, en die Universiteit het die maksimum punte behaal vir die volgende kategorieë: Ouditkomitee, Interne Oudit, Begroting en Finansiële Verslagdoening.

Drie gebiede wat spesiale aandag van die NWU in 2010 sal ontvang, is die kategorieë van die Raad, Komitees van die Raad en Risikobestuur.

Nog 'n belangrike taak was die koördinerings van die Universiteit se Jaarverslag vir die 2008-

akademiese jaar. Die Universiteit produseer twee weergawes van die Jaarverslag, op grond van die behoeftes van die teikengehore, naamlik belanghebbendes en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Hierdie afdeling is verantwoordelik vir die insameling van die inligting vir albei weergawes, maar is uitsluitlik verantwoordelik vir die finale verslag wat die NWU aan die Departement moet voorlê ingevolge die riglyne in Goewermentskennisgewing 691 van 2007. Dienooreenkomstig is 'n weergawe wat aan die regsvereistes voldoen op 30 Junie 2009 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien.

Die afdeling het ook tot die gladde funksionering van die NWU gedurende 2009 bygedra deur:

- Te verseker dat die institusionele kalender vir 2010 teen Junie 2009 voltooi en deur die Raad goedgekeur is.
- Bestuur van ex officio-Kommissarisse van Ede, waarvan 75 regdeur die Universiteit dienste gelewer het, en die aanbieding van opleiding in die regsaspekte aan alle kommissarisse gedurende vier verpligte werkswinkels.
- Hantering van sewe versoeke ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.
- Produksie en verspreiding van wat bekend staan as die Institusionele Kantoor-boekie, wat inligting bevat oor die funksies en kontakpersone van die Institusionele

Die Institusionele Registrateur se rol bestaan uit **toesighouding** oor die Universiteit se **rekords en argiewe**, voorsiening van **sekretariaatsdienste** aan die Raad en **hantering** van institusionele korporatiewe bestuur.

– PROF N THEMBA MOSIA, INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

- Kantoor van die NWU en om die werk te bevorder wat die Institusionele Kantoor ter ondersteuning van die kampusse doen.
- ❑ Lewering van 'n professionele pos- en bodediens aan die Institusionele Kantoor.
  - ❑ Bywerking van die Universiteit se inligting in verskeie plaaslike, nasionale en internasionale publikasies.

Die Afdeling het ook 'n projek begin om die bestuur van beleide regdeur die Universiteit te verbeter, wat 'n tekortkoming is wat die NWU self geïdentifiseer het. Hierdie afdeling sal verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om NWU-beleide sentraal te bestuur en te administreer om voldoening en eenvormigheid te verseker.

### Ondersteuning van alumni deur konvokasieadministrasie

Die Konvokasie, 'n statutêre liggaam, funksioneer as een van die Universiteit se verteenwoordigende liggame in die Raad. Hul hoof funksies is om die standpunte van die alumni in die Raad te verteenwoordig, samewerking onder alumni te bevorder en lede in die Raad te verkies.

Ten einde die Konvokasie in staat te stel om hul regmatige rol in Universiteitsake te speel, het die Institusionele Registrateur in Julie 2008 die Kantoor vir Konvokasiesake tot stand gebring.

Die Konvokasiekantoor rapporteer direk aan die Institusionele Registrateur en is verantwoordelik vir algemene en vergaderingsadministrasie, asook vir die instandhouding van die Konvokasierol en skakeling met die lede daarvan. Gedurende 2009 het die Konvokasiekantoor ongeveer 6 300 Konvokasielede ondersteun.

'n Mylpaal vir die jaar was die implementering van KIDZ AFRICA, 'n bestuurstelsel vir die organisering, bewaring en verwerking van biografiese inligting oor alumni en konvokasielede.

Nog 'n hoogtepunt was die verkiesing van twee nuwe Raadslede wat die Konvokasie verteenwoordig. Volgens die Statuut van die NWU word die Konvokasie deur vier lede in die Raad verteenwoordig. Op 7 Augustus 2009 het die ampstermyne van twee van die Konvokasieverteenwoordigers in die Raad verstryk.

Die lede van die Konvokasie is daarna genooi om kwalifiserende kandidate te nomineer en, gedurende 'n verkiesingsproses in Junie en Julie 2009, is twee Raadslede aangewys om die Konvokasie te verteenwoordig. Die nuwe lede, adv JSM Henning, SC en dr D Hermann, het hul poste in die Raad op 26 Junie 2009 ingeneem.

### Ten slotte

Daar bestaan geen twyfel dat die Universiteit weer eens sy vermoë gedemonstreer het om aanspreeklik en doeltreffend te wees en goed bestuur te word, terwyl hy ook innoverend en kliëntgefokus is. Die Institusionele Registrateur is trots om tot die NWU se leierskap in hoërondewysadministrasie en korporatiewe bestuur te kon bydra, en is daartoe verbind om te verseker dat die Universiteit 'n rolmodel in die tersiêre onderwyssektor bly.



PROF NT MOSIA  
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR



Mnr Victor Mothobi

# Verlag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling

As 'n universiteit wat daarna streef om toonaangewend in Afrika te wees, is dit noodsaaklik vir die NWU om hoëkwaliteitsvakkundiges vir sy kernbesigheid te lok en te behou, asook dinamiese, innoverende leiers om sy bedryfs- en finansiële sukses op die lang termyn te verseker.

**Net so belangrik** is die behoefte om 'n veilige, billike en bevredigende werksomgewing vir personeel, 'n doeltreffende leeromgewing vir studente en 'n algehele kultuur van verdraagsaamheid, regverdigheid en respek vir menseregte te verseker.

Hierdie imperatiewe is aan die direktoraat Mensontwikkeling toevertrou en in die Institusionele Plan as spesifieke doelwitte en teikens vervat. Die Direkoraat, in noue samewerking met ander institusionele direktorate en die akademiese en ondersteunings-eenhede op die kampusse, het goed presteer teen teikens vir 2009, veral op die gebiede van werknemertevredenheid, diversiteitsopleiding, werknemerwelstand en leierskapsontwikkeling.

## Mensontwikkeling in 'n oogopslag

Die Direkoraat het vier hoof funksies, naamlik:

- ☐ Mensehulpbronne Bedryf, wat verseker dat die NWU in staat is om vaardige,

gemotiveerde en beginselvaste personeel te lok;

- ☐ Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, wat 'n institusionele kultuur bevorder waar menseregte gerespekteer, diversiteit konstruktief ingespan en daar voortgesette transformasie van die personeelprofiel is;
- ☐ Leierskaps- en Bestuursontwikkeling, wat verseker dat die Universiteit oor die leierskapsbevoegdheids beskik wat vir organisatoriese doeltreffendheid op die lang termyn vereis word; en

## Personeelkomplement van die NWU

NWU-werknemers	2008	2009
Permanent	2 753	2 853
Tydelik	3 209	3 255
<b>Totaal</b>	<b>5 962</b>	<b>6 108</b>

## Werknemer-kategorieë

Kategorie	2008	2009
Professionele onderrig/navorsing-personeel	1 252	2 696*
Uitvoerende/administratiewe/bestuursberoepslui	113	121
Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel	1 006	454
Tegnies	295	283
Nieprofessionele administrasie	2 839	2 098
Ambagte	41	37
Diens	416	419
<b>Totaal</b>	<b>5 962</b>	<b>6 108</b>

\* Totaal sluit tydelike en permanente personeel in

Moenie moed opgee nie: **sukses is die som** van **herhaalde pogings, toewyding**, en **moed**.

– MNR VICTOR MOTHABI, UITVOERENDE  
DIREKTEUR: MENSONTWIKKELING

### Geslagsprofiel

Geslag	2008	2009	2008	2009
Vroulik	3 309	3 416	56%	56%
Manlik	2 653	2 692	44%	44%
<b>Totaal</b>	<b>5 962</b>	<b>6 108</b>		

### Demografiese samestelling

Ras	2008	2009	2008	2009
Afrikaan	1 996	2 003	34%	33%
Bruin	136	159	2%	3%
Indiër	49	60	1%	1%
Wit	3 777	3 886	63%	63%
Onbekend	4	0	0%	0%
<b>Totaal</b>	<b>5 962</b>	<b>6 108</b>		

- Studentesake en Sport, wat verseker dat die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) aan die korporatiewe bestuurstrukture van die NWU deelneem. Hulle ontvang ook opleiding oor hul rolle as studenteiers en lewer insette in die bestuurstrukture van die Universiteit, terwyl hulle ook sosiale kohesie onder studente bevorder deur deelname aan sportaktiwiteit aan te moedig.

### Mensehulpbronne- bedrywighede

Een van die belangrikste maatstawwe van werknemertevredenheid by die Universiteit is die tweejaarlikse Kultuur- en Klimaatopname. Die basislynopname is in 2005 gedoen, gevolg deur opnames elke twee jaar, eers in 2007 en daarna in 2009. Die Kultuur- en Klimaatopname word deur Mensehulpbronne gekoördineer en uitgevoer deur 'n onafhanklike navorsingsinstansie. Dit stel die Raad en Bestuur in staat om kwessies te identifiseer waarvoor personeel besorg is, asook gebiede waarop daar die persepsie bestaan dat die NWU goed vaar deur 'n bevredigende werksomgewing te skep.

Voorlopige terugvoer op die opname wat in 2009 uitgevoer is, toon dat die algehele responskoers en algemene terugvoer vanaf deelnemers veel meer positief is as gedurende vorige opnames. Die gedetailleerde bevindinge sal vroeg in 2010 beskikbaar wees wanneer dit, tesame met die organisatoriese terugvoerprosesse en die organisasie se respons op die bevindinge, gerapporteer sal word.

Mensehulpbronne het 'n aantal ander suksesvolle projekte onderneem wat daarop gerig was om die NWU se vermoë te verbeter om talent te lok en te behou:



1  
2 3 4



**Dr Edward Sedibe** 1  
DIREKTEUR: STUDENTESAKE EN SPORT  
**Mnr Christé de Wit** 2  
DIREKTEUR: MENSEHULPBRONNE BEDRYF  
**Prof Madoda Zibi** 3  
DIREKTEUR: DIVERSITEIT, GELYKHEID  
EN MENSEREGTE  
**Prof Chris van der Watt** 4  
DIREKTEUR: LEIERSKAPSAKADEMIE  
EN ORGANISASIEAVORSING



- ❑ Vyf mediesehulpskemas is geïmplementeer, wat aan personeellede die buigsaamheid gegee het om aan die skema te behoort wat hulle behoeftes die beste pas. 'n Nuwe makelaar is aangestel om 'n diens op al die kampusse te lewer.
- ❑ 'n Nuwe groeplewenskema is in plek gestel. Die voordele van die nuwe skema sluit traumadekking en gadedekking in. Die koste van die nuwe skema is veel laer as die vorige skema en elke personeelid het 'n voordeelstaat ontvang.
- ❑ Die Afdeling het begin om die moontlikheid te ondersoek om 'n selfhelpdiens op die huidige mensehulpbronbestuurstelsel te implementeer, wat elektroniese verlofadministrasie sal fasiliteer. 'n Sakeplan en projek vir die implementering van 'n selfhelpdiens sal vir goedkeuring aan die Visekanselier voorgelê word.

Met toekomstige werwing in gedagte het Mensehulpbronne begin om 'n ideale personeelprofiel vir die NWU te ontwikkel. Die vertrekpunt was om inligting oor bestaande vakatures in te samel, en die oogmerk is om 'n goed ingeligte personeelkomplementraamwerk teen Oktober 2010 aan Bestuur voor te lê.

## Diversiteit, gelykheid en menseregte

Een van die NWU se sterk punte is sy multikampusmodel, wat aan die Universiteit 'n beduidende geografiese voetspoor verleen. Terselfdertyd is dit 'n uitdaging om 'n multikampusuniversiteit te wees, veral wat betref die skepping van 'n gemeenskaplike institusionele kultuur onder alle studente en personeel. In die strewende na eenheid gedurende 2009 het die afdeling intensief gefokus op inisiatiewe wat wisselwerking oor kampusse heen, sosiale kohesie en interkulturele waardering bevorder.

### ❑ Inspan van diversiteit

Die jaar 2009 is gekenmerk deur 'n weg-beweeg van die konvensionele diversiteitsopleidingsbenadering ten gunste van 'n innoverende industriëleteater-program deur die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling. Hierdie benadering is gekies nadat terugvoer vanaf 'n dwarsdeursnee van personeel oor diversiteitsaangeleenthede verkry is. Industriëleteater-opvoerings is gedurende Augustus 2009 op al drie kampusse aangebied.

Personeel wat die produksies bygewoon het, is gevra om vraelyste oor die doeltreffendheid

van die benadering van industriële teater te voltooi. Ongeveer 70% van die respondente het gerapporteer dat die teaterproduksie hul bewustheid van diversiteitskwessies verhoog het. Verskeie opmerkings is gemaak wat gedui het op 'n positiewe neiging tot sosiale kohesie, met voorbeelde soos, "Mense kan saamwerk, ten spyte van verskille", "Diversiteit kan 'n sterk punt wees" en "Interaksie en groepdinamiek moet aangemoedig word".

'n Opvolg-werkswinkel is op 18 November 2009 gehou om kwessies te bespreek wat deur die vraelyste geopper is. Die uitkoms sal met Bestuur bespreek en dan in 'n later stadium gerapporteer word.

Benewens die industriëleteater-program is 'n aantal ander inisiatiewe geneem om diversiteit uit te lig, soos die studentekultuurdag en seminaar oor diversiteit wat op die Vaaldrie-hoekcampus aangebied is.

In die voortbou op hierdie fundamente sal die NWU in 2010 'n transformasiehandves finaliseer en 'n voorspraakveldtog vir transformasie en kohesie ontwikkel en uitrol.

#### □ **Indiensnemingsgelykheid**

Die Institusionele Plan sit realistiese strekdoelwitte vir indiensnemingsgelykheid uiteen, wat bereik sal word deur 'n kombinasie van eksterne werwing en interne kapasiteitsbou. Daar word gereeld oor vordering – gemeet teenoor die doelwitte – verslag gedoen aan die NWU-raad en hul komitees. Die proses van doelwitstelling vir afdelings is dinamies en die Direkoraat moniteer en evalueer dit voortdurend.

'n Belangrike platform vir konsultasie oor indiensnemingsgelykheid is die Institusionele Forum vir Indiensnemingsgelykheid en Vaardighedsontwikkeling (IFIGVO) wat verskeie taakspanne het wat gespesialiseerde insette lewer oor aangeleenthede soos struikelblokke vir doeltreffende transformasie. Kampus-FIGVO's het ook regdeur die jaar gefunksioneer en het werksplekverwante verslae vir oorweging en verdere optrede deur die Institusionele FIGVO voorgelê. In die komende

jaar sal hierdie forums bygestaan word om selfs beter te funksioneer.

Die NWU is voornemens om die instelling en sy fasiliteite meer toeganklik vir mense met gestremdhede te maak. Met dit in gedagte is 'n breë oudit van fisiese infrastruktuur op al die kampusse uitgevoer en 'n verslag ingedien. Dit sal met konkrete aksieplanne gedurende die komende akademiese jaar opgevolg word.

#### □ **Menseregtekomitee**

Met die aanstelling van advokaat Solly Sithole, SC, het die bogenoemde komitee 'n nuwe fase van professionaliteit betree. Advokaat Sithole het wye ervaring as beide 'n prokureur en 'n akademikus aan die voormalige Universiteit van die Noorde. Hy het verder as 'n lid van die Raad van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sowel as van die Noordwes-Universiteit gedien.

Die Komitee het in 2009 twee sake hanteer. By die een saak was 'n personeellid betrokke wat teen 'n student op grond van seksuele oriëntasie gediskrimineer het. Die saak is hanteer en in der minne geskik.

Die tweede saak het gehandel oor wit studente wat na bewering rassistiese aanmerkings teenoor 'n swart student gemaak het. Hierdie aangeleentheid is uitgestel hangende ontvangs van skriftelike verklarings van die getuies. Die verhoor is geskeduleer om in Februarie 2010 plaas te vind.

#### **Werknemerwelstand**

Die NWU se goed gestruktureerde Werknemerswelstandprogram het regdeur 2009 aan werknemers gratis toegang tot 'n verskeidenheid gesondheids- en fiksheidsdienste gelewer. Dit het gesondheidsdae, algemene fiksheidsprogramme, gesondheidsifting, stres- en tydsbestuurwerkswinkels en ondersteuningsgroepe ingesluit.

Beduidende getalle personeel van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse, tesame met hul gades, het met Werknemerswelstand kontak gehad. Altesaam 6 976 mense het in

Waar ons in die **kennisbedryf** staan, bly ons **mensekapitaal** ons **belangrikste bate**, en in hierdie opsig spreek ek ook my dank uit teenoor Bestuur en die personeel wat in 2009 tot nog 'n **uitnemende prestasie** bygedra het.

– DR THEUNS ELOFF, VISEKANSELIER

2009 aan welstandsprogramme deelgeneem, wat bestaan het uit:

- 1 237 werknemers van die Institusionele Kantoor en hul gades.
- 1 469 werknemers van die Mafikengkampus en hul gades.
- 3 632 werknemers van die Potchefstroomkampus en hul gades.
- 635 werknemers van die Vaaldriehoek-kampus en hul gades.

### Hoëronderwys-MIV/Vigs-program (HEAIDS)

In November 2009 het die NWU die projek van 23 maande voltooi wat deur HEAIDS befonds is om behulpsaam te wees met die bestuur en verligting van die impak van MIV/Vigs op studente, personeel en die Universiteitsgemeenskap in die breë. Die projek het in Desember 2008 'n aanvang geneem en is met 'n skenking van R3,3 miljoen deur HEAIDS geïmplementeer.

Die HEAIDS-toekenning het die Universiteit in staat gestel om:

- 'n Geïntegreerde navorsingsbestuursinligtingstelsel bekend as InfoEd te implementeer. Hierdie stelsel dien as 'n verwysingspunt vir alle navorsing oor MIV/Vigs.
- 'n Elektroniese gesondheidsbestuursstelsel, bekend as Optilife, by die gesondheidsorg-klinieke op al drie kampusse in te stel. Hierdie stelsel genereer betroubare verslae vir bestuursdoeleindes en vir deurlopende monitering en evaluering.
- 'n Institusionele monitering- en evalueringstelsel te ontwikkel en te implementeer. Hierdie stelsel is daarop gemik om die NWU van bruikbare inligting te voorsien.
- 'n Geïntegreerde kommunikasie-strategie oor MIV/Vigs te ontwikkel wat oor die volgende drie jaar strek.
- Vier kortkursusse oor MIV/Vigs te ontwikkel en te registreer en akademië sowel as personeellede van gesondheidsorgsentrums op te lei.
- Die nodige mediese toerusting vir al drie kampusklinieke aan te koop.

Drie eksterne finansiële oudits is gedoen om die projekbesteding na te gaan. Die eerste oudit het die tydperk van Januarie tot Julie 2008 gedek, terwyl die tweede oudit vir die tydperk van Augustus tot Junie 2009 was. Die finale verslag het die tydperk van Julie 2009 tot Desember 2009 gedek. Die bevindinge van laasgenoemde word in Maart 2010 verag.

### Leierskap en bestuursontwikkeling

Leierskaps- en bestuursontwikkeling was in 2009 vir Menseontwikkeling 'n prioriteit. In die geval van Bestuur was die fokus op die ontwikkeling van 'n dinamiese, beweeglike en buigsame leierskap met die vermoëns om mense en hulpbronne in die NWU se multikampusmodel te bestuur. In die geval van studenteleierskap was die klem op bemagtiging van nuutverkose lede van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad.

### NWU-leierskapsakademie

Bestuursontwikkeling word deur die NWU-leierskapsakademie gedryf, wat gedurende die vorige jaar tot stand gebring is. Gedurende 2009 het die volgende ontwikkelingsingrepe plaasgevind:

- Drie ontwikkelingsprogramme is aangebied, wat op grondslagbevoegdheids-, oorbruggingsbevoegdheids- en leidinggewingsbevoegdheids- gekonsentreer het. Ongeveer 36 senior bestuurders het hierdie programme oor altesaam 11 dae in die loop van die jaar gevolg.
- Altesaam 89 middelbestuurders het twee ontwikkelingsprogramme bygewoon wat grondslag- en oorbruggingsvaardighede gedek het. Hierdie programme is oor altesaam nege dae aangebied.
- Alle deelnemende bestuurders het selfevaluerings voltooi en verslae en terugvoer ontvang om hul selfontwikkeling te lei.
- Bestuurders het ook multi-evaluerings ondergaan waarin hulle deur bestuurders op die volgende vlak en genomineerde eweknieë, kliënte en ondergeskiktes vir hul individuele leierskapstyle geëvalueer





is. Bestuurders het gestruktureerde individuele terugvoer oor hul leierskap en bestuursontwikkelingsplanne ontvang.

Die deelnemende bestuurders het al die programfasiliteerders, aanbiedings en uitkomste geëvalueer. Op 'n sespuntskaal het die evaluerings gemiddeld tussen vier en vyf gelê, wat 'n weerspieëling van baie positiewe evaluerings is. Bestuurders wat die 2009-program voltooi het, sal aan 'n aantal vaardigheidsgebaseerde werkswinkels in 2010 deelneem voordat hulle hul sertifikate van die NWU ontvang.

Ander inisiatiewe word ook geïmplementeer, soos bestuursleiding vir individuele bestuurders en 'n elektroniese platform vir kommunikasie met en tussen bestuurders onderling.

## Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad

Die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) het gedurende 2009 by 'n intensiewe program van leierskaps- en vaardigheidsopleiding baat gevind.

- ❑ Hulle het 'n leierskapsopleidingswerkswinkel op 23 en 24 Januarie 2009 bygewoon, waar die Visekanselier en die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling aanbiedings oor Bestuur se verwagtinge van die IVSR gedoen het.
- ❑ Op 4 Maart 2009 het lede van die IVSR en huiskomiteevertenwoordigers 'n werks-

winkel oor Kommunikasievaardighede bygewoon wat in Potchefstroom aangebied en gefasiliteer is deur prof Cecil Bodibe, wat in studenteaangeleenthede spesialiseer.

- ❑ Tussen 15 en 20 Maart 2009 het al die IVSR-lede deelgeneem aan die paneelonderhoude wat vir die Hoëronderwyskwaliteitskomitee se oudit gehou is.
- ❑ Op 21 Maart 2009 het IVSR-lede en ander studente van die drie kampusse die Menseregte-dag-vierings op die Mafikengkampus bygewoon.
- ❑ Gedurende die naweek van 22 tot 24 Mei 2009 het die IVSR 'n landmerk-besoek aan die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit van Pretoria en die Tshwane-universiteit vir Tegnologie gebring, waar hulle samesprekings met hierdie universiteite se VSR'e gehou het.
- ❑ IVSR-lede het die SAUS-konferensie bygewoon wat gedurende die Juniereses op Pretoria-universiteit se Hammanskraalkampus aangebied is. Me Busisiwe Khaba van die Vaaldriehoekkampus is as een van uitvoerende lede van die SAUS verkies.

Suksesvolle VSR-verkiesings vir die tydperk 2009/2010 is tussen Julie en Augustus 2009 op die kampusse gehou. Die nuut verkose IVSR het hul eerste vergadering op 11 September 2009 gehad om rekords van die uittrede IVSR te ontvang. Die nuwe IVSR is ingehuldig, met mnr Sephiwe Mbatha van die Vaaldriehoekkampus as die nuwe IVSR-president. Die nuwe IVSR is ingelyf, met mnr Boitshoko Eugene Khokhong van die Mafikengkampus as die nuwe IVSR-voorsitter.



Op versoek van die Visekanselier en ook vir die eerste keer in die geskiedenis van die NWU het al die lede van die Kampus-VSR's van 16 tot 18 Oktober 2009 'n leierskapopleidingswerkswinkel by Valley Lodge in Magaliesburg bygewoon. Dit is gefasiliteer deur mnr Tony Manning, 'n leierskapskonsultant van Johannesburg.

Die IVSR-sekretaris en Voorsitter van die Potchefstroomkampus se VSR, me Adele Croucamp, het die Abe Bailey-reisbeurs ontvang en het die Verenigde Koninkryk gedurende November 2009 besoek. Sy was ook die wenner van die Mandela Rhodes-beurs om haar meestersgraad vanaf Januarie 2010 te doen.

Die IVSR het aan die Institusionele korporatiewe bestuurstrukture van die NWU deelgeneem, soos die Senaat, die Raad, Institusionele Forum en Institusionele Komitee oor Studentesteundienste (IKSSD). Hulle was ook betrokke by die aanstelling van die nuwe rektore van die Vaaldriehoek- en Potchefstroomkampus.

### Sport


Gedurende 2009 is twee interkampus-sportdae vir studente gehou. Die eerste hiervan is op 21 Maart 2009 op die Mafikengkampus en die tweede op 3 Oktober 2009 op die

Mafikengkampus gehou. Albei sportdae was 'n groot sukses en het die doelwit bereik om studente van oor al drie kampusse byeen te bring.

### Ten slotte

Vir Mensontwikkeling was die oorsigjaar beslis nie 'n geval van bloot die gewone sake nie. In ooreenstemming met die innoverende karakter van die NWU in die geheel het die Direkoraat kreatiewe nuwe wyses ondersoek om personeel vir diversiteitskwessies te sensiteer, om bestuurders te help om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel en om studenteverteenvoordigers te bemagtig om hul leierskapspotensiaal te ontwikkel. Hierdie vars perspektief het hernude stukrag verleen aan die Universiteit se pogings om te werk vir verhoogde eenheid as 'n multikampusinstelling wat vasbeslote is om homself voortdurend te transformeer ten einde aan die behoeftes van Suider-Afrika te voldoen.

**MNR VL MOTHOB**  
UITVOERENDE DIREKTEUR:  
MENSONTWIKKELING





Me Phumzile Mmope

## Verlag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge

---

Die gees van samewerking het kommunikasie by die NWU gedurende 2009 gekenmerk, met Korporatiewe Sake en Verhoudinge wat 'n fasiliterende rol tussen die drie kampusse gespeel het om 'n kultuur van spanwerk en aanmoediging van oop en eerlike kommunikasie te skep.

**Ten einde 'n** gevoel van eenheid in die bemarkings-, kommunikasie- en handelsmerkfunksies van Universiteit te verseker, het die Afdeling en hul eweknieë op die kampusse saamgewerk om nuwe norme te stel en gebiede van samewerking te identifiseer.

### Kultuur van samewerking

In 'n vertoning van samewerking wat bo kampusgrense uitgestyg het, het die drie bemarkings- en kommunikasieafdelings kragte saamgesnoer met Korporatiewe Sake en Verhoudinge om 'n aantal roluitklaringswerksinkels te hou.

Op hierdie wyse het die vier sake-eenhede gesamentlik hul kernfunksies, mandate en verantwoordelikhede geïdentifiseer, hul rolle in 'n multikampuskonteks uitgeklaar en ooreengekom om saam aan gemeenskaplike kommunikasie- en bemarkingsdoelwitte te werk.

Die hoofdoelstelling van die voortgesette samewerking tussen die vier sake-eenhede is om prosesse, prosedures en beleid met betrekking tot kommunikasie, bemarking, handelsmerk vestiging, belanghebbersinligting, kommunikasieverhoudinge en spesiale gebeurtenisse te stroomlyn en te belyn. Dit sal verseker dat die NWU geïntegreerde strategieë het wat die doelwitte en teikens van die Institusionele Plan ondersteun.

Die voordele van samewerking werp reeds vrugte af. Voorlopige terugvoer toon dat die Universiteit duidelik en konsekwent met interne en eksterne belanghebbendes kommunikeer, wat beter handelsmerkposisionering en doeltreffender bestuur van perspsies van belanghebbendes tot gevolg het.

Interkampusamewerking het ook die voordele uitgelig van die NWU se unieke bestuursmodel deur 'n deelnemende werksverhouding onder die vier sake-eenhede met individuele aanspreeklikheid van die kant van elke individuele eenheid te kombineer.

### Behou kontak

Gekoördineerde kommunikasie met interne belanghebbendes het gehelp om 'n gevoel van tuishoort onder personeel te bevorder, die Universiteit se posisionering as 'n toonaangewende universiteit in Suid-Afrika te verstewig en 'n begrip van die NWU se missie te verbeter, in ooreenstemming met die vereistes van die Institusionele Plan.

Vier uitgawes van die interne nuusbrieff *Eish!* is onder alle personeel in alle sake-eenhede versprei en het inhoud vanaf die Institusionele Kantoor en die drie kampusse bevat. 'n Aanduiding dat die NWU-gemeenskap eienaarskap van hierdie publikasie geneem het, was die hoë vlak van wisselwerking tussen die

In ons strewe om die Noordwes-Universiteit te positioneer as 'n **waardegedrewe, innoverende en wêreldwyd erkende** instansie wat **diversiteit** met entoesiasme aanvaar, behoort ons almal 'n bydrae te lewer om die NWU-handelsmerk **uit te bou** en te **kristaliseer**.

– ME PHUMZILE MMOPE, UITVOERENDE DIREKTEUR:  
KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE

redaksionele span en NWU-personeellede deur gereelde rubrieke en kompetisies.

Die NWU se Korporatiewe Profiel is in Julie 2009 in Engels en Afrikaans gepubliseer. Albei tale is vir die eerste keer in dieselfde publikasie ingesluit, en 'n opsomming van een bladsy in Setswana is bygevoeg. Weer eens het 'n uitvoubladsy hoërondwysinligting en institusionele statistiek voorsien, wat die NWU aan die norm van die hoërondwyslandskap meet.

Bo en behalwe hierdie gedrukte kommunikasie-middele het die afdeling Korporatiewe Sake en Verhoudinge uiters doeltreffend van elektroniese media soos die daaglikse elektroniese kennisgewing aan personeel, bekend as @NWU, die maandelikse nuusbrief van die Visekanselier en dringende en krisiskommunikasiebulletins sowel as e-kaarte en uitnodigings gebruik gemaak.

## Webherontwikkeling

Die beplanning vir die herontwikkeling van die NWU-webwerf was gedurende die oorsigjaar 'n prioriteit. Die herontwikkelde webwerf word in fases uitgerol, vanaf vroeg in 2010, met 'n oorsig van die NWU as 'n organisasie en met aanbieding van geselekteerde inhoud uit drie akademiese fakulteite, een van elke kampus. Sodra dit volledig uitgerol is, sal die webwerf 'n sleutelkommunikasie- en beeldboubate vir die NWU wees.

## Eksterne kommunikasie

Om die Universiteit onder sleutelbelanghebbendes te positioneer is 'n nasionale reklameveldtog gelyktydig in vier Sondag-

koerante van stapel gestuur. Benewens die vestiging van die handelsmerk het die veldtog ook die boodskap aan alle belanghebbendes oorgedra dat die NWU 'n "toonaangewende Universiteit in Suid-Afrika is". Dieselfde boodskap is in verskillende sake- en bedryfspublikasies herhaal. Die algehele respons was positief en het die logika daarvan uitgelig om weg te beweeg van publisiteit van spesifieke kampusse en in stede daarvan oor die NWU in die geheel te kommunikeer. Dit sal in 2010 'n prioriteit wees.

Korporatiewe publikasies is ook regdeur 2009 gebruik om die Universiteit se handelsmerk te vestig en sy strategiese sleutelboodskappe te verstewig. Die gedrukte vlagskipublikasies was:

- ❑ Die 2008-jaarverslag, gebaseer op die tema "Innovasie deur diversiteit", wat ook die Universiteit se slagspreuk is. Dit is op 30 Junie 2009 aan die Departement van Onderwys voorgelê. Daarna is 'n glansweergawe in Engels en Afrikaans gepubliseer en as 'n bemarkingshulpmiddel aan verskillende belanghebbendes versprei, insluitende die Noordwes-Wetgewer. Hierdie weergawe het ook besuursopsommings in Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho gehad.
- ❑ Twee nuwe publikasies, een wat handel oor die implementering van kundigheid by die NWU en die ander wat op alumni van al drie kampusse gerig is.

Mediamonitoring is regdeur 2009 voortgesit. Dekking gedurende hierdie ontledingstydperk was hoofsaaklik positief en het bestaan uit altesaam 234 gunstige media-items, vergeleke



1 2

Mnr Louis Jacobs 1  
DIREKTEUR: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE  
Mnr Willem Booysen 2  
DIREKTEUR: INSTITUSIONELE BEVORDERING  
EN SAKEONTWIKKELING



met 26 ongunstige items. Die positiewe dekking het uit 201 items in die gedrukte, 12 items in die uitgesaaide en 21 aanlynmedia bestaan, terwyl die ongunstige dekking uit 17 items in die gedrukte, drie in die uitgesaaide en ses in aanlynmedia bestaan het. Hierdie syfers sluit nie die 3 247 items in wat as feitelike en gebalanseerde items gekategoriseer is nie, wat hoofsaaklik daaruit bestaan het dat spesialiste van die Universiteit oor verskeie onderwerpe aangehaal is.

Die meeste van die gunstige dekking was die gevolg van die aanstelling van die nuwe Kanselier, Kgosi Leruo Molotlegi, en die bevestiging van dr Theuns Eloff in sy tweede termyn as Visekanselier, sowel as die aanstelling van die twee nuwe kampusrektore. Die Universiteit se sukses in die wen van die kompetisie vir korporatiewe bestuur deur PricewaterhouseCoopers vir die derde jaar agtereenvolgens het ook tot die positiewe dekking bygedra.

In die geval van die negatiewe publisiteit wat ontvang is, het die meeste daarvan gevolg op die vrystelling van die verslag deur die Ministeriële Taakspan wat die onrus in 2008 op die Mafikengkampus ondersoek het. In eksterne kommunikasies was een van die hoogtepunte die toespraak van die Visekanselier, dr Eloff by die Nasionale Pers-

klub gedurende September 2009. As gevolg van hierdie suksesvolle gebeurtenis het die NWU die Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar-kompetisie vir 2010 geborg.

### Belanghebbersverhoudinge

Gedurende 2009 het die NWU voortgegaan om gesonde verhoudings met verskillende belanghebbendes te vestig. Hierdie funksie sal weer in die komende akademiese jaar 'n prioriteit vir die Afdeling Korporatiewe Sake en Verhoudinge wees. Altesaam sewe netwerkingsdinees, insluitende twee met die NWU-raad van Donateurs, is regdeur die land gehou, aangebied deur dr Eloff. Die doel was om strategiese verhoudinge te smee en sakeontwikkelingsvennootskappe met sleutelbelanghebbendes te sluit.

Dr Eloff het ook agt ontbytvergaderings met personelede op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus en in die Institusionele Kantoor gehou. Dit was daarop gerig om interne kommunikasie te fasiliteer, veral wat betref die rol van personeel in hul bydrae tot prestasies van die Universiteit.

### Uitrol van handelsmerk

In Mei 2009 is 'n nuwe handelsmerkbestuurspos gevul, wat tot 'n interne oorsig van die status van die uitrol van die handelsmerk gelei het.

Die Institusionele Komitee vir Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit het die oorsig gelei en tot die slotsom gekom dat verskeie elemente van die NWU se nuwe handelsmerkidentiteit ontwerp en goedgekeur is, en as gefinaliseer beskou kan word. Hierdie elemente het die Universiteit se skryfbehoeftes, tekens en borde, amptelike kleredrag, akademiese dokumente en sertifikate, bemarkingsmateriaal, elektroniese materiaal, korporatiewe geskenke, kantoorinterieur- en seremoniële items ingesluit.

Sommige van die hoogtepunte van die handelsmerk-uitrol gedurende 2009 het die volgende ingesluit:

- ❑ Ontwerp van seremoniële drag: ooreenstemming is bereik oor fakulteitskleure en oor die ontwikkeling van 'n unieke vermenging van die Oxford- en Cambridgestyl van die verskillende kampusse.
- ❑ Handelsmerkmodel: 'n Handelsmerkbeleid is ontwikkel en deur die Institusionele Komitee vir Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit (IKKHI) aanvaar, wat kampusbemarkings- en kommunikasiedirekteure in staat gestel het om hul kampushandelsmerke te bestuur terwyl hulle steeds die skakel met die "moeder"-handelsmerk behou. Dit verseker dat die NWU intern en ekstern 'n verenigde front vertoon.
- ❑ Proses tov sekondêre logo's: Sekondêre logo's word nie aangemoedig nie (om verswakking van die handelsmerk te voorkom), maar erkenning word verleen aan eenhede wat 'n behoefte aan 'n meer individuele posisionering het.
- ❑ Handelsmerkbewustheid: 'n Direkte kommunikasie en verskeie promosie-items is versprei. Handelsmerkbetrokkenheid is ook na die nuwe NWU+U-alumniydskrif en 'n vernude Eish! vir 2010 uitgebrei.

Wanneer die handelsmerkuitrol in 2010 tot 'n einde kom, sal Korporatiewe Sake en Verhoudinge voortgaan met deurlopende monitering, nie net om te verseker dat die handelsmerk toepaslik gebruik word nie, maar ook om 'n groter verskeidenheid elemente te

ontwikkel na gelang die handelsmerk ontwikkel.

## Institusionele Bevordering

Om verskeie bedryfsoorwegings is die afdeling Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling herstruktureer, wat tot gevolg gehad het dat die funksies van institusionele bevordering en sakeontwikkeling geskei is. Die sakeontwikkelingsfunksie, wat op die vind van nuwe markte vir NWU-dienste fokus, is na die afdeling Finansies en Fasiliteite verskuif. Die institusionele ontwikkelingsfunksie, wat op fondswerwing konsentreer, het by Korporatiewe Sake en Verhoudinge gebly.

Hierdie strategiese skuif het die Kantoor vir Institusionele Bevordering in staat gestel om die koördinerende van fondswerwingsaktiwiteite oor die drie kampusse en die Institusionele Kantoor te verbeter. Dit bevorder ook die posisie van die Universiteit binne die skenkersgemeenskap, en het die totstandbrenging van 'n akkurate fondswerwingsdatabasis en noodsaaklike prosesse ter belyning van die fondswerwingsfunksie tot gevolg gehad.

Gedurende 2009 het die Kantoor vir Institusionele Bevordering daarop gefokus om bestaande verhoudings met skenkers, besigheids- en die regering te vernuwe, asook om nuwe bande met voornemende en strategiese skenkers te smee. Hierdie samewerking met skenkers en vennote het die NWU in staat gestel om verskeie akademiese, sport-, gemeenskaps- en kommersiële projekte te onderneem. Hiervan is die volgende spesifieke voorbeelde:

- ❑ ABSA se borgskap van sport op al drie die kampusse, wat ongeveer R300 000 per jaar vir die volgende drie jaar behoort, en die Engelse Premiersokkerliga se belofte om R4 miljoen oor die volgende drie jaar vir beurse by die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus te voorsien.
- ❑ Die NWU se meestersgraadprogram in Kerningenieurswese, wat die steun van die Departement Wetenskap en Tegnologie



geniet. Hierdie steun sal na verwagting ongeveer R3 miljoen per jaar vir drie jaar beloop.

- Befondsing van meer as R3 miljoen uit die Lotto-fonds om die drie kampusse in staat te stel om onder andere in koperblaasorkes-toerusting, 'n radiostasie, ateljeetoerusting en 'n buitelugarena met 'n verhoog te belê.

'n Aantal fondsinsamelingsprojekte het gedurende die oorsigjaar skenkersteun ontvang, wat talle langtermynverbintenisse tot gevolg gehad het, insluitende bydraes op 'n maandelikse grondslag.

### Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling

Die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling het in 2009 sy tweede jaar binnegegaan. Die Forum is die platform om potensieële vennootskappe tussen die Universiteit en verskeie privatesektor-programme te ondersoek, wat daarop gerig is om ekonomiese groei en werksgeleenthede te vermeerder, asook om welvaart deur onderwys te skep.

Die Forum is daarop gerig om voornemende private vennote uit te bring by toepaslike gemeenskapsuitreikprojekte wat van die Universiteit se kundigheid gebruik maak, ten einde sosio-ekonomiese uitdagings die hoof te bied. Hierdie forum het gedurende 2009 ses vergaderings met die regering, nie-regeringsorganisasies, openbarevoordeelorganisasies en geloofsgebaseerde organisasies belê.

Gedurende die oorsigjaar het die Forum die ondertekening van 'n konsep van 'n

Memorandum van Verstandhouding met die Noordwes-provinsie se Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling gefasiliteer. Hierdie ooreenkoms streef daarna om 'n vennootskap te bevorder wat op vaardigheidsontwikkeling, opleiding, navorsing en gemeenskapsuitreiking fokus. Daar word voorsien dat die ooreenkoms in 2010 gefinaliseer en onderteken sal word.

### Ten slotte

Deur die kommunikasie- en bemarkingsfunksies oor die vier sake-eenhede te bely, hou die NWU 'n verenigde front aan die mark voor en bevorder ons 'n sin van gemeenskaplikheid van strewe onder interne belanghebbendes. Dit het op sy beurt die handelsmerkbewustheid en posisionering van die Universiteit verbeter, soos gedemonstreer word deur die meestal gunstige mediadekking wat die NWU in 2009 geniet het. Met die handelsmerkuitrolprogram wat in die finale stadiums inbeweeg, is die toneel gereed vir 'n verskuiwing van taktiese kommunikasie en bemarking na 'n strategiese benadering. Sodoende sal die Universiteit sy handelsmerk uitbou en kristaliseer as 'n diverse, innoverende en wêreldwyd erkende akademiese instelling wat multikulturalisme, meertaligheid en multinasionalisme vier en aanmoedig.

**ME PP MMOPE**

UITVOERENDE DIREKTEUR:  
KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE







Prof Frikkie van Niekerk

## Verlag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie

Een van die maniere waarop die Universiteit homself in die mark onderskei, is in sy benadering tot die drie pilare van sy kernbesigheid. In die strewende om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling te word, is die NWU enersyds nie 'n navorsingsgeleide universiteit nie en andersyds ook nie primêr 'n onderrig-leerinstelling nie, maar ons hanteer albei aspekte op gelyke voet.

**Nog 'n verskil** is dat die instelling die derde element van sy kernbesigheid definieer as die implementering van kundigheid, wat verder as konvensionele gemeenskapsbetrokkenheid strek deur kundigheid ook kommersieel beskikbaar te stel.

Hierdie unieke benadering word duidelik weerspieël in die NWU se 40:40:20-teiken vir akademiese tydstoedeling met 40% van die tyd vir onderrig-leer, 40% vir navorsing en 20%

vir implementering van kundigheid. Om nader aan hierdie ideale verhouding te beweeg, is 'n uitdaging in die lig van 'n steeds toenemende onderrigglading, maar die NWU is vol vertroue dat hierdie en ander navorsingsteikens deur doeltreffende uitvoering van die navorsings- en innovasie strategie bereik kan word.

Hierdie strategie behels die verhoging van navorsingsuitset en die verbetering van navorsingskwaliteit deur die beste moontlike

### Navorsings- en innovasiehoogtepunte van 2009

- ❑ Die NWU bly een van die topverdieners in die hoërondwyssektor binne die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid; in 2009 het die NWU R26 485 875 uit hierdie program verdien.
- ❑ Teen die einde van 2009 het altesaam 116 NWU-akademici oor graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) beskik.
- ❑ Mnr Derek Hanekom, Adjunkminister van Wetenskap en Tegnologie, het die Universiteit se Sentrum vir Hoëprestatie-berekening teen die einde van die jaar van stapel gestuur. Die Sentrum word gekenmerk deur die hoë gehalte van hul eksperimentele toerusting, wat gebruik word vir berekeningsintensiewe navorsing in 'n wye verskeidenheid dissiplines.
- ❑ Die Direkteur van die Tegnologieoordragkantoor is genooi om lid te word van 'n paneel nyweraars en staatsamptenare wat in die Premier van die Noordwes se Adviesraad oor Innovasie en IKT dien.
- ❑ Die Direkteur Navorsingsondersteuning is in die Raad van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verkies.
- ❑ Die Direkteur van Gemeenskapsbetrokkenheid is tot die tussentydse uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Forum vir Hoërondwys-gemeenskapsbetrokkenheid verkies.

Om die **regte houding** te hê, selfs in moeilike tye, is 'n **seëning** van bo.

– PROF FRIKKIE VAN NIEKERK, UITVOERENDE DIREKTEUR:  
NAVORSING EN INNOVASIE

mengsel van hulpbronne aan navorsing toe te wys en navorsingsingrepe met 'n hoë impak te implementeer. Gedurende 2009 het die Universiteit 'n aantal beduidende stappe gedoen onderweg daarna om te verseker dat navorsing en innovasie hul regmatige plekke saam met onderrig-leer inneem.

### Oorsig van navorsing in 2009

Sleutelnavorsingsaanwysers vir die jaar was gepubliseerde artikelekwivalente, die getal navorsers met NNS-graderings, meesters- en dok-

torale inskrywings en graadverwerwings, en postdoktorale genootskappe wat toegeken is.

Met die uitsondering van meesters- en doktorsgraadinskrivings en -graadverwerwings het die NWU voldoen aan die navorsingsteikens wat vir 2009 in die Institusionele Plan gestel is. Die beste prestasie was ten opsigte van NNS-graderings, met 116 akademiese personeellede wat op 31 Desember 2009 geakkrediteer was, en in postdoktorale genootskappe, wat tot 48 toegeneem het.

Die tabel hieronder gee 'n uiteensetting van navorsingsuitset in die sleutelkategorieë sedert 2004.

	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Artikelekwivalente	271,60	318,38	351,50	358,23	471,33	413,56
Konferensieverrigtingepublikasies	3,30	7,58	7,80	12,62	18,25	34,38
Boeke	0,15	0,23	1,55	5,35	12,93	4,56
Artikelekwivalente gepubliseer	275	326,19	360,85	376,22	502,51	452,50
Totale geweegde navorsingsuitset	798	865	1 075	1 061	1 083	1 190
Getal NNS-geakkrediteerde navorsers	73	85	82	95	103	116
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659
Doktorsgrade toegeken	87	85	110	124	100	123
Postdoktorale genote	9	17	18	34	38	48




1  
2 3


**Dr Rudi van der Walt** 1  
DIREKTEUR: TEGNOLOGIE-OORDRAG  
EN INNOVASIE-ONDERSTEUNING  
**Prof Amanda Lourens** 2  
DIREKTEUR: NAVORSINGSONDERSTEUNING  
**Me Bibi Bouwman** 3  
DIREKTEUR: GEMEENSKAPSBETROKKEHEID

Die grafieke hieronder toon die getal meesters- en doktorsgrade wat sedert 2002 toegeken is, asook die totale getal navorsingseenhede:


**Meesters- en navorsingsmeestersgrade van 2002 tot 2009 toegeken**



**Doktorsgrade van 2002 tot 2009 toegeken**




**Totale getal navorsingseenhede (2002 tot 2009)**



Die volgende tabel en grafieke reflekteer die Universiteit se publikasie-uitset tussen 2005 en 2009.

<b>MAFIKENGKAMPUS</b>					
<b>FAKULTEIT</b>	<b>2005</b>	<b>2006</b>	<b>2007</b>	<b>2008</b>	<b>2009</b>
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	2	4	2	5	2,33
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	3,03	8,03	5,58	16,10	26,85
Handel en Administrasie	1,66	1	0,5	2,2	1,63
Regte	1	0	2	1,5	1
Opvoeding	0	0	0	1	0
Viserektor	0	0	0	0	0,50
<b>Totaal</b>	<b>7,69</b>	<b>13,03</b>	<b>10,08</b>	<b>25,80</b>	<b>32,31</b>
<b>POTCHEFSTROOMKAMPUS</b>					
<b>FAKULTEIT</b>	<b>2005</b>	<b>2006</b>	<b>2007</b>	<b>2008</b>	<b>2009</b>
Lettere en Wysbegeerte	36,7	49,16	39	67,50	62,74
Natuurwetenskappe	50,55	54,55	58,08	79,49	54,57
Teologie	46,17	55,67	49	60,67	55,17
Opvoedingswetenskappe	17,25	12,83	16,73	19,63	37,08
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	21,42	35,86	23,67	42,44	28,83
Regte	23,82	24,32	30,32	31,83	22,50
Ingenieurswese	16,45	15	10,67	13,17	8,65
Gesondheidswetenskappe	67,67	65,91	93,34	89,31	64,48
<b>Totaal</b>	<b>280,03</b>	<b>313,3</b>	<b>320,81</b>	<b>404,04</b>	<b>334,02</b>
<b>VaaldriehoekKAMPUS</b>					
<b>FAKULTEIT</b>	<b>2005</b>	<b>2006</b>	<b>2007</b>	<b>2008</b>	<b>2009</b>
Ander (Kampusrektor)	0	0	0	0,5	0
Geesteswetenskappe	30,16	25,17	27,34	34,78	40,75
Ekonomiese en Bestuur en Inligtingswetenskappe	0	0	0	3,5	5,87
<b>Totaal</b>	<b>30,16</b>	<b>25,17</b>	<b>27,34</b>	<b>38,78</b>	<b>46,62</b>
<b>INSTITUSIONELE KANTOOR</b>					
<b>Totale NWU-vaktydskrifartikels</b>	<b>0,5</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2,75</b>	<b>0,61</b>
<b>Boeke</b>	<b>2005</b>	<b>2006</b>	<b>2007</b>	<b>2008</b>	<b>2009</b>
Mafikeng	0	0	0,09	0	0,17
Potchefstroom	0,23	1,55	5,95	12,92	4,31
Vaaldriehoek	0	0	0,09	0	0,08
<b>Totale NWU-boeke</b>	<b>0,23</b>	<b>1,55</b>	<b>6,13</b>	<b>12,92</b>	<b>4,56</b>
<b>Konferensieverrigtinge-publikasies</b>	<b>2005</b>	<b>2006</b>	<b>2007</b>	<b>2008</b>	<b>2009</b>
Mafikeng	0	0	0	0,33	3,67
Potchefstroom	7,58	7,8	10,91	17,92	29,79
Vaaldriehoek	0	0	0,5	0	0,92
<b>Konferensieverrigtinge-publikasies</b>	<b>7,58</b>	<b>7,8</b>	<b>11,41</b>	<b>18,25</b>	<b>34,38</b>
<b>Totale boeke/Konferensieverrigtinge-publikasies</b>	<b>7,81</b>	<b>9,35</b>	<b>17,54</b>	<b>31,18</b>	<b>38,94</b>
<b>TOTAAL NWU</b>	<b>326,19</b>	<b>360,85</b>	<b>375,77</b>	<b>502,54</b>	<b>452,50</b>

### NWU-navorsingsuitset volgens uitsettipe (2005-2009)



### Publikasie-uitset

Die NWU se gesubsidieerde publikasie-uitset bestaan uit geakkrediteerde vaktydskrifartikels, boeke en konferensieverrigtinge-publikasies. Totale publikasie-uitset vir die jaar het op 452,50 eenhede te staan gekom, wat 'n afname van 10% teenoor die vorige jaar se 502,51 eenhede is. Dit is steeds 20% hoër as in 2007. Van die vaktydskrifartikels wat gepubliseer is, het 41% in die vaktydskrifte van die Instituut vir Wetenskaplike Inligting (IWI) verskyn, vergeleke met 36% in 2008. Vir 2010 streef die NWU daarna op 60% van al sy navorsingspublikasies in IWI-vaktydskrifte te publiseer.

Per capita-uitset, wat verwys na artikels wat per akademiese jaar gepubliseer is, het van 0,54 in 2008 tot 0,45 in 2009 gedaal. Hierdie daling volg op die vermindering in artikeluitset en 'n effense toename in akademiese personeeltalle. Die mikpunt is om per capita-uitset tot 0,60 eenhede in die komende akademiese jaar te verhoog. Wat betref NNS-gegradeerde navorsingsuitset het die NWU 'n rekordhoogtepunt vir sy totale geweege navorsingsuitset behaal, wat op 1 190 eenhede te staan gekom het.

### NNS-graderings

Die Universiteit het die akademiese jaar met 103 NNS-gegradeerde navorsers begin en het in Februarie 2009 31 graderingsaansoeke by die NNS ingedien. Van die 18 aansoeke vir nuwe graderings is 13 aanvaar. In die geval van die 13 hergraderingsaansoeke wat

ingedien is, het die NNS al 13 goedgekeur. Dus het die NWU aan die einde van Desember 2009 altesaam 116 gegradeerde navorsers gehad, 13% meer as die vorige jaar se syfer. Gevolglik het die persentasie gegradeerde personeellede van 11% in 2009 tot 12% in 2009 gestyg.

Die tabel hieronder gee die besonderhede weer van gegradeerde navorsers per kategorie op elk van die NWU-kampusse soos op 31 Desember 2009.

### NNS-gegradeerde navorsers in 2009:

Kampus	Kategorie	Totaal
Mafikeng	C	1
	L	1
	Y	1
<b>Totaal</b>		<b>3</b>
Potchefstroom	A	2
	B	12
	C	70
	L	3
	P	1
	Y	20
<b>Totaal</b>		<b>108</b>
Vaaldrivehoek	Y	3
	C	2
<b>Totaal</b>		<b>5</b>
<b>NWU-groototaal</b>		<b>116</b>



### Postdoktorale genootskappe

Die postdoktorale program fokus op kritieke dissiplines soos ruimtefisiika, energiestelsels en bedryfswiskunde en informatika. Dit het uitstekende groei sedert 2006 getoon, toe daar slegs 18 deelnemers was. Binne vier jaar, teen 2009, het die getal postdoktorale genote tot 48 toegeneem, wat 'n weerspieëling is van die sukses van die verbeterings wat sedert 2006 aan die program aangebring is.

### Ontwikkeling van navorsingskapasiteit

Die NWU streef daarna om onder die ses topuniversiteite in Suid-Afrika gereken te word vir sover dit totale navorsings- en innovasie-uitset betref. Met dit in gedagte is die Universiteit besig om beduidend meer in navorsingskapasiteitsontwikkeling, toerusting en infrastruktuur te belê.

As deel van kapasiteitsontwikkeling word befondsing beskikbaar gestel sodat personeel die verwerwing van hul PhD-grade kan versnel. Dosente wat hul PhD's gedurende 2009 voltooi het, kon vir hulle tyd vrymaak deur aansoek te doen om befondsing om vir plaasvervangende dosente te betaal. Hierbenewens is befondsing beskikbaar gestel vir

die redigering, druk en bind van doktrale proefskrifte. 'n Bedrag van altesaam R1,37 miljoen is in 2009 hiervoor goedgekeur.

Ander kapasiteitsbou-inisiatiewe gedurende die jaar was:

- ❑ Die 2009-navorsingstoekennings, wat erkenning verleen het aan die Junior Navorsers van die Jaar, Navorsers van die Jaar en Navorsingentiteit van die Jaar. Die ontvangers van die Absa- en S<sub>2</sub>A<sub>3</sub>-brons-toekennings het ook hul medaljes en sertifikate tydens die toekenningsfunksie ontvang.
- ❑ Fasilitering van die nasionale inligtingsbestuurstelsel vir navorsing (InfoEd).
- ❑ Bo en behalwe die beleggings in kapasiteitsontwikkeling in 2009 het die Universiteit R12 miljoen aan nuwe eksperimentele toerusting en fasiliteite bestee.
- ❑ Mnr Derek Hanekom, Adjunkminister van die Departement van Wetenskap en Tegnologie, het die Sentrum vir Hoëprestasieberekening gedurende die laaste kwartaal van 2009 van stapel gestuur. Die eksperimentele toerusting word gebruik vir berekeningsensitiewe navorsing in dissiplines soos astrofisiika, berekeningsmeganika, bio-

informatika en data-ontginning, molekulêre modellering, farmako-epidemiologiese studies en bedryfsontledings. Die Sentrum is beskikbaar vir gedeelde gebruik deur kwalifiserende navorsers en word korporatief bestuur deur 'n verteenwoordigende liggaam van navorsingsbestuurders en inligtingstegnologie-beroepslui.

- Die Navorsingsjaarverslag vir 2008 is afgehandel en intern sowel as ekstern versprei.

### Verstewiging van die Navorsingsentiteite-model

Die Navorsingsentiteite-model is van kernbelang wat betref die Universiteit se planne om navorsingskwaliteit en -uitset te verbeter, aangesien dit die formaat van navorsingsentiteite regdeur die Universiteit standaardiseer. Daar is nou vier entiteit-kategorieë, wat begin met intreevlakstrukture bekend as nisareas, regdeur tot by die topvlak, naamlik sentrums van uitnemendheid.

Implementering van die Navorsingsentiteite-model is gedurende die oorsigjaar voortgesit. Teen die einde van 2009 het dit egter duidelik geword dat die bestuursmodel in sommige fakulteite nie ten volle begryp en geïmplementeer word nie en dat 'n ernstige ingreep nodig was om die model ten volle

te vestig en daardeur die direkteure van navorsingsentiteite te bemagtig.

In 'n ander ontwikkeling wat betref navorsingsentiteite is 'n uitnodiging vir nuwe entiteite in September 2009 gerig. Van die sewe aansoeke wat ontvang is, is drie vir die volgende stadium aanbeveel, naamlik die indiening van volledige voorleggings. Hierdie drie voorstelle, een van elke kampus, was steeds aan die einde van die akademiese jaar in die proses van nasionale en internasionale evaluering.

### Navorsingsbefondsing

#### NNS-befondsing

Die Universiteit streef daarna om eksterne befondsing wat vir navorsing en innovasie toegeken word, te verhoog, en het gedurende 2009 'n aantal befondsingsuksesse behaal, veral vir sover dit projekte in die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP) betref. Die tabelle hieronder voorsien besonderhede van navorsingsbefondsing wat uit alle eksterne bronne ontvang is, insluitende THRIP, die Nasionale Navorsingsstigting, die Noordwes-navorsingskoördineringskomitee, die Mediese Navorsingsraad en die Departement Wetenskap en Tegnologie.

#### NRF-THRIP-fondse in 2009 verdien

Fakulteit	Navorsingsentiteit / Navorsingsentrum	Fondse verdien
Ingenieurswese	Energiestelsels	R 24 950 250
Natuurwetenskappe	BWI	R 1 535 625
<b>Totaal</b>		<b>R 26 485 875</b>

#### Ander navorsingsfondse in 2009 ontvang

Mediese Navorsingsraad (MNS)	R 605 000
Noordwes-navorsingskoördineringskomitee (NWNKK)	R 1 000 000
Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT)	R 5 975 000
Suid-Afrikaans-Nederlandse Navorsingsprogram oor Alternatiewe in Ontwikkeling (SANPAD)	R 7 946 096
<b>Totaal</b>	<b>R 15 526 096</b>



## Oorsig van implementering van kundigheid

Soos voorheen in hierdie verslag vermeld, is die derde element van die Universiteit se kernbesigheid die implementering van kundigheid, in gemeenskappe sowel as kommersieel. Gemeenskapsdienste word gewoonlik gratis aangebied, terwyl sakeondernemings daarvoor betaal om die NWU se kundigheid te gebruik. Geriefshalwe word hierdie twee komponente, gemeenskapsbetrokkenheid en kommersialisering, afsonderlik behandel.

## Kommersialisering in 2009

Aktiwiteite wat in hierdie kategorie val, sluit in tegnologie-oordrag, beskerming en verkope van intellektuele eiendom (IE) asook die stigting en mentorskap van newemaatskappye. Die tegnologie-oordragondersteuningspan bied aan NWU-personeel wat by hierdie aktiwiteite betrokke is, 'n groot verskeidenheid gespesialiseerde ondersteuningsdienste, soos bystand met IE-beskerming, bemarkingstegnologieë, ontwikkeling van kommersiële modelle, asook die bedinging en herbedinging van lisensieringsooreenkomste.

Gedurende 2009 het die span 'n besige jaar gehad wat betref ontwikkeling van groot tegnologie-oordragprojekte soos die Noordwes-Wetenskapspark, terwyl die Universiteit se IE-portefeulje en -ooreenkomste bestuur is en ondersteuningsdienste aan universiteitspersoneel voorsien is.

### □ Noordwes-Wetenskapspark

Wetenskapspark word internasionaal as die implementeringsagente vir streekseksioniese strategieë erken. Dit verbeter tegnologie-oordrag vanaf universiteite na die nywerheid en speel 'n belangrike rol in die verkryging van navorsings- en ontwikkelingsbefondsing. In die geval van die Noordwes-Wetenskapspark (NWWP) is 10 programme geïnisieer om hierdie eienskappe te verweselik. Om hierdie rede het die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) 'n verdere R300 000 aan die NWU toegeken om die totstandbrenging van ekonomiese ontwikkelingsprogramme wat deur

die NWWP bestuur sal word, te ondersteun. Dit bring die totale DWT-bydrae tot die NWWP tot op datum op R700 000 te staan.

Aan die einde van 2009 was al 10 programme gereed om op 'n klein skaal geïmplementeer te word, in afwagting van die inbedryfstelling van die NWWP-gebou, en is dit besig om met skenkersbefondsing gevestig te word.

'n Aanbieding oor die Noordwes-Wetenskapspark is in Junie 2009 aan die tegniese komitee van die Premier se Uitvoerende Komitee en die Premier se Adviserende Raad oor Innovasie en IKT gemaak. Albei groepe het gunstig gereageer en die tegniese komitee het die projek na die volledige Uitvoerende Komitee verwys. Hoewel die Premier en die LUR vir Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme die NWWP-projek aanvaar het, is dit 'n lang en komplekse proses om die inkoop van alle provinsiale en ander politieke belanghebbendes te verseker. Die meeste van die pogings in 2009 was daarop gevestig om die inkoop van belanghebbendes te bewerkstellig, en 'n antwoord oor die toekoms van die projek word vroeg in 2010 verwag.

### □ Ooreenkomste

Meer as 19 nie-openbaarmakings- en materiaaloorragooreenkomste is gedurende 2009 gefasiliteer, tesame met ongeveer 12 lisensierings- en samewerkingsooreenkomste.

### □ Kommersialisering van patente

In Augustus 2009 het die Universiteit 'n ooreenkoms onderteken met ISIS, die Tegnologie-oordragmaatskappy van Oxford-universiteit, om behulpsaam te wees met die kommersialisering van patente. ISIS is baie goed in die tegnologiewêreld geposisioneer en voorsien 'n nuttige lansierblad om die NWU-tegnologieë die wêreldwye arena in te stuur. ISIS sal, teen 'n basiese tarief, die patente in ISIS se formaat aan hul kliëntebasis bied. Die NWU sal regstreeks met potensiële lisensiehouers onderhandel. Vier patente, insluitende die Phe-roid-vaksien en die osoongenerator, is tot op datum aan ISIS voorgelê.



Die ooreenkoms met ISIS ondersteun die Departement Wetenskap en Tegnologie se inisiatief om plaaslike kapasiteit in die konteks van die Wet op Intellektuele Eiendomsregte te bou. Gedurende die oorsigjaar het die direkteur van die Tegnologie-oordragkantoor twee weke in opleiding by ISIS en twee dae by National Health System Innovation London deurgebring. Meer groepe sal in 2010 volg, en die bestuurder vir Intellektuele Eiendomsregte en Kontrakte in hierdie kantoor sal in 2010 vir drie weke by die eerste groep by ISIS aansluit.

Die volgende patente was gedurende 2009 in die proses van kommersialisering:

- Die Mosfet-gebaseerde ontstekingstelsel: Ambixtra (Edms) Bpk en die NWU werk saam met Europese vennote om hierdie stelsel vir hoëdruk-petrolenjins te ontwikkel.
- Lukraakgetalgenereerder-apparatuur: Die NWU is besig om prototipes vir toetsing en verifiëring te ontwikkel. 'n Potensiële industrialiseringsvennoot is reeds gekies.
- Die Mosfet-geïntegreerdekringtoestel: Onderhandelings is onderweg om IMEC in België te kontrakteer om die geïntegreerde toestel na te boots en dit te spesifiseer.

#### □ **Bemarking en netwerking**

Die Universiteit het deur verskeie gespesialiseerde kanale sy patente aan potensiële

kliënte in die sakewêreld, akademie en regering bemark. 'n Voorbeeld is Tektique, die webgebaseerde patentbemarkingsinstrument wat deur 'n konsortium van universiteite, insluitende die NWU, van stapel gestuur is.

Nog 'n netweringshoogtepunt was die uitnodiging aan die Direkteur van die Tegnologie-oordragkantoor om by 'n paneel nyweraars en staatsamptenare aan te sluit wat in die Premier se Advieskomitee oor Innovasie en IKT dien. Dit maak regstreekse kontak met die Premier en provinsiale Direkteur-generaal moontlik.

Verder het personeel van die Tegnologie-oordragkantoor 'n kommersialiseringsgevallestudie as 'n eksperiment om hul kundigheid te deel aan die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Navorsings- en Innovasiebestuur ("SARIMA") voorgelê. Die groep Universiteitstegnologie-oordragkantore het besluit om hierdie oefening te herhaal om wedersydse leer te bevorder.

#### □ **IE-beleide hersien**

Die NWU se beleide en riglyne oor Intellektuele Eiendomsregte is gekonsolideer en hersien om die jongste IE-tendense, veranderinge by die NWU en die nuwe IER-wet te weerspieël. Die gekonsolideerde dokument word in al drie NWU-tale vertaal, en 'n kitsverwysingsblad is reeds gedruk en aan navorsers versprei.

## Kwantitatiewe uitsette vir NWU vir 2009

### □ Intellektuele eiendom: Patentportefeulje

Openbaarmakings, indienings en registrasies	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Openbaarmakings	-	-	7	8	6	11
Voorlopige SA-aansoeke	4	5	6	3	3	5
SA finaal toegestaan	7	4	4	2	1	5
Totale getal RSA-gepatenteerde uitvindings	18	22	26	28	29	35
Getal patente in medebesit	0	0	0	0	0	0
PSV-aansoeke	4	1	6	3	2	5
Finale internasionale registrasies	1	1	1	1	1	5
Totale getal internasionaal gepatenteerde uitvindings	5	6	7	8	9	14
Getal lande in portefeulje	-	-	-	47	47	47
Modelle geregistreer (vanjaar/totaal)	1/1	1/2	0/2	0/2	0/2	0/2
Planttelersregte (vanjaar/totaal)	0/4	0/4	0/4	0/3	0/3	0/3

\* Let daarop dat een uitvinding in talle lande geregistreer kan wees. Dit word hier slegs as een gerapporteer. Die NWU het ses VSA-geregistreerde patente tot op datum en ses hangende VSA-patente.

'n Rekordgetal openbaarmakings, voorlopige SA-aansoeke, RSA-gepatenteerde uitvindings, internasionale finale registrasies en nuwe internasionaal gepatenteerde ingrepe is in 2010 afgehandel.

### □ Patentondersteuning

Die Innovasiefonds (DWT) ondersteun die NWU deur tot 50% van die koste van patentering en toekenningsaansporings aan individuele uitvindings te voorsien.

Jaar ontvang	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Bedrag aan die NWU toegeken	717 226	763 380	674 202	813 584	770 743	1 233 269
Getal individue	6	10	2	4	9	4
Totaal aan individue toegeken	120 000	202 000	50 000	85 000	160 000	TBA

Steun word ontvang vir finale RSA-toegestaande indienings die vorige jaar.

### □ Lisensiering, tantième en produkverkope

	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Nuwe lisensie-ooreenkomste	7	3	2	0	1	1
Ooreenkomste beëindig	1	1	1	1	0	0
Totale aktiewe ooreenkomste	10	12	12	11	12	14
Totale tantième-inkomste (produkverkope uitgesluit)	860 387	1 153 931	1 427 496	1 363 754	875 520	1 593 006
Tantième aan uitvindings uitgekeer	160 852	141 440		129 836	66 418	31 026
Bruto inkomste uit produkverkope gegrond op eie IP	1 523 415	2 228 050	4 262 250	2 843 634	2 518 276	1 026 251

□ **Newemaatskappye (onafhanklik, geassosieer en filiale)**

	2004	2005	2006	2007	2008	2009
Nuwe newemaatskappye	1	1	3	1	1	1
Totale tegnologie-newemaatskappye sedert 1999	9	10	13	14	15	16
Tegnologie-newemaatskappye steeds aktief	9	9	11	11	12	13
Nuwe beleggings in maatskappye (insluitende newemaatskappye)	1	1	2	0	1	0
Getal onttrekkings/disinvesterings	1	1	0	1	0	1
NWU-filiale en geassosieerde maatskappye aan die einde van die jaar	5	5	7	6	7	6

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Die NWU posisioneer homself as 'n voorkeur-gemeenskapsvennoot wat van sy unieke sterkpunte gebruik maak om belegging in korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid te maak en maatskaplike entrepreneurskap te bevorder. Die Universiteit is só tot gemeenskapsbetrokkenheid verbind dat daar van personeel en Bestuur vereis word om gemeenskapsverwante aktiwiteite in hul taakooreenkomste in te sluit en op gereelde grondslag oor vordering te rapporteer.

Hierdie deel van die NWU se kernbesigheid word gekoördineer deur die Gemeenskapsbetrokkenheidkantoor, wat korporasies bystaan om volhoubare korporatiewe beleggingstrategieë te ontwikkel en gemeenskappe in staat stel om entrepreneursvaardighede te ontwikkel. Hierdie kantoor, tesame met die Kantoor vir Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling, koördineer die werk van die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling, wat gevestigde maatskappye en opkomende ondernemings of gemeenskapsorganisasies saam bring.

Gedurende 2009 het die Universiteit 'n aantal gemeenskapsbetrokkenheidsprestasies opgelewer:

- Die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling het Phalukuhlale, 'n algemene handels- en konstruksie-maatskappye in die besit van 10 voorheen

benadeelde vrouens, bygestaan om 'n belegging van R2 miljoen sowel as konstruksiekontrakte te verkry.

- Grond en 'n mate van befondsing is vir die beplande Dr Kenneth Kaunda-hulpbronsentrum in Ikageng, Potchefstroom verkry. Die Sentrum sal aan die gemeenskap toegang tot opleiding, entrepreneurskap, persoonlike ontwikkeling en welstandsfasiliteite verleen. Vennote sluit in die Dr Kenneth Kaunda-stadsraad, AngloGoldAshanti, regeringsreguleerders en die regering, die Tlokwe-stadsraad, die Departemente van Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling, Toerisme en Ekonomiese Ontwikkeling, die Vigs-konsortium, Dede'lingoma (NRO), die Jeughulpbronsentrum, die hospies, die NWU se Regshulpsentrum en Students in Free Enterprise (SIFE).
- Korporatiewe vennote het befondsing vir sleutelprojekte bygedra. AngloGold Ashanti het fondse ter ondersteuning van die Amaphelo-dagsentrum aan die Hope Village Development Trust geskenk. Hope of Dreams is bygestaan om hul opleidingskursus vir ketelmakers te formaliseer en te registreer.
- 'n Memorandum van Verstandhouding is met die Provinsiale Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling in Noordwes onderteken om, onder andere, ten opsigte van opleiding, vaardighedsontwikkeling en navorsing saam te werk. Hierdie ooreenkoms sal vroeg in 2010 gefinaliseer word.



□ 'n Oudit van NWU-gemeenskapsprojekte is gedoen, waartydens altesaam 213 projekte geïdentifiseer en gedokumenteer is. Dit het uit die volgende bestaan:

- 118 gemeenskapsdiensprojekte (vir opleiding, tegnologie-oordrag, skenkings en algemene bystand aan lede van gemeenskappe).
- 10 ontwikkelingsbetrokkenheidsprojekte (opleiding en bemagtiging van gemeenskappe om selfonderhoudend te word).
- 63 projekte wat kundige adviesdienste verskaf (om inligting en kundigheid met die regering en die breër gemeenskap te deel).
- 22 ontwikkelingswerwingprojekte (opleiding en vaardigheidsoordrag).

Baie van hierdie projekte het of sal 'n beduidende positiewe impak hê op die betrokke bevoordeeldes, soos die volgende voorbeelde spesifiek met betrekking tot 2009 demonstreer:

**eBio-vennootskap:** eBio is 'n webgebaseerde hulpmiddel vir persoonlike ontwikkelings bemagtiging, groei en indiensnemingsverbetering, asook 'n entrepreneurskapafrigtingstelsel. Die NWU se prof Japie Kroon voorsien die akademiese inhoud vir die stelsel, wat in 40 Potchefstroomse besighede bekend gestel sal word, asook aan studente en personeel op die Mafikeng kampus.

**The Hope Village Development Trust:** Die Trust is 'n NRO-vennoot van die NWU en het die bestuur van die Amaphelo-kindersorgsentrum namens die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor oorgeneem. Hulle fasiliteer die daaglikse sorg, voeding en opleiding van 80 MIV-positiewe kinders.

**Lerato-sentrum:** Hierdie dagsorgsentrum sorg vir 70 kinders en hou ouerskapsessies om ouers in ongeveer 40 gesinne te bemagtig.

**El-Gibbor:** Hierdie handwerkprojek het 300 leerkussings aan 'n plaaslike kleinhandelaar verkoop en ontvang bestellings uit Frankryk, die Verenigde State en Kanada. Hulle voorsien volhoubare werkseleenthede aan 27 mense.

**Farm Labour and General Health-projek (FLAGH-projek):** Hierdie projek is daarop gerig om die lewenskwaliteit van mense te verbeter wat op kommersiële plase in die Noordwes-provinsie bly en werk. Dit het in 2002 begin met die aanbieding van opleiding in sake- en naaldwerkvaardighede aan werklose vroue in die Ventersdorp-gemeenskap. Sedertdien het hierdie klein inkomstegenererende projek gegroei tot 'n gestruktureerde onderneming waarby 30 vroue betrokke is wat 'n uitgebreide verskeidenheid produkte produseer. In 2009 was die projek se omset net minder as R100 000 en het hulle befondsing van R25 000 van die Handwerk- en Ontwerpnywerheid van Noordwes ontvang. Hulle het reeds bestellings ten bedrae van R35 000 vir 2010.



Die FLAGH-program het ook in 2009 befondsing ontvang om 'n gemeenskapsprojek op die Vyfhoekhoewes buite Potchefstroom te begin. Hierdie projek sal fokus op glasherwinning, en 'n glasvergruiser en smeltoond is met die befondsing verkry.

### NWU-Trust vir Gemeenskapsbetrokkenheid

Die NWU se Maatskaplike Ontwikkelingstrust is tot stand gebring en die eerste vergadering van die Raad van Trustees is op 31 Augustus 2009 gehou. Dit is op 4 September deur die Trust se fondswerwingsdinee gevolg. Hierdie geleentheid was baie suksesvol, veral in die lig van die ekonomiese afswaai. Ongeveer R40 000 is deur 'n veiling verkry, en 'n verdere R140 000 in eksterne befondsing is na gemeenskapbetrokkenheidsprojekte gekanaliseer. Hosken Consolidated Investment Foundation het 'n fotografiese uitstalling oor xenofobie by die fondswerwingsdinee befonds.


### Ten slotte

In die geheel het die Universiteit aan feitlik al sy navorsings- en innovasiedoelwitte vir 2009 voldoen of dit oorskry. Dit is 'n puik prestasie gegewe die "strekdoelwitte" wat gestel is, wat beteken dat dit bereikbaar was, maar slegs met aansienlike inspanning. Een van die bemoedigendste resultate van die jaar was die vordering wat die Mafikengkampus sowel as

die Vaaldriehoekskampus met die verhoging van hul navorsingsuitset gemaak het. In die geval van Mafikeng is vaktyskrifuitset byna vyfvoudig sedert 2005 verhoog, terwyl die Vaaldriehoek se telling wat betref geëvalueerde navorsing met soortgelyke marges gegroei het. Nog 'n bemoedigende tendens was die winste wat daar regdeur die instelling met die implementering van die NWU se kundigheid kommersieel en tot die voordeel van gemeenskappe gemaak is, soos die sukses van die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor in die totstandbrenging van waardetoevoegende vennootskappe met die sakewêreld, plaaslike owerhede en provinsiale departemente getuig.

Daar is ook 'n sterk toename in patente wat in Suid-Afrika en internasionaal ingedien is, in die patentsteun wat aan die Universiteit toegeken is en in die inkomste wat uit tantième verdien is. In die geheel was dit 'n goeie jaar vir die NWU se navorsings- en innovasiepogings, wat by 'n weldeurdagte strategie, doeltreffende uitvoering en samehorige spanwerk oor die kampusse heen baat gevind het.

**PROF F VAN NIEKERK**  
UITVOERENDE DIREKTEUR:  
NAVORSING EN INNOVASIE





Prof Johan Rost

## Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite

Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het verskeie groter kapitaal- en makro-instandhoudingsprojekte in 2009 afgehandel en daardeur gehelp om die Universiteit se infrastruktuur te verbeter en die doeltreffende funksionering van ons kernbesigheid ter ondersteuning van die Institusionele Plan te versterk.

### Fisiese Infrastruktuur en Beplanning

#### Inleiding

Een van die hoogtepunte van 2009 was die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se toewysing van R212 miljoen aan die Universiteit vir Infrastruktuur- en Doeltreffendheidsbefondsing. Die NWU se voorlegging was die eerste wat deur die Minister goedgekeur is en het die Universiteit in staat gestel om voort te gaan met die bou van die voorgraadse studentekoshuise op die Mafikengkampus in 2009. Die ander projekte wat vir hierdie kampus goedgekeur is, sluit die bou van 'n nuwe Wetenskapskompleks en koshuise vir nagraadse studente in, asook die opgradering van die Molelwane-plaas.

Die Potchefstroomkampus sal baat vind by 'n nuwe Ingenieurskompleks en die herinrigting van die ruimte vir Lewens- en Fisiese Wetenskap en Gesondheidswetenskappe.

Die Vaaldriehoekkampus sal spog met 'n nuwe kompleks vir Tegniese Opleiding vir Onderwysers. Navorsingstoerusting vir meesters- en doktorale studente in Lewens- en Fisiese Wetenskap is ook goedgekeur. Die befondingsiklus eindig in April 2012.

In 'n belangrike stap onderweg na die versekering van die langtermyn-lewensvatbaarheid van die Universiteit se infrastruktuur is 'n 10-jaarplan aan die Raad voorgelê waarin die uitbreiding en opgradering van infrastruktuur op die onderskeie kampusse voorgestel word.

### Finansies en Fasiliteite met 'n oogopslag

Finansies en Fasiliteite bestaan uit drie afdelings, naamlik Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, Inligtingstegnologie, en Finansies. Hul funksies is soos volg:

- ❑ Fisiese Infrastruktuur en Beplanning: Bestuur alle fisiese infrastruktuur, insluitende makro-instandhoudingsprogramme en die beplanning en oprigting van nuwe geboue.
- ❑ Inligtingstegnologie: Bestuur die Universiteit se inligtingstegnologiesestelsels, -programme en -infrastruktuur.
- ❑ Finansies: Bestuur die kontantvloeï en geldmarkaktiwiteit van die NWU.

Vir die finansiële verslae van die NWU, gaan na bladsy 142.





Die afdeling het ook die uitrol van nuwe rigting- en inligtingsborde as deel van die vestiging van die NWU se korporatiewe handelsmerk afgehandel.

### Kapitaaluitgawes en projekte in 2009

Die totale uitgawes aan kapitaalbouprojekte het R134,6 miljoen beloop. Ongeveer 45% van hierdie bedrag is aan Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging- (BGSEB-) kontrakteurs en -verskaffers betaal. Dit was beduidend meer as die 39% wat in 2008 aan BGSEB bestee is. Klem is geplaas op die verhoging van die kapasiteit van onderrig-

leer-fasiliteite en die verbetering van die studente-ervaring deur 'n studentesentrum op die Mafikengkampus te bou en koshuise op al drie kampusse op te gradeer. Verskeie laboratoriums, wat vir navorsing sowel as onderrig-leer gebruik word, is ook opgradeer.

Die enigste kapitaalprojek wat vir die Institusionele Kantoor onderneem is, was die hervestiging van die Krediteurafdeling en die afdeling Inligtingstechnologie Sentraal (ITS) in die nuut opgeknapte D1-gebou. Dit het ruimte op die Potchefstroomkampus beskikbaar gestel, waar 'n program vir die konsolidasie van ruimte onderweg is.



- Mnr Attie Juyn** 1  
DIREKTEUR: INSTITUSIONELE INLIGTINGSTEGNOLOGIE
- Me Elmarie de Beer** 2  
DIREKTEUR: FINANSIES
- Mnr Louis van der Ryst** 3  
DIREKTEUR: FISIESE INFRASTRUKTUUR EN BEPLANNING
- Me Madelein van der Merwe** 4  
DIREKTEUR: INTERNE OUDIT
- Mnr Danie Rothman** 5  
DIREKTEUR: BELASTINGDIENSTE
- Mnr Wessel Jansen van Rensburg** 6  
BESTUURDER: GELDMARK
- Mnr Willie van der Merwe** 7  
BESTUURDER: CACHETPARK





Die tabelle hieronder verstrek meer besonderhede oor die projekte wat in 2008 deur die Raad goedgekeur en in 2009 voltooi is.

#### Mafikengkampus

Nuwe studentesentrum (totale koste: R11,550 miljoen)	R6,805 miljoen
Opgradering van Modiri Molema-koshuis (twee blokke)	R5,892 miljoen
Nuwe kantoorblok vir Dierigesondheid	R6,889 miljoen

#### Potchefstroomkampus


Opgradering van laboratoriums vir Chemie	R3,686 miljoen
Opgradering van laboratoriums vir Biochemie	R4,478 miljoen
Opgradering van Kasteel-dameskoshuis	R9,759 miljoen
Opgradering van Klawerhof-dameskoshuis	R5,881 miljoen
Verskuiwing van Stads- en Streeksbeplanning na De Klerk-huis	R3,477 miljoen
Opgradering van elektriese 11 kV-netwerk (fase twee)	R4,975 miljoen
Opgradering van Hokkie-astro	R2,244 miljoen

Die bou van die Sports NWU-PUK Sportdorp nader voltooiing. Die nuwe gebou vir die Skool vir Teologie sal in Maart 2010 voltooi word.


#### Vaaldriehoekkampus

Konstruksie van Gebou 12 (totale koste: R17,917 miljoen)	R6,116 miljoen
Konstruksie van nuwe bushalte	R0,362 miljoen
Opgradering van Faranani-koshuis	R7,696 miljoen
Hermodellering van Quest-konferensiesentrum	R2,927 miljoen


**Belegging in nuwe infrastruktuur per student 2004-2009  
(gemiddelde studentetalle)**



**Belegging in opgradering van infrastruktuur per student  
(gemiddelde studentetalle)**



**Uitgawes per student  
(per jaar)**





### Kleiner opknappings en makro-instandhouding in 2009

Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het toesig gehou oor 'n aantal kleiner projekte, asook die Universiteit se 10-jaarplan vir makro-instandhouding. Hierdie werk het die opgradering ingesluit van fasiliteite op die Mafikengkampus, met gebruik van 'n spesiale Samesmeltingsfonds-toewysing.

Kleiner opknappings ter waarde van R3,8 miljoen is uitgevoer, hoewel 'n bedrag van R5 miljoen toegewys is. Die agterstande sal in 2010 aandag geniet, aangesien hierdie 'n uitrolbegroting is. Van die R7,5 miljoen wat in 2009 aan makro-instandhoudingsprojekte toegewys is, is werk ter waarde van R7,466 miljoen afgehandel. R6,845 miljoen is uit die Mafikengkampus se Samesmeltingsfonds-toewysing bestee.

### Vooruitsig op 2010

Die hoofokus vir 2010, belyn met die Institusionele Plan en die strategiese prioriteite, sal die Departement van Onderwys en Opleidingprojekte wees:

#### Mafikengkampus

##### □ Departement van Onderwys en Opleidingprojekte

Die bouwerk aan die koshuise vir voorgraadse sowel as nagraadse studente sal in 2010 voltooi word. Die eerste fase van 'n nuwe Wetenskapkompleks sal begin, en wel met die bou van die Wetenskapsonderwysgebou. In die tweede fase, wat geskeduleer is om in die tweede semester te begin, sal bykomende lesingsale op die Kampus gebou word.

##### □ Projekte deur die NWU gefinansier

Die Kampus sal voorsien word van sentrale noodkrag, wat die huidige konfigurasie van losstaande eenhede by elke gebou sal stroomlyn en dienslewering aan die kernbesigheid sal verbeter. Die opgraderingsprogram vir koshuise sal in die tweede semester voortgesit word.

#### Potchefstroomkampus

##### □ Departement van Onderwys en Opleidingprojekte

Bouwerk aan die nuwe Ingenieurskompleks, bestaande uit lesinglokale en kantore, sal in 2010 'n aanvang neem. Gedurende hierdie projek sal die Skole vir Chemiese en Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese verskuif word. Die eerste fase van die hernuwing van die ruimte vir Lewens- en Fisiese Wetenskappe en vir Gesondheidswetenskappe sal ook 'n aanvang neem.

##### □ Projekte deur die NWU gefinansier

Twee bouprojekte word beplan, bestaande uit 'n nuwe lesinglokaalkompleks, E5, en 'n permanente struktuur met toegangsbeheer by die Loopstraatingang na die Fanie du Toit-sportterrein. Hierbenewens sal die Excelsiormanskoshuis en Nellie Swart-kombuis en -eetsaal opgegradeer word, tesame met die eerste verdieping van die Ferdinand Postma-biblioteek.

#### Vaaldriehoekkampus

##### □ Departement van Onderwys en Opleidingprojekte

'n Nuwe kompleks vir Tegniese Opleiding vir Onderwysers sal gebou word, bestaande uit 'n akademiese gebou en werksinkels.

#### ❑ **Projekte deur die NWU gefinansier**

Die eerste fases van 'n nuwe studentesentrum sal in 2010 voltooi word.

Die projekte wat in 2009 voltooi is en dié wat vir 2010 beplan word, demonstreer die bydrae van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning tot die strategiese doelstellings wat in die NWU se Institusionele Plan gestel word.

Eerstens help die afdeling, deur te verseker dat die Universiteit oor moderne en doeltreffende akademiese en navorsingsfasiliteite beskik, om die NWU tot 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling te transformeer. Tweedens dra die afdeling by tot 'n sterker kliëntefokus deur infrastruktuurdienste, -stelsels en -prosesse uit te brei en te verbeter. Derdens is die afdeling, deur voortdurende vernuwing en instandhouding van fisiese fasiliteite, deel van die poging om die Universiteit se langtermynvolhoubaarheid te verseker.

### **Inligtingstegnologie**

Innoverende gebruik van tegnologie dra by tot die NWU se goeie naam as 'n aanspreeklike, doeltreffende en goed bestuurde universiteit met 'n sterk kliëntefokus. Gedurende 2009 het die afdeling Inligtingstegnologie 'n verskeidenheid projekte onderneem wat die kwaliteit en veerkragtigheid van die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid verbeter het.

Hierdie projekte het die inbedryfstelling van die nuwe Hoëprestasie-berekeningsfasiliteit en die verbetering van die Universiteit se "e-infrastruktuur" (elektroniese leeromgewing en die verbetering van die rekenaarfasiliteite tot die beskikking van studente) ingesluit.

#### **Navorsingsondersteuning**

##### ❑ **Hoëprestasie-berekeningsfasiliteit**

Op 26 Oktober 2009 het die Adjunkminister van Wetenskap en Tegnologie, mnr Derek Hanekom, die NWU se Hoëprestasie-berekeningsfasiliteit in Potchefstroom van stapel gestuur. Die inbedryfstelling van hierdie fasiliteit was 'n mylpaal in die NWU se strategie om navorsingskapasiteit in staat te stel en

te verbeter, en is teweeg gebring deur noue samewerking met sleutelakademiese en die Europese e-Infrastruktuurgemeenskap. Hierdie fasiliteit, wat ewe toeganklik is vir alle navorsers van die NWU, ongeag waar hulle geleë is, kan maklik opgegradeer en uitgebrei word, na gelang van behoefte. Dit is ook omgewingsvriendelik, danksy die waterverkoelingstelsel en die verbeterde krag-werkverrigting-verhouding van die verwerkers.

##### ❑ **e-Infrastruktuur maak e-Wetenskap moontlik**


Navorsers aan die Universiteit trek voordeel uit die virtuele navorsingsomgewing wat geskep word deur platforms wat virtuele navorsingsgemeenskappe in staat stel om van feitlik enige plek ter wêreld saam te werk. Gedurende die oorsigjaar het die NWU amptelik 'n nodus in die internasionale e-Infrastruktuurnetwerk geword wat algemeen as Die Netwerk ("The Grid") bekend staan.

Hierdie internasionale navorsingsrekenaarnetwerk is 'n belangrike instaatsteller wat betref gesamentlike navorsingsprojekte, en die NWU se vroeë aanvaarding van hierdie strategie het ons gunstig in die nasionale en internasionale e-Wetenskapsomgewing geïntegreer. Slegs 'n paar ander Suid-Afrikaanse instellings deel hierdie voorreg.

##### **Uitbreiding van die akademiese/ navorsingstoepassing-portefeulje**

In nog 'n bydrae tot die Universiteit se navorsingskapasiteit het Inligtingstegnologie die portefeulje van akademiese toepassings uitgebrei deur toepassings by te voeg wat in kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsing gebruik word. Dit sluit SPSS in, wat 'n gewilde hulpmiddel vir statistiese ontleding vir gedragswetenskappe is, en Amos, 'n uitbreiding van SPSS vir strukturele vergelyking-modulering. Ander innoverende toepassings wat bekend gestel is, was Atlas TI, wat vir kwalitatiewe navorsing gebruik word, Mind-Manager, 'n hulpmiddel vir kreatiewe denke en denkkarte en Refworks vir bibliografieë. 'n Aantal bykomende modules is ook by die kampuswye SAS-lisensie gevoeg.

Die grafiek hieronder toon die styging in die aktiewe getal werwe in eFundi.



#### Onderrig-leer

Die NWU het 'n sterk rekord wat betref die gebruik van tegnologie om die onderrig-leer-omgewing te verbeter. In 2009 het die gemiddelde getal studente wat eFundi, die standaard e-Leerplatform, aktief gebruik tot 17 600 toegeneem, 'n styging van 34% vergeleke met 2008. Hierdie groei het gepaard gegaan met 'n styging in die getal nie-kampusstudente.

#### Netwerkingsinfrastruktuur

Die koms van die nuwe SEACOM- ondersese kabel vanaf Suid-Afrika na Europa het die NWU in staat gestel om sy internetkapasiteit geleidelik te verhoog. 'n Unieke kenmerk van die NWU se internetargitektuur is die dubbele internetskakels wat gebruik word. Onlangse falings van die SEACOM-koppeling het veroorsaak dat die meeste universiteite kommunikasie met Europa heeltemal verloor het, terwyl die NWU in verbinding gebly het.

Ongelukkig is die uitrol van die Departement Wetenskap en Tegnologie se Suid-Afrikaanse Navorsingsnetwerk (SANREN), wat plaaslike toegangskringe aan instellings voorsien, vertraag. Gevolglik ondervind al die NWU-kampusse probleme om toegang tot die beskikbare SEACOM-kapasiteit te verkry.

#### Ander infrastruktuurverbeterings

Die geboue wat op NWU-kampusse gebou of opgeknop is, het geleenthede voorsien

vir Inligtingstegnologie om groot netwerkverbeterings te onderneem, asook uitbreidings op alle kampusse. Hierdie tendens sal na verwagting in 2010 versnel.

#### Rekenaarfasielitte vir studente

Nuwe rekenaarlokale is op verskeie kampusse bygevoeg, terwyl bestaande rekenaarlokale volgens die instandhoudings- en vervangingskedule opgegradeer is.

#### □ Mafikengkampus

Die netwerk is vir die eerste maal na 'n studentekoshuis uitgebrei deur 200 kamers van diens te voorsien. Vier rekenaarlokale met 'n totale kapasiteit van 105 persoonlike rekenaars (PR's) is tot stand gebring/opgegradeer. Drie hiervan is op die kampus en een op die Molelwaneplaas geleë. Een van hierdie rekenaarlokale sal aan die Thuthuka-projek gewy word, en twee sal as leeslaboratoriums gebruik word vir die akademiese geletterdheidsprogram wat in 2010 ingestel sal word. Altesaam 190 PR's in rekenaarlokale is as deel van die vierjaarvervangingsiklus van die Universiteit vervang, wat die totale getal PR's vir studente op 1 087 te staan bring.

#### □ Potchefstroomkampus

Studente het toegang tot altesaam 1 034 PR's wat oor 22 lokale versprei is. Hierdie lokale word gereeld opgegradeer, en die bedryfstelsels en toepassingsprogrammatuur van alle PR's word gereeld opgegradeer om optimale



prestasie, betroubaarheid en sekuriteit te verseker.

#### □ Vaaldriehoekkampus

Die netwerk is na die Quest-leersentrum uitgebrei, asook na die Faranani-studentekoshuis. Rekenaarlokale word gereeld volgens die instandhoudingskedule opgegradeer. Nuwe rekenaarlokale word ook beplan vir die nuwe geboue wat opgerig word. Studente het nou toegang tot altesaam 425 PR'e.

#### Verbeterde werksprosesse

'n Aantal projekte is gedurende die oorsigjaar geïnisieer of voltooi ten einde die doeltreffendheid te verbeter van die stelsels wat die Universiteit gebruik om hulpbronne en inligtingsvloei te bestuur, en om dienste aan studente te lewer.

#### Ondernemingsinhoudbestuur

In 2009 het Inligtingstechnologie die meeste van die tegniese implementeringswerk vir die Ondernemingsinhoudbestuurstelsel voltooi. Dit is 'n strategiese projek om die samewerkende prosesse met betrekking tot die lewensiklus van dokumente by die NWU te fasiliteer en te verbeter. Hierdie stelsel is gegrond op die internasionaal gerekende Alfresco-produksuite, 'n oopbrongebaseerde inhoudbestuurstelsel. Die NWU ontpleoi aanvanklik drie duidelik onderskeie bewaarplekke, een vir elke kampus, maar sal die argitektuur hersien wanneer die

situasie met betrekking tot die interkampus-bandwydte verbeter. Met loodstoetsing wat byna afgehandel is, sal die stelsel gedurende 2010 op al die kampusse geïmplementeer word.

#### IT-bemagtiging en -opleiding

Die NWU het met 'n projek begin om sy benadering tot personeelopleiding en -bemagtiging deur die doeltreffende gebruik van IKT te hersien en te hernu.

- Op die Mafikengkampus is 17 rekenaar-kursusse aangebied en het 188 kampuspersoneellede minstens een van die kursusse bygewoon. Op die Potchefstroomkampus is inligtingsessies en werksinkels gehou en is virtuele opleidingsfasiliteite vir 'n groot verskeidenheid toepassings beskikbaar gestel. Die Vaaldriehoekkampus het eindgebruikers in verskeie toepassings opgelei, in die besonder Microsoft Office 2007, Groupwise en Oracle ERP.

#### Besigheidstelselverbeterings

- **Suksesvolle implementering van die Varsité-verkoopstelsel**

Hierdie stelsel wat die NWU se verskaffingskettingprosesse bestuur, is in April 2009 op die Potchefstroomkampus geïmplementeer. Die stelsel is ten nouste in die Oracle iProcurement-stelsel geïntegreer, en is in staat om streng voorraad- en finansiële beheermaatreëls toe



■ 'n **Wyse man** sorg altyd dat sy **finansiële**  
■ **posisie** sy uitgawes bepaal.

■ – **PROF JOHAN ROST, UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE**

te pas. Dit is egter 'n uiters komplekse stelsel, veral die voorraadbeheermodule, wat 'n besonder steil leerkurwe vir alle betrokkenes tot gevolg het. Nogtans was die implementering in die geheel hoogs suksesvol en behoort die stelsel uitstekende diens aan die gebruikers daarvan te voorsien.

#### □ **Varsité-studentestelsel (VSS)**

Die integrasie en implementering van die Kortkursusbestuursmodule van VSS het die funksionele reikwydte van die toepassing verhoog en bedryfsprosesse verbeter. Die toepassingproses is gestroomlyn en vereenvoudig, terwyl die integrasie veilige bewaring van studentedata sal verseker.

Die verbeterde integrasie van die Studenteregistrasietoepassing met Oracle ERP se Voorraadbeheerstelsel is ook afgehandel. Dit het diensvlakke aan studente wat betref die uitreiking van studiegidse gedurende die registrasieproses beduidend verbeter.

#### □ **Implementering en Integrasie van KIDZ-Alumnistelsel in VSS**

Die KIDZ-Alumnibestuurstelsel is suksesvol op al die kampusse geïmplementeer. Dit sal ook in VSS geïntegreer word vir makliker oordrag van Alumni-inligting. 'n Mate van bykomende funksionaliteit sal in 2010 beskikbaar gestel word om finansiële aspekte van die toepassing te verbeter, met verbeterde integrasie in die sentrale finansiële stelsels.

#### **Toekomstige ontwikkelings**

Die NWU ondervind reeds die voordele van stelselintegrasie in verbeterde integriteit en betroubaarheid van inligting. 'n Aantal ander projekte is onderweg om doeltreffendheid verder te verbeter, produktiwiteit te verhoog en diensvlakke te verbeter.

#### □ **Bestuur van studiemateriaalproduksie**

Hierdie projek is daarop gerig om die bestaande studiegidsproduksiestelsel, wat uit

die era voor die samesmelting kom, te moderniseer en te vervang. Die nuwe stelsel, wat op al drie kampusse geïmplementeer sal word, is geskeduleer om teen Julie 2010 in produksie te wees.

#### □ **Bestuur van gebouurimte**

'n Nuwe bestuurstelsel vir gebouurimte word ontwikkel, wat dit makliker sal maak om verslag oor gebouurimte op alle kampusse te doen en dit te bestuur. Dit sal aan die jongste regeringsvereistes vir benuttingsverslae voldoen.

#### □ **Bestuur van IT-profiel**

Die NWU is besig om 'n nuwe IT-profielbestuurstelsel tot stand te bring wat gesofistikeerde identiteitsbestuurstechnologieë sal insluit, die voorsiening van dienste aan kliënte sal verbeter en groter betroubaarheid van en beheer oor diensvlakke sal ondersteun.

### **Ten slotte**


Die Universiteit se infrastruktuur is uitsonder as die bes in stand gehoude infrastruktuur by alle hoëronderwysinstellings. Die inligtingstechnologiesestelsels word ook hoog gereken, en het uiters gunstige kommentaar ontlok van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee se paneel wat die institusionele kwaliteitsaudit in Maart 2009 uitgevoer het.

Die totale belegging van R145,8 miljoen aan infrastruktuur in 2009 getuig van die Universiteit se verbintenis tot die instandhouding van die huidige fasiliteite op 'n hoë vlak, en dit brei infrastruktuur uit ten einde volhoubare groei in die toekoms te verseker.



**PROF IJ ROST**  
UITVOERENDE DIREKTEUR:  
FINANSIES EN FASILITEITE








Streef na uitnemendheid, maar hou  
altyd 'n ogie op die weer.

– PROF DAN KGWADI, KAMPUSREKTOR: MAFIKENG



# KAMPUSOORSIG

Oorsig van die Mafikengkampus	116
Oorsig van die Potchefstroomkampus	124
Oorsig van die Vaaldriehoekkampus	132





Prof Dan Kgwadi

## Oorsig van die Mafikengkampus

In 'n besige jaar wat besonder glad verloop het, het die Mafikengkampus ten opsigte van die meeste van sy kernbesigheid sterk presteer.

**In vier uit** vyf akademiese fakulteite het slaagsyfers onder eerstejaarstudente rekordvlakke bereik, met Opvoedkunde en Geestes- en Sosiale Wetenskappe wat besonder goeie resultate opgelewer het.

Wat betref navorsing is die Kampus se kapasiteit 'n hupstoot gegee deur die onder-tekening van ooreenkomste met toonaangewende instansies, en stappe is gedoen om die fakulteite se kapasiteit te verbeter

om studieleiding aan meesters- en doktorsale studente gee. Op die derde gebied van die kernbesigheid, implementering van kundigheid, was die Kampus bevoorreg om deur opleiding en opdragnavorsing hul kennis met gemeenskappe, die regering en die sakewêreld te deel.

Dit was ook 'n genoë om as gasheer vir die 2009-Sokker- en Bokskampioenskap van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) op te tree.

### Studente-inskrywings 2009

Voorgraads	7 170
Meesters	551
Doktoraal	102
<b>Totaal</b>	<b>7 823</b>

### Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	Kontak	1 251
	Afstand	2
Seniors	Kontak	4 989
	Afstand	1 581

*Gradeplegtighede is van 22 tot 24 April en op 8 en 9 Oktober 2009 gehou.*

*Altesaam 2 319 sertifikate, diplomas en grade is in 2009 toegeken.*

### Diplomas en grade in 2009 toegeken

Sertifikate en diplomas	1 151
B-grade	807
Honneursgrade	246
Meestersgrade (insluitende MBA)	103
Doktorsgrade	12
<b>Totaal</b>	<b>2 319</b>

### Graduandi per fakulteit in 2009

Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie	283
Fakulteit Handel en Administrasie	423
Fakulteit Opvoedkunde	1 140
Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe	371
Fakulteit Regte	102
<b>Totaal</b>	<b>2 319</b>

## Kampushoogtepunte in 2009

- ❑ Regstudente van die Kampus het Suid-Afrika verteenwoordig by die Skynhofkompetisie in Internasionale Humanitêre Reg wat in November 2009 in Arusha, Tanzanië gehou is. Die span het baie goed gevaar en het in die eindronde teen die Universiteit van Zimbabwe verloor. 'n Lid van die kampusspan, me Mugunyani, het die Beste Redenaar-toekenning ontvang en het ook 'n aanbod vir 'n internskap van drie maande by die Internasionale Straftribunaal vir Rwanda in 2011 ontvang.
- ❑ Van Oktober 2009 het dr Anne Khasakhala, 'n bevolkingswetenskaplike van die Universiteit van Nairobi, met 'n jaarlange besoek aan die Kampus se Eenheid vir Bevolking en Gesondheid begin. Dr Khasakhala is ook 'n raadslid van die Unie vir Afrikabevolkingstudies (UAPS).
- ❑ Die Eentalige Setswana-woordeboek (Thanodi) is op die Mafikengkampus opgestel en van stapel gestuur, en die Setswana-departement het ook die Professor Setshedi-gedenklesing daar aangebied.
- ❑ Die Sakesentrum was 'n belangrike rolspeler in die konsortium aan wie 'n kontrak van ongeveer R10 miljoen toegeken is om 'n Sertifikaatprogram in Munisipale Finansies aan te bied. Hierdie program is deur die Nasionale Tesourie, Onderwys- en Opleidingsowerheid vir die Plaaslike-regeringsektor en die NWU se Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard geakkrediteer.
- ❑ Sportspanne van 18 universiteite het in Desember 2009 op die Mafikengkampus vir die Sokkerklubkampioenskap van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) byeengekom. Die span van die Mafikengse Sokkerinstituut was die 2009-kampioen in die afdeling vir mans.
- ❑ Die Biblioteek het 'n Facebook-blad begin om kommunikasie met studente te verbeter en hulle in staat te stel om op biblioteekdienste kommentaar te lewer.
- ❑ By die Regsfakulteit se Jaarlikse Konferensie en Regsdinee wat op 20 Oktober 2009 gehou is, was die eregas regter Mogoeng Mogoeng, die voormalige Regterpresident van die Mafikengse Hoër Hof.



- Prof Mogege Mosimege** 1  
VISEREKTOR: AKADEMIE,  
ONDERRIG-LEER EN NAVORSING
- Prof Sevid Mashego** 2  
VISEREKTOR: KWALITEIT EN BEPLANNING
- Mnr Robert Kettles** 3  
KAMPUSREGISTRATEUR
- Mnr Koos Degenaar** 4  
DIREKTEUR: BEMARKING  
EN KOMMUNIKASIE
- Mnr Etienne Mostert** 5  
DIREKTEUR: FINANSIES
- Mnr Lester Mpolokeng** 6  
UITVOERENDE BESTUURDER:  
KANTOOR VAN DIE REKTOR
- Mnr Joseph Satheke** 7  
BESTUURDER: STUDENTESAKE
- Prof Reinford Khumalo** 8  
DEKAAN: FAKULTEIT HANDEL  
EN ADMINISTRASIE
- Prof Melvin Mba** 9  
DEKAAN: FAKULTEIT REGTE
- Prof Dawid Gericke** 10  
DEKAAN: FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
- Prof Lulama Qalinge** 11  
DEKAAN: FAKULTEIT GEESTES-  
EN SOSIALE WETENSAPPE
- Prof Mashudu Maselesele** 12  
DEKAAN: FAKULTEIT LANDBOU,  
WETENSAP EN TEGNOLOGIE

## Onderrig-leer

Gebaseer op akademiese sukseskoerse vir die jaar het die Kampus sy beste resultate sedert die samesmelting in 2004 opgelewer. Die algehele syfer vir voltooide Voltydse Ekwivalente (VE's) was 84,2%, vergeleke met 79,8% die vorige jaar. Onder die eerstejaarstudente was die gemiddelde slaagsyfer 79,2%, teenoor 75,9%

in 2008, terwyl die slaagsyfer vir tweedejaar-, derdejaar- en vierdejaarstudente onderskeidelik 80,73%, 87,84% en 93,56% was.

Die tabel hieronder, wat die fakulteite se eerstejaarsukseskoerse sedert 2006 vergelyk, illustreer die egalige toename oor die afgelope vier jaar.

### Akademiese sukseskoerse van eerstejaarstudente per fakulteit

Fakulteit	2006	2007	2008	2009
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	75,72%	80,43%	82,58%	90,30%
Regte	58,49%	54,74%	76,07%	81,64%
Handel en Administrasie	70,64%	69,56%	75,69%	77,84%
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	72,93%	66,83%	72,50%	77,11%
Opvoedkunde	58,90%	82,27%	89,92%	94,15%

Die goeie resultate wat in 2009 behaal is, weerspieël die doeltreffendheid van die Kampus se pogings om onderrig-leer deur Aanvullende Onderrig en programme in akademiese geletterdheid te verbeter, asook deur aan doserende personeel geleenthede te gee om hul kwalifikasies en onderrigvaardighede te verbeter.

'n koördineerder aan te stel om alle aspekte van die program te bestuur en te monitor, asook deur 'n beduidende getal leiers en fasiliteerders in Aanvullende Onderrig te werf en op te lei.

Die Kampus het daarin geslaag om die impak van Aanvullende Onderrig te verdiep deur

Gedurende 2009 was Aanvullende Onderrig in 89 modules beskikbaar, wat deur die vyf fakulteite versprei was. Die volgende tabel som die implementering van Aanvullende Onderrig op die Mafikengkampus gedurende 2009 op.

### Aanvullende Onderrig per fakulteit in 2009

Fakulteit	Getal fasiliteerders	Getal modules
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	34	29
Regte	8	6
Opvoedkunde	8	8
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	21	19
Handel en Administrasie	45	27

Ander hoogtepunte van die poging om onderrig-leer in 2009 te verstewig, was:

- ❑ Die aanstelling van vier akademiese personele om onderrig in Akademiese Geletterdheid te gee, naamlik dr GTG Naicker, mnr KS Magogodi, mnr J Lalloo en mnr N Maduna.

- ❑ Akademiese werkswinkels wat gehou is om bewustheid onder dosente van die proses van die skryf en publiserings van studiegids te skep.
- ❑ Voorbereidings om met die aanbieding van die Begrip van die Wêreld-modules te begin. Die Fakulteit Opvoedkunde en die Fakulteit Handel en Administrasie sal



hierdie modules vanaf 2010 aanbied, en ander fakulteite sal in 2011 volg.

- Die Regsfakulteit se Personeel-Studente-indaba, wat op 15 Oktober 2009 gehou is om die toepaslikheid van die LLB-program te evalueer en verskillende onderrig-aangeleenthede te hanteer, insluitende evalueringkriteria, -metodes en -prosesse. Die Fakulteit was ook in gesprek met die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Regsdekane, die Suider-Afrikaanse Vereniging van Regsdosente, die Raad op Hoër Onderwys en eksterne eksaminators.

Hierbenewens het die Kampus voortgegaan om van akademiese kwaliteit 'n prioriteit te maak.

Die Kwaliteitsversekeringskantoor het die Kampus se voorbereidings vir die Institusionele Oudit deur die Hoëronderryskwaliteitskomitee (HOKK) in Maart 2009 gefinaliseer. In die geheel gesien, het die oudit

goed gegaan, insluitende die besoek aan die Mafikengkampus.

Hierbenewens is interne progamevaluering in die ondersteuningsdienste voltooi, met die fokus op die Biblioteek en Akademiese Dienste. Eksterne progamevaluering is vir die BSc Dieregesondheid, BSc Dierewetenskappe en vir Ontwikkelingstudies as 'n vak uitgevoer.

Deur die program vir die bou en opgradering van geboue het die Kampus steeds akademiese, navorsings- en bestuursfasiliteite verbeter.

Projekte wat in 2009 voltooi is, het stoorkamers vir argiefdoeleindes, rekords en eksamen vraestelle, die nuwe studentesentrum, uitbreidings aan die Kampus se Molelwaneplaas en bykomende kantore vir akademiese personeel by die Sentrum vir Dieregesondheid ingesluit. Terselfdertyd het opknappings aan akademiese geboue, koshuise en ontspanningsfasiliteite voortgegaan soos beplan.



## Navorsing

Daar was 'n aantal uiters positiewe ontwikkelings wat betref navorsing gedurende die jaar. Eerstens het die navorsingsuitset van die Kampus 'n styging in 2009 getoon, vergeleke met die vorige jaar. In die geval van vaktydskrifartikels was die navorsingsuitset vir die jaar 32,31 eenhede, teenoor 26,13 eenhede gedurende die vorige jaar.

### Vaktydskrif-artikeluitset per fakulteit in 2009

Fakulteit	Totale Suid-Afrikaanse eenhede	Totale ISI eenhede	TOTALE EENHEDE
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	1,50	0,83	2,33
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	1,33	25,52	26,85
Handel en Administrasie	1,00	0,63	1,63
Regte	1,00	0,00	1,00
Opvoedkunde	0,00	0,00	0,00
Viserektor	0,00	0,50	0,50
<b>Totale getal eenhede</b>	<b>4,83</b>	<b>27,48</b>	<b>32,31</b>

Daar was ook 'n algemene daling in die aantal nagraadse studente op meesters- en doktorsale vlak. Terwyl dit 'n tendens op al die NWU-kampusse was, was die afname op die Mafikengkampus ook gedeeltelik te wyte aan die beperkings wat op nagraadse studieleiding geplaas is.

Elke fakulteit kon slegs studente registreer op voorwaarde dat die betrokke fakulteit oor die nodige kapasiteit beskik het om leiding aan sodanige studente te gee. Geen toesighoudende verantwoordelikhede is byvoorbeeld toegewys aan personeellede wie se hoogste kwalifikasie 'n meestersgraad was nie. Die Kampus het die kwessie van studieleidingskapasiteit hanteer

deur die personeel met die hoogste kwalifikasie aan te stel en bestaande personeel aan te moedig om verder te studeer.

In hierdie opsig het twee dosente gedurende 2009 hul doktorsgrade verwerf. Mnr Mercutio Motshedi het sy DPhil in Maatskaplike Werk voltooi nadat hy 'n doktorsale proefskrif voltooi het met die titel *'n Maatskaplikewerk-program vir armoedige landelike families in die Noordkaap-provinsie van Suid-Afrika*. Me Mamadika Molukanele het haar DPhil verwerf vir haar werk oor *Die impak van tiener-swangerskap op die opvoedkundige aspirasies van vroulike leerders, Noordwes-provinsie, Suid-Afrika*.



### Personeel met doktorsgrade

Getal permanente akademiese personeel met doktorsgrade as hoogste kwalifikasie, as % van totale permanente akademiese personeel

2006 2007 2008 2009

19%

24%

24%

30%

In nog 'n stap vir kapasiteitsontwikkeling, hierdie keer in Gesondheidsorg, het die Skool vir Verpleegkunde 'n toekening van R18,5 miljoen van Atlantic Philanthropies ontvang. Dit het gelei tot die ondertekening van 'n Memorandum van Verstandhouding met McMaster-universiteit in Kanada vir navorsings- en akademiese samewerking.

Die twee partye sal onder andere saamwerk in die ontwikkeling en verbetering van navorsingsvaardighede deur publikasies en mentorskap, en deur personeel- en studente-uitruilprogramme in Verpleegkunde en verbandhoudende gesondheidsorgvelde in te stel. Hulle het ook ooreengekom om saam werkswinkels oor Probleemgebaseerde Leer in Suid-Afrika te reël.

Die eerste sodanige werkswinkel is in November 2009 gehou en is bygewoon deur verteenwoordigers van die Universiteit van die Wes-Kaap, Universiteit van Fort Hare, Universiteit van Venda en die Provinsiale Departement van Gesondheid Noordwes.

Hierbenewens het die Kampus met 'n aantal ander internasionale organisasies saamgewerk:

- ❑ Die Navorsingsnisarea Bevolking en Gesondheid het nou met die Universiteit van Oxford se Oxford-instituut oor Veroudering saamgewerk aan die Internasionale Navorsingsprojek oor 'n *Ondersoek van Migrasie en Intergenerasie-verhoudinge onder Afrika-migrante na Brittanje, Frankryk en Suid-Afrika*.
- ❑ Die Chemiedepartement het 'n Memorandum van Verstandhouding vir trilaterale samewerking in Wetenskap en Tegnologie met die Indië-Brasilië-Suid-Afrika-forum (IBSA-forum) onderteken.
- ❑ Die Instituut vir Simmetrie en Wiskundige Modelling, wat deel uitmaak van die De-

partement Wiskundige Wetenskappe, het vier vooraanstaande besoekende vakkundiges ontvang, wat hul werk aan personeel en nagraadse studente aangebied het.

### Implementering van kundigheid

Die nywerheid, regeringsagentskappe en gemeenskappe in die Noordwes-provinsie het steeds by die Kampus se kundigheid in landbou, regte en gesondheid baat gevind:

- ❑ Die Skool van Landbou het 'n vyfjaar-kontrak ter waarde van R800 000 van die Provinsiale Departement van Landbou ontvang om 40 studente op 'n deelydse grondslag op te lei.
- ❑ Prof L Qalinge, waarnemende Dekaan van die Fakulteit Geestes- en Maatskaplike Wetenskappe, is as raadslid van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangestel.
- ❑ Die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie het, in vennootskap met die Departemente van Onderwys en van Wetenskap en Tegnologie, die Nasionale Wetenskapsweek aangebied.
- ❑ Die Navorsingsnisarea Bevolking en Gesondheid het met die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die plattelandse kantoor van die Verenigde Nasies se Bevolkingfonds, die Provinsiale Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling Noordwes, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Statistiek Suid-Afrika saamgewerk.
- ❑ Die Sentrum vir Gemeenskapsreg het gratis regsdiens aan gemeenskappe rondom Mafikeng verskaf, werkswinkels vir skoolverlaters gehou en praktiese regsopleiding aan regsgraduandi aangebied. Gedurende 2009 het die Sentrum eksterne befondsing vir hul werk van die Aulai-trust, die Departement van Justisie en die Getrouheidswaarborgfonds vir Prokureurs ontvang.

- In die meeste **akademiese fakulteite** het **slaagsyfers**
- onder eerstejaarstudente **rekordvlakke** in 2009 bereik.
- – PROF DAN KGWADI, KAMPUSREKTOR: MAFIKENG

- Die Kampus se Departement Maatskaplike Werk het met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling saamgewerk, wat beurse aan 'n aantal studente in maatskaplike werk voorsien.

### Studentesake

Om afgeronde graduandi af te lewer, stel die Mafikengkampus studente in staat om hul talente in sport, kultuur, gemeenskapsdiens en studenteleierskap te ontwikkel. Daar was talle sulke geleenthede gedurende 2009 en, tot hul krediet het studente dit aangegryp.

'n Voorbeeld is die groep regstudente wat die NWU verteenwoordig het by die 18e Afrika-wye Skynhofkompetisie in Menseregte wat in Augustus 2009 by die Universiteit van Lagos in Nigerië gehou is, gevolg deur die Internasionale Skynhofkompetisie in Humanitêre Reg wat in November 2009 in Tanzanië aangebied is. Hierdie groep was die trots van die hele Universiteit toe hulle die finale rondte van die Internasionale Humanitêre Reg-item gehaal en tweede ná die Universiteit van Zimbabwe geëindig het.

### □ Studentebestuur

Die Verteenwoordigende Kampusstudenterraad (VKSR) het die kampusgrondwet gewysig, en dit is op 14 Augustus 2009 aanvaar en onderteken. Een onafhanklike en drie politieke studentesubstrukture het aan die VKSR-verkiesing vir 2009/10 deelgeneem. Al die partye wat aan die verkiesing deelgeneem het, het die uitslag aanvaar en 'n ooreenkoms te dien effekte onderteken.

Op 24 Oktober 2009 het die VKSR 'n samewerkingsooreenkoms met Diphateng Tourism Enterprise aangegaan om 'n vooreksamen-funksie aan te bied. Hierdie onderneming, iets nuuts vir die VKSR, het die grondslag vir samewerking van hierdie aard gelê. Die Mafikeng-VKSR-leierskapsvermoëns is uitgesonder vir erkenning toe hul voorsitter ook tot voorsitter van die Institusionele Verteenwoordigende Studenterraad verkies is.

### □ Sport

Die Sportdepartement en Raad vir Alle Sport het suksesvol oor 'n vol program van

kampus-, interkampus-, streeks- en nasionale sportgebeure toesig gehou. Hieronder was daar groot gebeure van die Universiteit Sport Suid-Afrika (USSA), soos die 2009-Boks- en Sokkerkampioenskap, wat deur die Kampus aangebied is, tesame met die Kadetkampioenskap van die Suid-Afrikaanse Boksorganisasie (SANABO).

In die geheel het die Kampus se sportspanne besonder goed presteer in die verskillende sportkodes waaraan die Kampus deelneem. Hieronder is 'n aantal van die sporthoogtepunte van die jaar.

**Aërobiese oefeninge:** Die aërobiese-oefeningklub het drie goue, twee silwer- en een bronsmedalje by die USSA-toernooi gewen, tesame met een goue en een bronsmedalje by die Fitness in the Jungle-geleentheid in Pretoria. In die groepsoefeningkompetisie in Rustenburg het die klub 'n silwer medalje ontvang.

**Tafeltennis:** Die vrouespan het 'n uitstekende jaar geniet en het die algehele eerste plek in die USSA-item verower. Ses spelers het daarna die Noordwes-provinsie by die Suid-Afrikaanse nasionale tafeltennistoernooi verteenwoordig.

**Netbal:** Vier spelers het die Noordwes-provinsie by die Suid-Afrikaanse nasionale kampioenskap verteenwoordig.

**Sagtebal:** Drie spelers is vir die nasionale USSA-span gekies.

**Liggaamsbou:** Ses studente het die Noordwes-provinsie by die nasionale toernooi van die Internasionale Federasie van Liggaamsbouers (IFBB) verteenwoordig.

**Landloop:** Die span het twee bronsmedaljes op die SA Nasionale Landlooptoernooi gewen.

**Ju-Jitsu:** 14 studente het die Noordwes-provinsie by die SA Nasionale kampioenskap verteenwoordig en het sewe brons- en twee silwermedaljes ontvang. By die Kaap van Storms-kompetisie was die span se medaljetelling 'n indrukwekkende 37.

**Sokker:** Twee Sokkerinstituu­spelers is gekies om gedurende die Wêreldbeker vir onder 20's in Rwanda vir Suid-Afrika se nasionale onder-20 span te speel. In nog 'n prestasie is vyf Sokkerinstituu­spelers vir die nasionale onder 21-span van USSA gekies. Hulle was deel van die span wat in die provinsiale toernooi in April 2009 in Bloemfontein gespeel het. As deel van die gemeenskapsbetrokkenheidsprogram het die Sokkerinstituut se afrigters leerders van Barolong-hoërskool bygestaan om vir die Kay Motsepe Nasionale Kampioenskap in Limpopo voor te berei.

**Vlugbal:** Agt spelers het die Noordwes-provinsie by die SA Nasionale Kampioenskap verteenwoordig.

**Rolstoel­tennis:** Twee spelers het die Noordwes-provinsie by die kompetisie van Rolstoel­tennis Suid-Afrika ("WTSA") verteenwoordig.

#### ❑ **Kultuuraktiwiteite**

Verskeie studentekultuurgroepe was in die kollig met hul sang, dans en poësie-uitvoerings. Sommige van die belangrikste gebeurtenisse van die jaar was die Danssportfees op 16 Junie, 'n nasionale gebeurtenis wat jaarliks aangebied word om 16 Junie te vier, en die Kampustalentfees, 'n jaarlikse kompetisie waar spanne hul artistieke vermoëns vertoon.

Ander noemenswaardige projekte was: Vriende in Kuns en Kultuur, wat 'n gemeenskapsprojek is wat die Kultuurkantoor in samewerking met die Departement van Kommunikasie en Bemaking onderneem, die Streeksuitdunne van die Nasionale Koorfees, waarin ons koor die derde plek in beide die Westerse en Inheemse kategorieë verower het, die Reünie, 'n poësievertoning, en die Diversiteitsfees, 'n kultuurfees met 'n internasionale karakter.

#### ❑ **Studentewelstand**

- Die volgende MIV/Vigs-programme is aangebied: Die Scrutinise-veldtog, Portuuroopvoeding-uitruilprogram, Veelvuldige Gelyktydige Seksuele Maats, Vrywillige Berading en Toetsing, en die Uitreikingsprogram. Laasgenoemde het skoolbesoeke aan Lokaleng Middelbare Skool, Nelson Mandela-hoërskool,

Moledi-hoërskoolen Bodibe Middelbare Skool behels.

- Die Sentrum vir Leiding en Berading het 920 konsultasies gevoer om studente in die korrekte programme te plaas en het 48 studente as portuurhulpers opgelei. Portuurhulpers onderneem nie enige beradingsaktiwiteite nie, maar identifiseer studente wat berading nodig het. Hulle rapporteer elke maand aan die Sentrum en woon gereelde nabetragtingsessies by.
- Die Eenheid vir Gestremdes het 19 studente met gestremdhede bygestaan en het daarin geslaag om twee borgskappe te kry. Die eerste borgskap, wat deur die Kampusrektor voorsien is, het 'n visueel gestremde student in staat gestel om opleiding in Braille by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Blindes in Pretoria te ontvang. Vir die tweede borgskap het die Carl en Emily Fuchs-stigting 'n skandeerder aan die Eenheid vir Gestremdes en twee draagbare rekenaars vir studente met gestremdhede geskenk.

## Ten slotte

In die geheel het die Mafikengkampus rede om tevrede te wees met hul prestasie in 2009, en in die besonder met die vordering wat daar gemaak is met die versterking van onderrigleer en die uitbreiding van implementering van kundigheid. Kampusbestuur erken dat meer werk gedoen moet word om navorsingsuitset te verbeter en is dus besig om te belê in navorsingskapasiteitontwikkeling as die hoeksteen van die dinamiese kultuur van navorsing waarna die Kampus streef.

Die komende akademiese jaar sal aan die Kampus en sy personeel baie geleenthede gun om kennis en innovasie tot die voordeel van gemeenskappe en tot die krediet van die Universiteit na te streef.



**PROF ND KGWADI**  
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG



Prof Annette Combrink

## Oorsig van die Potchefstroomkampus

In 2009 was daar min dinge wat die aandag van die bedryf van die kernbesigheid van die Kampus afgelei het. Personeel en studente het op hul onderrig-leer-aktiwiteite gefokus en studente het met entoesiasme aan kultuur- en sportaktiwiteite deelgeneem.

**Verdere implementering van** die Navorsingsentiteitmodel het goed verloop, hoewel daar weer aan sommige geringe aspekte van die nuut gevestigde nisareas aandag gegee moes word. Navorsinguitset was egalig en vergelyk gunstig met die resultate van vorige jare.

Dit is egter duidelik dat dosente onder toenemende druk verkeer as gevolg van die toename in studentetalle, wat die tyd wat vir

navorsing en ander aktiwiteite beskikbaar is, kan beperk.

Die Kampus het steeds 'n kultuur bevorder waarin alle studente tuis kan voel, in die wete dat hulle die ondersteuning het wat hulle benodig om 'n konstruktiewe studentelewe te lei, ten volle aan sosiale aktiwiteite deel te neem en deel van 'n lewenskragtige akademiese omgewing te wees.

### Studente-inskrywings in 2009

Voorgraads	35 828
Meesters	1 845
Doktoraal	587
<b>Totaal</b>	<b>38 260</b>

### Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	Kontak	3 420
	Afstand	350
Seniors	Kontak	13 533
	Afstand	20 957

### Graduandi per fakulteit in 2009

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	315
Fakulteit Natuurwetenskappe	476
Fakulteit Teologie	156
Fakulteit Opvoedingswetenskappe	6 064
Fakulteit Regte	223
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 351
Fakulteit Ingenieurswese	287
Fakulteit Gesondheidswetenskappe	1 412
<b>Totaal</b>	<b>10 284</b>

### Diplomas en grade in 2009 toegeken

Sertifikate en diplomas	5 549
B-grade	2 630
Honneursgrade	1 493
Meestersgrade (insluitende MBA)	518
Doktorsgrade	94
<b>Totaal</b>	<b>10 284</b>

Dit was **bemoedigend** om die **toenemende diversiteit** van die Kampus se **studente-** en **personeelprofiel** te sien.

– **PROF ANNETTE COMBRINK, KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM**

## Kampushoogtepunte in 2009

- ❑ Twee nuwe bestuuraanstellings is gemaak. Prof Herman van Schalkwyk is vanaf 1 Januarie 2010 as Kampusrektor aangestel en prof Amanda Lourens as Viserektor Akademies: Navorsing en Beplanning.
- ❑ Die Kampus het die jaar met 108 NNS-gegradeerde navorsers afgesluit, vergeleke met 100 die vorige jaar.
- ❑ Die akademiese programbelyning, wat 'n groot aktiwiteit van die jaar was, is suksesvol voltooi met die oog op beplanning in 2010.
- ❑ Die NWU-PUK Sportdorp is beplan om akkommodasie vir sportmanne en -vroue te voorsien wat van die Kampus se fasiliteite gebruik maak. Die projek het in Desember 2009 momentum verkry toe die Nasionale Sokkerspan van Spanje besluit het om die NWU-PUK Sportdorp hul spanbasishotel vir die FIFA-Wêreldbeker te maak.
- ❑ Spesiale sportprestaties het Sunette Viljoen (spiesgooi) se goue medalje tydens die Wêreldstudentespele ingesluit, en die rugbyspan het die Kovsies vir die vyfde jaar agtereenvolgens tydens die Intervarsity-toernooi gewen. Die Kampus was die algehele wenner van die kompetisie en die Rugbyinstituut het die eindronde van die Varsity Cup gehaal.
- ❑ Menseregteopleiding is aan die hele studenteierskap voorsien en transformasieportefuljes is in koshuiskomitees ingesluit om leierskapsontwikkeling te bespoedig.
- ❑ Die nuwe simfonieorkes is tot stand gebring en het hul eerste konserte aangebied.
- ❑ Die Kampus het sy 140-jarige herdenking gevier. Die vieringe het in Junie in Burgersdorp begin, die oorspronklike stigtingsplek van die Kampus wat voor Januarie 2004 die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was.
- ❑ In September het die NWU die eerste universiteit in die land geword om 'n mobi-webwerf tot stand te bring, waartoe voornemende studente deur middel van hul selfone toegang kan verkry. Deur dit te doen, kan hulle al die inligting kry wat hulle nodig het om kursusse te kies en aansoek te doen.
- ❑ Grafiese Ontwerp in die Skool vir Kommunikasiekunde is as die beste ontwerpsskool in die land genomineer.



**Prof Mariëtte Lowes** 1

VISEREKTOR: AKADEMIE

**Prof Daan van Wyk** 2

VISEREKTOR: KWALITEIT EN BEPLANNING

**Me Dorothy August** 3

KAMPUSREGISTRATEUR

**Mnr Bobo van der Westhuizen** 4

HOOFDIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

**Mnr Theo Cloete** 5

DIREKTEUR: BEMARKING  
EN KOMMUNIKASIE

**Prof Hendré Reyneke** 6

STUDENTEDEKAAN

**Prof Dries du Plooy** 7

DEKAAN: FAKULTEIT TEOLOGIE

**Prof Elsabé Loots** 8

DEKAAN: FAKULTEIT EKONOMIESE EN  
BESTUURSWETENSKAPPE

**Prof Petra Engelbrecht** 9

DEKAAN: FAKULTEIT  
OPVOEDINGSWETENSKAPPE

**Prof Kobus Pienaar** 10

DEKAAN: FAKULTEIT  
NATUURWETENSKAPPE

**Prof Albert Helberg** 11

WAARNEMENDE DEKAAN:  
FAKULTEIT INGENIEURSWESE

**Prof Jan Swanepoel** 12

DEKAAN: FAKULTEIT LETTERE  
EN WYSBEGEERTE

**Prof Francois Venter** 13

DEKAAN: FAKULTEIT REGTE

**Prof Marlene Viljoen** 14

DEKAAN: FAKULTEIT  
GESONDHEIDSWETENSKAPPE



Altesaam 10 284 sertifikate, diplomas en grade is by 42 gradeplegtighede toegeken, wat op die volgende plekke en datums plaasgevind het:

Potchefstroom – 2 tot 25 Maart, 13 tot 15 Mei, 1 Junie, 9 tot 15 September, 30 Oktober, 25 tot 26 November

Polokwane – 2 Junie en 30 November

Oos-Londen – 6 Junie en 4 Desember

Durban – 4 Junie en 2 Desember

Upington – 5 Februarie

Kimberley – 30 Mei

Cedar College – 8 April

Windhoek – 3 April en 18 November

Ongwediva – 1 April en 16 November

## Onderrig-leer

Studentetalle het in 2009 toegeneem en altesaam 38 260 residensiële en nie-kampus-studente is geregistreer, 'n styging van 9% bo die vorige jaar. Die registrasieproses het glad verloop, ten spyte van die groter getal studente, aangesien die Skool vir Voortgesette Onderwysopleiding met die registrasie van nie-kampusstudente gehelp het. Elektroniese registrasie vir studente wat in vorige jare in al hul modules geslaag het, het ook tot die sukses van die 2009-registrasieproses bygedra.

Die werwing van studente is op die 2010-inskrywingsplan gegrond, wat 'n duidelike fokus het op die verhoging van die getal swart studente en op die werwing van meer studente in Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie, sowel as in Sakewetenskappe, in teenstelling met die Geesteswetenskappe.

In 2009 is die eerste groep van 30 swart gewerfde studente vir die program in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap ingeskryf en het hulle regdeur die jaar mentorskap ontvang. 'n Beduidende getal studente is uit die Koninklike Bafokeng-nasie gewerf en in die grondslagfase van die BEd-program ingeskryf, met 'n verdere 20 studente wat vir die Intermediêre Fase gewerf is.

Die modules in Akademiese Geletterdheid (AGLA/AGLE) in Afrikaans en Engels is as 'n loodsprojek vir die NWU ingestel. Die doel is om die bevoegdheid van eerstejaarstudente in

lees en skryf, rekenaargeletterdheid en algemene studievvaardighede te verbeter.

Gedurende die promosieproses is 17 dosente tot die pos van senior lektor bevorder en het nog 24 mededeprofessore en professore geword.

Altesaam 24 personeellede het Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU's) ontvang. Ses van die ontvangers van hierdie toekennings is ook vir die personeeltoekennings van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Hoër-onderwysleer en -Onderrig (SAVHOLO) genomineer.

Fakulteite het wisselende behoeftes wat betref formatiewe assessering, en die belangrikste differensieerder is die getal studente in klas-kamers. In die lig van fakulteite se verskillende behoeftes is die assesseringsmodel ondersoek en aangepas. Die hersiene model pas by die meerderheid van die fakulteite, maar waar ander fakulteite hul eie praktyke evalueer, doen hulle dit deur van 'n duidelik omskrewe maatstaf gebruik te maak. Hierdie maatstaf is die gevolg van 'n oudit oor die assesseringspraktyke in een van die fakulteite wat selfevaluering doen.

Die Kampus het weer eens sy gradeplegtighede na sentrums regdeur Suid-Afrika sowel as in Namibië geneem. Dit maak dit moontlik vir studente om seremonies by te woon waar hulle andersins nie sou kon wees nie as gevolg van koste- en afstandsoorwegings. Dit skep weer goedgesindheid onder studente en projekteer 'n positiewe beeld van die Kampus en die Universiteit. Insgelyks is nie-kampusgradeplegtighede vir afstandstudente in die Opvoedingswetenskappe en Gesondheidswetenskappe gehou. Plegtighede is in Oos-Londen, Durban, Upington, Kimberley, Polokwane, Cedar College en Namibië gehou.

Ander akademiese aangeleenthede wat in 2009 aandag geniet het, was:

- ❑ Kwaliteitsversekering van nege akademiese programme, waarvan vier eksterne programmevaluering en vyf interne programmevaluering was.



- ❑ Die verpligte eksterne moderering van alle uittreevlakmodules, 'n praktyk wat in 2008 ingestel is.
- ❑ Toerusting van 173 lesinglokale met multimediafasiliteite, met 'n geraamde vervangingswaarde van ongeveer R10 miljoen.
- ❑ Die produksie en verspreiding van 3 583 studiegidse.
- ❑ Groter gebruik van die elektroniese leerplatform, eFundi, en die instelling van Facebook- en ander besprekingsgroepe.
- ❑ Die doeltreffender gebruik van elektroniese media by die Kampus se Ferdinand Postma-biblioteek. As gevolg hiervan het die Biblioteek vanaf die 49e posisie in Afrika op die *Ranking Web of World Universities* aan die einde van 2008 tot die 14e posisie in Julie 2009 verbeter.

## Navorsing

Navorsingaktiwiteite is voortgesit binne die raamwerk van die Navorsingsentiteitmodel, wat volledig geïmplementeer is. Hoewel alle entiteite maklik met hierdie reëling ingeval het, het dit gedurende 2009 duidelik geword dat die nuut gevestigde nisareas bykomende steun nodig het en is voorsiening in die begroting vir 2010 gemaak.

Die Kampus verleen graag erkenning aan die status van hul twee A-gegradeerde NNS-

navorsers, prof H Moraal en prof M Potgieter, albei van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe. Die getal NNS-gegradeerde wetenskaplikes op die Kampus het van 100 tot 108 toegeneem.

Die volgende aktiwiteite oor die fakulteite heen weerspieël die nasionale en internasionale erkenning wat aan navorsers verleen word:

- ❑ Prof BH Harvey is genooi om aan te sluit by die Serotonienklub, 'n wêreldwye vereniging wat op navorsing oor die rol van serotonien in die liggaam fokus.
- ❑ Mnr G Keretse is deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Beroepshigiëne erken as die topstudent in Beroepshigiëne vir navorsing oor DNA-skade wat deur petrologgies opgedoen word.
- ❑ Die Skool vir Ekonomie is deur die Departement van Handel en Nywerheid gekontrakteer om uitvoergeleenthede te bepaal wat vir Suid-Afrika beskikbaar is.
- ❑ Die Fakulteit Ingenieurswese het vier navorsingsleerstoele van die Departement Wetenskap en Tegnologie. Dit is in Kernwetenskap, Waterstofenergie, Hernubare Energie en Koolstoftegnologie.
- ❑ Mnr Werner van Antwerpen het die Harry Mendill-toekenning vir uitsonderlike meestersnavorsing in Kerningenieurswese ontvang.

## Implementering van kundigheid

Deur konsekwent en suksesvol verhoudinge met nywerheidsvennote te bestuur, dra die Kampus kundige kennis en vaardighede deur kontraktnavorsing, konsultasies en ander derdegeldstroom-aktiwiteite oor. In die proses word beduidende bedrae derdegeldstroom-inkomste vir die Universiteit gegenereer.

Sommige van die beduidende prestasies van 2009 was:

- ❑ Die geoutomatiseerde masjiënvertalingstelsel, met die naam Autshumato, wat die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) vir die Departement Kuns en Kultuur geïmplementeer het.
- ❑ Die vyf patente wat in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe geregistreer is.
- ❑ Die Fakulteit Ingenieurswese, wat THRIP-projekte ter waarde van R55,5 miljoen verkry het, wat die hoogste in die land is.
- ❑ Die Skool vir Sakebestuur, wat 'n kursus in entrepreneurskap ter waarde van R5,4 miljoen vir die Departement Korrektiewe Dienste aangebied het.
- ❑ Die Fakulteit Regte, wat 'n diens aan die Kantoor van die Premier van Noordwes voorsien het deur omgewingswette vir die Provinsie te ontwikkel.

Bo en behalwe hierdie kommersieel gedrewe projekte was die Kampus ook by talle gemeenskapsdiensprojekte betrokke. Die meeste hiervan is leerprojekte wat op die formele kurrikulum of op spesifieke vaardighedsontwikkelingsvereistes gebaseer is.

Gedurende 2009 het fakulteite nuwe projekte van stapel gestuur of bestaande projekte voortgesit.

- ❑ Die Potchefstroomse Besigheidsskool het 'n projek ter ondersteuning van opkomende entrepreneurs van stapel gestuur by Aardklop, die jaarlikse kunstefees wat in Potchefstroom gehou word.
- ❑ Die lank bestaande Sediba-projek in die Fakulteit Natuurwetenskappe fokus op die verbetering van vaardighede van

Wetenskap- en Wiskundeonderwysers en maak steeds 'n wesenlike impak op die gemeenskap.

- ❑ In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het die Farm Labour and General Health (FLAGH-projek) gepoog om die gesondheidstatus en lewenskwaliteit van plaaswerkers te verbeter. Hierdie projek wat reeds etlike jare aan die gang is, maak staat op die aktiewe deelname van verskillende staatsdepartemente, landbouorganisasies en munisipaliteite.
- ❑ Verskeie projekte in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, soos die ATKV-Skryfskool, Kreatiwiteitsentrum en die Musikhane-projek, lewer reeds 'n aantal jaar lank waardevolle bydraes tot die gemeenskap.
- ❑ Nog 'n inisiatief wat lank reeds bestaan, die Ikateleng-projek, het onderrigsteun aan leerders in voorheen benadeelde gemeenskappe gebied. Die slaagsyfer van studente in hierdie program was 80%, vergeleke met die 62,5% nasionaal.

## Studentesake

Studente op die Kampus het entoesiasies aan sport-, kultuur- en leierskapsaktiwiteite deelgeneem, terwyl hulle goed gebruik gemaak het van die studentesteun- en beradingsdienste wat beskikbaar was.

### ❑ Studentebestuur

Die Verteenwoordigende Kampusstudenterraad (VKSR) het 'n duidelike tema vir hul ampstermyn bekendgestel: Die skepping en kweking van 'n kultuur van respek en verdraagsaamheid op die Kampus. Dit is prakties geïmplementeer deur opleiding in menseregte vir die hele studente-leierskapskomplement, en die instelling van transformasieportefuljes in koshuiskomitees. Die VKSR-voorsitter, me Adele Croucamp, het nie net die Abe Bailey-beurs gewen nie, maar die Rhodes-Mandela-beurs vir meesterstudie is ook aan haar toegeken.

### ❑ Studentewelstand en berading

Die Kampusgesondheidsentrum, wat 'n eenstopdiens aan studente en sommige personeel lede bied, het in Maart 2009 hul nuwe fasiliteite in gebruik geneem. Die Sentrum het hul





personeelkomponent vergroot deur 'n sielkundige aan te stel ter aanvulling van die dienste van die mediese personeel en die maatskaplike werker. Hierbenewens is 'n mediese dokter as bestuurder van die Sentrum aangestel. Die Sentrum het altesaam 5 636 pasiënte in 2009 bygestaan, meer as dubbel die 2 216 van die vorige jaar.

Die Hoëronderwys-VIGS-projek (HEAIDS) het goed gefunksioneer, nadat dit volgens beplanning in die normale Kampusaktiwiteite ingefaseer is.

Die Studenteberadingsdiens het weer eens studente gehelp om grondige studie- en loopbaankeuses te maak, en het gehelp met toelatingsvereistes en spesiale toelatings. Hulle het ook sielkundige berading voorsien en studente met gestremdhede bygestaan. Die portuurhelperprogram was suksesvol in die ondersteuning van studente met 'n wye verskeidenheid probleme.

Finansiële Steundienste, wat alle finansiële steun aan studente bestuur, het 'n gradering van "Uitstekend" van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) ontvang. Die beursoekenningsproses is so suksesvol bedryf dat, teen Augustus 2009, 80% van die NSFAS-fondse ontvang en aan studente uitbetaal is.

Hoewel daar meer beurssteun vir behoeftige studente was, was die beskikbaarheid van private akkommodasie teen billike pryse 'n ernstige probleem vir NSFAS-studente wat nie vir koshuisakkommodasie gekwalifiseer het nie.

#### □ Sport

Een van die opwindendste ontwikkelings van die jaar was die nuus dat die Spaanse Nasionale Sokkerspan die NWU-PUK Sportdorpie as

hul spanbasis vir die 2010-Wêreldbeker sou gebruik. Hierdie nuus het spesiale stukrag aan die NWU-PUK Sportdorpie-projek verleen, wat onder andere uit 80 kamers met 160 beddens, 'n verhitte swembad en konferensiefasiliteit bestaan, asook 'n opgegradeerde sokkerveld wat aan FIFA-standaarde voldoen.

Die Hoëprestasie-instituut (HPI) het 'n uiters suksesvolle jaar beleef. Benewens 'n geraamde 1 000 internasionale atlete wat hanteer is, het die HPI 'n aantal hoëprofiel-sportspanne gelok. Die onder 19-span van Mamelodi Sundowns het dit hul basis gemaak, en die fasiliteit is ook deur die Afrika-afdeling van die Internasionale Fietsryunie, Luiperdsrugby, die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging se skeidsregteropleidingsgroep, NWK se Internasionale Krieketafrigtingskamp en die Protea-krieketspan, onder andere, gebruik.

Die Kampus se verbintenis tot sportontwikkeling het daartoe gelei dat 'n aantal oefeniniatiewe waarby skole en ander groepe betrokke was, plaasgevind het. Honderde deelnemers en onderwysers/beamptes het aan hierdie inisiatiewe deelgeneem. Regdeur die groot sportkodes was studentesport-kompetisies baie gewild onder sportlui sowel as toeskouers.

**Atletiek:** Die Atletiekklub was tweede in Universiteitsport Suid-Afrika (USSA), met die mans in die eerste plek en die dames derde. Nege atlete van die Kampus het Suid-Afrika by die Studentewêreldkampioenskappe in Belgrade verteenwoordig, met Sunette Viljoen wat die goue medalje verower het. Ander atlete wat in 2009 goed gevaar het, was Elroy Gelant (brons in die 5 000m-item by die Studentewêreldkampioenskappe) en Ulrich Damon (spiesgooi), wat nou vierde op die wêreldranglys is. Patience Ntshingila het die

■ **Grafiese Ontwerp** in die Skool vir Kommunikasiekunde  
■ is in 2009 as die **beste ontwerpsskool** in die land  
■ genomineer.

nasionale verspring- en driesprongiteme gewen. Die Kampus se totale getal medaljes tydens nasionale en internasionale kompetisies was 67, waarvan 24 goue medaljes, 20 silwer en 23 brons was.

**Hokkie:** Die vrouespan was derde in die USSA-kompetisie, en die mans sewende. 'n Nuwe afrigter, Nita van Jaarsveld, is aangestel.

**Netbal:** Die netbalspan, in die baie bekwame hande van Shelley Norris, 'n Nieu-Seelandse afrigter, het die USSA-toernooi vir die eerste maal gewen, en twee spelers is vir die Proteas gekies (met 25 wat vir die verskillende provinsiale spanne gekies is).

**Rugby:** Benewens hul goeie prestasie tydens die Intervarsity-kompetisie en in die Varsity Cup, het die Rugbyinstituut die Goue Leeustrofee en die USSA-toernooi gewen, en het hulle as die kampioene van die Luiperdsrugbyunie geëindig.

**Karate:** Die karatespan het die USSA-toernooi vir die tiende jaar agtereenvolgens gewen, en twee van hul lede het in die wêreldkampioenskappe gewen.

**Sokker:** Die sokkerspan het die Intervarsity-kompetisie teen die Universiteit van die Vrystaat gewen en het na die Vodacom-liga opgeskuif.

**Ander sportkodes:** Ander sportkodes het soos volg in die USSA-toernooi presteer: In die C-afdeling was pluimbal eerste en gholf tweede, en so ook muurbal, judo en rotsklim. Hierdie uitslae toon dat daar groot diepte in die sportspanne van die Kampus is.

#### □ Studentekultuursake

Gedurende Julie 2009 het die Universiteitskoor 'n suksesvolle toer na die Wes-Kaap onderneem, insluitende – vir die eerste maal – die Weskus.

Die Kampus het gehelp met die aanbieding, by die Universiteit van Johannesburg, van die jaarlikse Sêr-kompetisie, en Veritas-koshuis het vir die vierde jaar agtereenvolgens die nasionale kompetisie gewen. 'n Derde plek vir

Vergeet-My-Nie-vrouekoshuis het beteken dat die Kampus weer die kompetisie gewen het.

Die Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling, Artema, het 'n baie geslaagde jaar gehad, en het verdere leerderskappe aangebied en Projek Promosa bevorder, 'n opleidingsprogram in die kunste vir leerders van Promosa.

Ander hoogtepunte van 2009 was:

- Die voortdurende sukses van die Musikhane-gemeenskapsprojek, wat onder die beskerming van die Skool vir Musiek aangebied word.
- Die Lotto-befondsing wat aan die Alabama-produksiehuis toegeken is.
- Die Kampus se aanbieding in September van die interuniversitêre Kuesta-koorfees.
- Die eerste plek wat in die provinsiale afdeling van die nasionale Ou Mutual-kompetisie aan die PUK-Serenaders toegeken is.

#### Ten slotte

In my lang verbintenis met die Potchefstroomkampus was dit vir my 'n genoeë om die groei te sien van die studentekomplement, navorsingsuitset en die bydrae tot die Universiteit se goeie naam as 'n universiteit wat na kennis en innovasie streef.

Meer onlangs, en in die besonder in 2009, was dit bemoedigend om die toenemende diversiteit van die Kampus se studente- en personeelprofiel te sien, asook die groeiende bewustheid van die belangrikheid daarvan om 'n kultuur van respek en verdraagsaamheid te koester. Waar ek aan die nuwe Kampusrektor, prof Herman van Schalkwyk, oorhandig, wens ek hierdie kampus sowel as die Universiteit in die geheel alles van die beste vir die toekoms toe.



**PROF AL COMBRINK**  
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM





Prof Piet Prinsloo

## Oorsig van die Vaaldriehoekkampus

Oor die afgelope vyf jaar het die Vaaldriehoekkampus in 'n dinamiese, diverse gemeenskap ontwikkel waar funksionele meertaligheid beoefen en multikulturalisme gevier word.

**Hierdie stabiele en** gesonde kampus-klimaat, tesame met 'n bekendheid vir onderrig en navorsing van hoë gehalte, het die Kampus in staat gestel om eersteklas-akademici te lok en volgehoue verbeterings in studentedeurvloei te behaal. Die algehele slaagsyfer in 2009 het met twee persent gestyg, ten spyte van 'n 22%-styging in studentetalle.

Die Kampus het hierdie groei maklik geabsorbeer, te danke aan die intensiewe kapitaal-beleggings wat oor die afgelope vyf jaar in fisiese infrastruktuur gemaak is. Altesaam R101,7 miljoen is in die uitbreiding en modernisering van geboue, onderrigondersteuningstoerusting en leerondersteuningsinfrastruktuur belê. Dit het die Kampus in staat gestel

om hul navorsingskapasiteit te verstewig, akademiese vermoëns in Inligtingstechnologie en die Natuurwetenskappe uit te brei, en om voort te gaan om transformasie op 'n beplande en volhoubare wyse te onderneem.

### Onderrig-leer

Die Vaaldriehoekkampus pluk steeds die voordele van pogings om hulself te posisioneer as 'n streeksbate wat goeie personeel en studente kan lok en behou.

Die nuwe toelatingsvereistes is gladweg in 2009 geïmplementeer, ná deeglike beplanning en opleiding van personeel, en altesaam 929 eerstejaarstudente is geregistreer. Altesaam 4 506 studente is geregistreer, 'n toename van

Studente-inskrywings 2009	
Voorgraads	4 208
Meesters	195
Doktoraal	103
<b>Totaal</b>	<b>4 506</b>

Samestelling van voorgraadse studente		
Eerstejaars	Kontak	928
	Afstand	1
Seniors	Kontak	2 732
	Afstand	845

Diplomas en grade in 2009 toegeken	
Sertifikate en diplomas	104
B-grade	465
Honnorsgrade	218
Meestersgrade (insluitende MBA)	38
Doktorsgrade	17
<b>Totaal</b>	<b>842</b>

*Altesaam 842 sertifikate, diplomas en grade is toegeken by gradeplegtighede wat gedurende Mei 2009 en Oktober 2009 gehou is.*

## Kampushoogtepunte in 2009

- ❑ Die algehele slaagsyfer van studente het met 2% gestyg as gevolg van faktore soos verbeterings in die akademiese kwalifikasies en prestasie van doserende personeel, verbeterde akademiese steundienste en die totstandbrenging van 'n leerkultuur in die studentekoshuise.
- ❑ Navorsingskapasiteit is deur sleutelaanstellings versterk. Prof AS Coetzee-Van Rooy is as navorsingsleier in die Fakulteit Geesteswetenskappe aangestel, prof AJ van Rooy as navorsingsvoorsitter in die Skool vir Tale en prof JH Kroeze as navorsingsvoorsitter in die Skool vir Inligtingstegnologie.
- ❑ Ter ondersteuning van die Kampus se ontwikkelingsplan vir opkomende navorsers, is 10 akademiese as opkomende navorsers geïdentifiseer, en vyf van hulle het reeds hul nagraadse kwalifikasies verbeter.
- ❑ Die fisiese infrastruktuur van die Kampus, waarin meer as R101 miljoen oor die afgelope vyf jaar belê is, het steeds verbeter. Die jongste verbeterings sluit 'n nuwe lesingsaalkompleks met 1 440 sitplekke in.
- ❑ Die installasie van generators vir noodkragvoorsiening is voltooi en die kragtoevoerstelsel geoutomatiseer. Gedurende 'n kragonderbreking of beurtkrag kan hierdie stelsel noodkrag aan die hele Kampus voorsien, wat hul in staat stel om bedrywighede ononderbroke voort te sit.
- ❑ Die Kampus se twee sakeverkrigings, die Sasol-vulstasie en die Quest-konferensielandgoed, het begin om hul waarde as bronne van bykomende inkomste te toon, in ooreenstemming met die inkomstediversifiseringstrategie.
- ❑ Met die oog op posisionering van sy kernbesigheid vir toekomstige groei het die Kampus strategiese en bedryfsverbeteringe aan sy sakemodel aangebring. Dit het die verbetering van die strategiese beplanningsproses, versterking van vaardighede in projekuitvoering, bemaking en die bestuur van prestasieooreenkomste, asook 'n fokus op toepaslike groeigeleenthede behels.

17% vergeleke met 2008. Die bereiking van die teiken van 4 500 studente was 'n mylpaal in die ontwikkeling van die Kampus.

Om die toename in studentetalle te akkommodeer, is die Kampus se nuwe lesingsaalkompleks voltooi en geopen. Dit bestaan uit ses groot lesingsale en voorsien 'n bykomende 1 440 sitplekke. Die lesinglokale het die modernste multimediafasiliteite en

geïntegreerde toegangsbeheer- en onderrigfasiliteite.

Ander verbandhoudende verbeterings was die nuwe parkeerterrein langs die nuwe lesingsaalkompleks, 'n afgebakende bushalte en aflaaiparkeerterrein, asook 'n nuwe krieketfasiliteit. Verder is die Faranani-koshuis, wat meer as 600 studente huisves, opgegraad en van nuwe fasiliteite voorsien, soos 'n



- Me Elbie Steyn** 1  
KAMPUSREGISTRATEUR
- Prof Linda du Plessis** 2  
VISEREKTOR: AKADEMIE,  
KWALITEIT EN BEPLANNING
- Prof Tinie Theron** 3  
DEKAAN: FAKULTEIT  
GEESTESWETENSKAPPE
- Prof Roy Dhurup** 4  
DEKAAN: EKONOMIESE WETENSKAPPE  
EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE
- Mnr Bertie Visser** 5  
HOOFDIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE





meerdoelige saal, ten volle toegeruste gimnasium, 'n kafeteria en 'n rekenaarlokaal.

Beduidende vordering is gemaak met die plan om strategies in Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT) te groei. Die beginpunt was om die PKM te hersien, met 'n spesifieke fokus op WIT. Gevolglik sal die Kampus in 2010 vyf nuwe voorgraadse programme in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie implementeer.

In nog 'n voorwaarde stap vir die Kampus se WIT-vermoëns is voorbereidings getref vir die oprigting van nuwe geboue vir tegniese onderwysersopleiding, insluitende laboratoriumfasiliteite vir Fisika en Chemie. Verder het die Minister van Onderwys die aanbieding van vier uitgebreide BCom- en BSc-programme goedgekeur.

Ander onderrig-leer-ontwikkelings in 2009 waarvan kennis geneem moet word, was:

- ❑ Die voltooiing van die proses van belyning van die voorgraadse programme, wat gereed is om in 2010 geïmplementeer te word.
- ❑ Die deelname van agt dosente aan die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid-proses. Al agt het toekennings ontvang.

- ❑ Die eksterne programmevaluering wat ná die HOKK-oudit in Ekonomie en Sakebestuur gedoen is.

Talle lede van die akademiese personeel het op hul kundigheidsgebiede uitblink. Prof LC Theron en dr E Strydom van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe is verkies om onderskeidelik as voorsitter en sekretaris in die bestuurskomitee van die Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika te dien.

Prof AJ van Rooy van die Skool vir Tale is aangestel om as sameroeper van die evalueringspaneel vir Literêre Studies, Tale en Linguistiek van die Nasionale Navorsingstigting op te tree.

## Navorsing

Die navorsingstrategie van die Kampus is goedgekeur, met 'n fokus op ses prioriteitsgebiede.

Een prioriteit is om akademiese personeel aan te moedig om hul kwalifikasies te verbeter, terwyl die navorsingsteun wat beskikbaar is, uitgebrei word, en so ook die navorsingsontwikkelingsaktiwiteite in die fakulteit. Tien akademiese personele is gekies om aan die ontwikkelingsplan vir opkomende navorsers deel te neem, wat daarop gerig is om

die akademiese kwalifikasies van voltydse akademië te verbeter.

Nog 'n navorsingsprioriteit is om die getal akademiese personeel te vermeerder wat 50% of meer van hul tyd aan navorsing bestee, terwyl 'n derde prioriteit is om die getal postdoktorale genote en besoekende akademië te verhoog. Die Kampus is ook voornemens om die deelname van navorsers op die Vaaldriehoekskampus aan die Navorsingsentiteitstrategie van die NWU te verhoog, en mik daarna om bestaande navorsingsaansporingsmaatreëls met fakulteitspesifieke aansporingsmaatreëls aan te vul ten einde die kwaliteit en hoeveelheid van die navorsingsuitset te verhoog.

Laastens is die Kampus besig om 'n Fakulteitnavorsingsteunkantoor tot stand te bring om navorsers met navorsingsadministrasie en finansiële en tegniese steun te help. Hierdie Kantoor sal byvoorbeeld statistiese konsultasie wat toepaslik vir die geesteswetenskappe is aan navorsers en nagraadse studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe voorsien.

□ As deel van die poging om meer aktief aan die NWU se Navorsingsentiteitstrategie deel te neem, het die Kampus die volgende potensiële nisareas geïdentifiseer:

- Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Opsette ("UPSET"), met prof AJ van Rooy van die Skool vir Tale as die navorsingsleier.
- Veerkragtigheid Onder die Jeug, onder leiding van prof LC Theron van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe. Prof Theron het goedgevestigde verbindeuses met internasionale navorsingsleiers op hierdie gebied en het eksterne befondsing vir die volgende vyf jaar vir navorsingsprojekte op hierdie gebied verkry.
- Kulturele Dinamiek van Water, met prof JWN Tempelhoff van die Skool vir Basiese Wetenskappe as die navorsingsleier.

- Antieke Tekste, onder leiding van prof HJM van Deventer van die Skool vir Basiese Wetenskappe.
- Ondernemingskennis en -sisteme, met prof JH Kroeze van die Skool vir Inligtingstechnologie as die navorsingsleier. Hierdie nisarea sal onder andere op bedryfsnavorsing en nywerheidstatistiek, sake-intelligensie, datapakhuis, data- en teksontginning en besluitneming-ondersteuningstelsels fokus.
- Impakevaluering, met 'n fokus op die volle verskeidenheid impakstudies, insluitende maatskaplike, ekonomiese, finansiële, opvoedkundige en omgewingsimpakte. Die navorsingsleier sal prof T Slabbert van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe wees.

## Implementering van kundigheid en gemeenskapsbetrokkenheid

Getrou aan die innoverende gees van die NWU het die Kampus weer eens hul kundigheid aan gemeenskappe beskikbaar gestel en, op 'n kommersiële grondslag, aan die sakewêreld en nywerheid.

Impakevaluering was 'n gesogte diens, met twee kontrakte wat in 2009 aan die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe toegeken is. Die Noord-Kaapse Provinsiale Kantoor vir Grondhervorming het die Skool aangestel om 'n impakevalueringstudie uit te voer en 'n sakeplan te ontwikkel, terwyl die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit die Skool opdrag gegee het om 'n toerismestrategie te skryf.

Die uitruilprogram tussen die Skool vir Ekonomiese Studies en Molde-Universiteit in Noorweë is voortgesit. Twee studente het keusemodules vir die meestersprogram in Ekonomie aan Molde-Universiteit voltooi en sal binnekort gradueer. 'n Ooreenkoms is ook met die Universiteit van Malawi gesluit om navorsingsvaardighede uit te ruil en gesamentlike navorsing oor armoedeverligting te doen. 'n Werkswinkel oor Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategieë is teen die einde van 2009 in Malawi gehou.

Die Kampus se Eenheid vir Vaardigheidsontwikkeling het 'n memorandum van ooreenkoms met die Sedibeng-distriksmunisipaliteit onderteken om behulpsaam te wees met die bou van 'n doeltreffende administratiewe ondersteuningstruktuur deur opleiding aan hul administratiewe personeel te bied.

Skole in die Fakulteit Geesteswetenskappe het 'n besige jaar gehad, veral Opvoedkundige Wetenskappe, wat by talle gemeenskapsprojekte betrokke was. Dit het die Ikateleng-projek vir graad 12-leerders, die Siyakhulisa-projek vir Vroeë Kinderontwikkeling vir onderwysers in die Vaaldriehoek, en Resilient Educators, 'n ondersteuningsprogram vir opvoeders wat deur MIV/VIGS geraak word, ingesluit.

- ❑ Die Ikateleng-projek is in 2009 vir die 21e jaar aangebied. Altesaam 223 graad 12-leerders het deelgeneem deur ses dae van intensiewe onderrig gedurende die Juliereses en 10 Saterdagklasse gedurende die res van die jaar by te woon. Van die deelnemers het 103 graad 12 met volle vrystelling geslaag en het 90,5% die eindeksamen geslaag. Die leerders het ook altesaam 58 onderskeidings in die seniorsertifikaat-eindeksamen behaal.
- ❑ Meer as 70% van die Opvoeders in Vroeë Kinderontwikkeling in Vaaldriehoek-woongebiede het nog nooit formele opleiding ondergaan nie, en hul hoogste akademiese kwalifikasie is op NKR-vlak 2. Deur die Siyakhulisa-projek vir Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) word praktisyns toegerus om voorskoolse leerders ter voorbereiding vir graad 1 te onderrig. Gedurende 2009 het ongeveer 100 VKO-opvoeders die VKO-kursus op vlak 4 en 5 voltooi.
- ❑ Die Resilient Educators-program, REDs, het voortgegaan om opvoeders te ondersteun wat deur die MIV/Vigs-pandemie geraak word. Hoe meer kennis hierdie opvoeders oor die siekte het, hoe veerkragtiger word hulle en hoe beter is hulle toegerus om die gemeenskap deur onderwys te dien.

Benewens hierdie projekte het studente in die BEd-programme vrywillige werk by ouetehuse,

kindertehuse, skuilings vir haweloses, die DBV en ander welsynsorganisasies in die onmiddellike omgewing van die Kampus gedoen. Die dienste wat hulle lewer, het wesenlik tot die verbetering van die lewensgehalte van die ontvangers van die dienste bygedra, en tot die studente se begrip van die gemeenskap waarin hulle leef.

Die Kampus het sy derdegeldstroom-inkomste deur twee sakeverkrygings aangevul, naamlik die Sasol-vulstasie en die Quest-konferensielandgoed. Hoewel hierdie sakeondernemings 'n betreklik skamele bydrae tot die 2009-inkomste gelewer het, is die grondslag vir groei suksesvol gelê. Die Kampus is van plan om proaktief nuwe markte vir groei te identifiseer en op te volg, hetsy deur verkrygings of deur op bestaande vermoëns te kapitaliseer.

## Studentesteundienste

Dit is duidelik dat studente wat by tersiêre onderwysinstellings regdeur Suid-Afrika inskryf, 'n behoefte aan meer akademiese steun het. Op die Vaaldriehoekskampus is die hoofdoelstelling van die studentesteundienste om die deurvloei te verbeter. In 2009 het die VE-slaagsyfer met 2,47% tot 79,26% toegegaan en die VE-slaagsyfer van studente wat vir die eerste keer ingeskryf het met 1,15% gestyg.

Aanvullende Onderrig vir studente in risikomodules is 'n belangrike element van die strategie om deurvloei te verbeter. Die Kampus identifiseer aanvanklik risikomodules, wat modules is met 'n slaagsyfer van minder as 50%. Ander faktore wat in berekening gebring word, is die grootte van die klasgroep, die moeilikheidsgraad van die vakinhoud en die nuttheid van die inhoud.

Gedurende die akademiese jaar is 107 leiers in Aanvullende Onderrig in 96 modules gebruik, verteenwoordigend van 18% van die modules wat op die Kampus aangebied word. Gemiddeld is die sukseskoers van die studente wat Aanvullende Onderrig ontvang, 10% hoër as die gemiddelde van die hele groep.







Die Skool vir Tale het 'n Skryflaboratorium tot stand gebring om studente se skryfvaardighe-  
de te ontwikkel. Hierdie laboratorium help  
voorgraadse en nagraadse studente om hul  
akademiese skryfvermoë te verbeter en taal  
doeltreffender te gebruik. Die fokus gedurende  
konsultasies is op taakontleding, opsom-  
ming, argumentasie en konseptuele struktuur.  
Altesaam 60 konsultasiesessies is gehou.

Die versameling gedrukte boeke in die biblio-  
teek is tot 73 680 items verhoog, wat uitwerk  
op 23,8 boeke per student. Meer as 3 000  
nuwe titels is sedert 2007 by die versameling  
gevoeg, waarvan 910 titels vanaf Februarie  
2009 verkry is.

Sedert die installering van kamerastelsels in  
die algemene rekenaarlokale is hierdie lokale  
24 uur per dag, sewe dae per week oop. Van  
die 916 kamers in die studentekoshuise is 531  
van kabelwerk voorsien om studente in staat  
te stel om vanuit hul kamers toegang tot al  
die IT-dienste te verkry. 'n Rekenaarlokaal is in  
die nie-kampuskoshuis, Faranani, toegerus. Die  
huidige verhouding van studente tot rekenaars  
is 11,2:1.

Die Loopbaansentrum is goed gevestig en  
28 werkgewers het die Kampus in 2009 be-  
soek, vergeleke met 19 gedurende die vorige  
jaar. Studente besoek die Loopbaansentrum  
vir Loopbaanvoorgelting, vir bystand met die  
opstel van CV's en vir voorbereiding vir  
onderhoude. Hulle gebruik ook die Loop-  
baansentrum om aansoek te doen vir poste  
wat in die loopbaansone op die NWU-webwerf  
geadverteer is.

Die Kampuskliniek was ten volle funksioneel  
nadat 'n voltydse verpleegster aangestel is.

Die kliniek het primêre gesondheidsorgdienste  
aangebied, lesings oor gesonde seksuele  
gedrag gegee en MIV-beradings- en toets-  
dienste voorsien. Hulle het ook gratis sielkun-  
dige berading voorsien om studente met  
emosionele probleme, studiemetodes en tyd-  
bestuur behulpsaam te wees, en hulle met  
hanterings- en interpersoonlike vaardighede  
toe te rus. 'n Welstandsdag is in 2009 gehou  
om glukose-, oog- en bloeddruktoetse te  
doen.

Die afwesigheid van 'n Studentesentrum op  
die Vaaldriehoekskampus geniet aandag.  
Beplanning vir die ontwikkeling van so 'n  
sentrum het gedurende 2009 begin en daar  
word verwag dat implementering van die  
projek gedurende die eerste semester van  
2010 'n aanvang sal neem.

## Studentesake

Die Verteenwoordigende Kampusstudente-  
raad (VKSR) was gedurende die verslagdoe-  
ningstydperk ten volle funksioneel. Die VKSR  
het deelgeneem aan al die bestuurstrukture  
waarin hulle verteenwoordig was, en het  
gesonde verhoudinge en goeie kommunikasie  
met die Kampusbestuur gehandhaaf. Vier van  
die lede dien in die Institusionele Verteen-  
woordigende Studenteraad (IVSR), en mnr  
Siphiwe Mbatha, die voorsitter van die VKSR  
was ook die voorsitter van die IVSR.

Een van die VKSR-lede, me Busi Khaba, die  
dienende koshuisbeampte, is as 'n lid van die  
Nasionale Uitvoerende Komitee van die Suid-  
Afrikaanse Studente-unie verkies.

Studenteleierverkiesings is gedurende Augus-  
tus gehou. Die proses is aan 'n buitediensver-  
skaffer uitgekontraakteer, onder die toesig van



die Direkteur Studentesake. Die studenteleiers het tydens 'n opleidingskamp wat oor 'n lang-naweek gehou is, opleiding ontvang, waar hulle hul beplanning vir die jaar gedoen en die strategiese doelstellings vir hul ampstermyn geformuleer het. Hulle neem ook deel aan 'n program vir voortgesette ontwikkeling.

#### □ Sport

Een van die strategiese doelstellings van die Sportafdeling is om die Kampus se betrokkenheid by sport gekoppel aan Universiteit-sport Suid-Afrika (USSA) te verhoog, asook om die sportkodes en deelnamekoers aan die sportaktiwiteite van koshuise te verhoog. Dit is verblydend om te kan berig dat studentedeelname aan sport gedurende 2009 toegeneem het. Die Kampus het spanne in sewe USSA-sportkodes en in agt sportkodes in die plaaslike ligas ingeskryf. Nuwe sportkodes wat in die koshuisligas ingesluit is, was skaak, vlugbal en inheemse spele.

#### • Krieket

'n Krieketklubhuis is langs die nuwe krieketveld voltooi, wat die krieketfasiliteite wat op die Kampus beskikbaar is, verder verbeter het.

Gedurende die 2008/9-seisoen het vier Kampusspanne aan drie ligas deelgeneem. Twee spanne het in die Gautengse Sondagliga deelgeneem, wat deur die eerste span gewen is, en een span het aan die plaaslike Sondagliga deelgeneem. Die eerste span is ook genooi om aan die Noordwes-premierliga deel te neem, en vier van hul spelers is vir die Gautengse Provinsiale Distrikspan gekies.

'n Ontwikkelingsafrigter is vanaf 1 Junie 2009 vir die ontwikkelingsgroep aangestel, wat regdeur die jaar oefensessies sal hou, en nie slegs gedurende die krieketseisoen nie. Die studentespan het aan die USSA-toernooi deelgeneem en was die wenners in groep 2. In 2010 sal die span in groep 1 deelneem. Twee van die spelers is vir die Gautengse Landelike Span gekies en sal aan die Nasionale Landelike Krieketweek deelneem.

#### • Sokker

Die manspan was onoorwonne in die plaaslike liga en het aan die USSA-kompetisie deelgeneem. Die vrouespan het vir die eerste keer ook in die USSA-liga ingeskryf. Hulle het die Absa-liga gewen, vir die Sasol-liga gekwalifiseer en in Augustus 2009 die Theta FM-vrouetoernooi gewen.

Altesaam 17 spanne van drie manskoshuise het in die koshuissokkerliga deelgeneem.

#### • Netbal

Die netbalspan neem tans in die plaaslike Vaaldriehoekliga deel, sowel as in die USSA-liga. Gedurende die 2009-seisoen het vier van die spelers provinsiale Vaaldriehoekkleure ontvang.

#### • Liggaamsbou

Liggaamsbou was steeds een van die suksesvolste sportkodes. Die opgegradeerde gimnasium op die Kampus is goed deur die studente gebruik, veral deur diegene wat nie voorheen toegang tot 'n gimnasium gehad het nie. As deel van die opgradering van die

Dit duidelik dat die Vaaldriehoekampus daarin slaag om  
gegraduateerdes te lewer wat **suksesvolle loopbane**  
kan volg, **konstruktief** tot die gemeenskap bydra en  
**gebalanseerde, doelgerigte lewens** kan lei.

– PROF PIET PRINSLOO, KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK

Faranani-koshuis is 'n ten volle toegeruste gimnasium by die koshuis ingerig.

Die liggaamsbouspan het aan die USSA-kompetisie deelgeneem en een van die kategorieë gewen, terwyl hulle in twee ander kategorieë tweede was. Een van die studente het Sedibeng-kleure ontvang, en twee van die studente het aan die Suid-Afrikaanse kompetisie deelgeneem.

#### • Rugby

In minder as twee jaar sedert die samesmelting met die plaaslike rugbyklub het die NWU Vaal-rugbyklub hulle as 'n sterk mededinger in die Valke-liga gevestig. Gedurende die 2009-seisoen het die onder 19-span die Valke se onder 19-liga gewen en is 12 spelers van die Klub vir die Valke se Suid-ligaspan gekies.

Gedurende Mei 2009 is 'n Vaardighedsontwikkelingsakademie tot stand gebring om rugbyontwikkeling in die Vaaldriehoek te verbeter. Spelers ontvang individuele aandag en afrigting. Hierdie Akademie het ook die Valke-rugbyunie vir die ontwikkeling van opkomende rugbyspelers gebruik.

#### □ **Kultuur en gemeenskapsdiens**

Op 18 Julie 2009, die verjaardag van Nelson Mandela, het studente gehelp om die 'Madibataowerkrag' te versprei deur vrywillige werk by die Sebokengse Lebohang-sentrum vir fisies en verstandelik gestremde mense te doen, asook by die Ikageng-skooling vir haweloses en by Matwala's Children in Vanderbijlpark.

Die studentelewe by die koshuise was uiters aktief, met talle interkoshuis-kompetisies in sport, drama, sang, dans en debatvoering.

#### Ten slotte

Die filosofie van die NWU is om graduateerdes te lewer wat goed vir die werkplek voorberei is, asook veelsydig en afgerond. Die afgeronde student is nie net een wat bloot kennis verwerf het nie, maar is 'n opgevoede individu wat in staat is om die idees wat hy of sy uit lesings, boeke en besprekings verkry het, tot die voordeel van die land en die gemeenskap

in die breë te benut, en wat oor duidelike denkvaardighede, vrugbare denke en 'n verhewe gees beskik.

As ons terugkyk na die algehele resultate wat in 2009 behaal is, is dit duidelik dat die Vaaldriehoekampus besig is om daarin te slaag om graduateerdes te lewer wat suksesvolle loopbane kan volg, konstruktief tot die gemeenskap bydra en gebalanseerde, doelgerigte lewens kan lei.

Terwyl die Kampus lewenskragtige prestasie in al sy kernbesigheidsondernemings gedurende die jaar gelewer het, kyk hulle ook na die toekoms vooruit gekyk. Met die ondersteuning van IBIS, 'n strategiese beplanningsgroep, het die Kampus strategiese en bedryfsverbeterings aan hul sakemodel aangebring, wat die volgende insluit:

- Verbetering van die strategiese beplanningsproses sodat hulpbronne op doeltreffender wyse met groeigeleenthede gepaar word;
- Nuwe rigting aan die beplanningsproses ten einde op die doeltreffendste wyse op die regte ondernemings met die regte geleenthede te fokus, soos om die PKM in geïdentifiseerde vakke uit te bou;
- Om meer resultaatgedrewe te word deur vaardighede, prosesse en prosedures vir bemaking, projekuitvoering en die bestuur van prestasieooreenkomste te verbeter;
- Die bereiking van beduidende groei in geïdentifiseerde nisareas deur strategiese verkrygings;
- Deur proaktief te wees en op belangrike prosesse en stelselverbeterings te fokus, bly die Kampus toonaangewend en posisioneer hulle hul kernbesigheid vir langtermyn groei en volhoubaarheid.



PROF PJJ PRINSLOO  
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK




As mens 'n voorreg geniet, moet jy daardie voorreg met die grootste respek vir jou medemens uitoefen.

– KGOSI LERUO MOLOTLEGI, KANSELIER



# FINANSIËLE OORSIG

Verslag van die Voorsitter van die Finansiële Komitee en Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	142
Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie van die Noordwes-Universiteit soos op 31 Desember 2009	150
Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste van die Noordwes-Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2009	151




# Verslag van die Voorsitter van die Finansiële Komitee en Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite

## Wingsgewendheid en groei

Die Universiteit se opgehoopde reserves het in die 2009- finansiële jaar verbeter weens 'n netto surplus van R40,9 miljoen (2008: R70,9 miljoen), wat 2,2% (2008: 4,2%) van die totale inkomste verteenwoordig. Die totale inkomste van die Universiteit het met 9,3% toegeneem tot 'n totale inkomste van R1 827,0 miljoen, terwyl die totale uitgawes met 11,6% tot 'n totale uitgawe van R1 786,1 miljoen vir die 2009- finansiële jaar toegeneem het.


Wingsgewendheid en groei



## Reserwes


Hoewel die Universiteit se opgehoopde reserves in die 2009- finansiële jaar verbeter het, het die beskikbare fondse tot 31,1% (2008: 34,8%) van totale ekwiteit gedaal.

Ekwiteit – Beskikbare fondse: Geormerkte fondse




Die totale inkomste van die Universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, vervreemding van beleggings, aansuiwering van voorsiening vir waardedalingsverliese en samesmeltingsfondse) het met 9,9% tot 'n totale inkomste van R1 813,7 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite met 12,0% tot 'n totale uitgawe van R1 755,6 miljoen vir die 2009- finansiële jaar toegeneem het. Die surplus vir die 2009- finansiële jaar uit herhalende aktiwiteite verteenwoordig 3,2% (2008: 5,0%) van die totale herhalende inkomste, wat binne die norm vir die sektor is, en 'n aanduiding van gesonde finansiële stabiliteit.

### Surplus-tot-omset-verhouding vanaf bedryfsaktiwiteite



Die Universiteit se opbrengs (uit herhalende aktiwiteite) op aangewende kapitaal (totale bates minus herhalende aanspreeklikhede) het tot 4,1% afgeneem (2008: 6,4%), wat aanvaarbaar is vir 'n organisasie sonder 'n winsoogmerk.

### Opbrengs op aangewende kapitaal




Die Universiteit se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 41,5% (2008: 40,0%) van die totale inkomste.

Die studentverwante inkomste het met 20,5% vir die 2009-jaar toegeneem. Dit kan toegeskryf word aan die jaarlikse verhoging in klasgelde sowel as die toename van 7,6% in studentetalle in 2009. Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 22,4% (2008: 20,3%) van die totale inkomste.

Vir die 2009-jaar was daar 'n 7,0% gemiddelde verhoging in klasgelde vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus en 'n gemiddelde verhoging van 9,0% vir die Mafikengkampus, ten einde die gelde oor 'n tydperk van sewe jaar te harmoniseer sonder om bekostigbaarheid te kompromiseer.

**Totale inkomste per kategorie**




Totale uitgawes het met 11,6% gestyg.

Personeelvergoeding het met 14,0% (2008: 15,5%) toegeneem. Die totale koste van personeel-uitgawes was 48,7% (2008: 46,7%) van totale inkomste.

Bedryfsonkoste het met 7,8% (2008: 17,2%) toegeneem en verteenwoordig 42,5% (2008: 43,1%) van totale inkomste.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie, finansieringskoste en waarde-dalingsverliese het met 20,5% toegeneem. Dit is hoofsaaklik as gevolg van voorsiening vir waardedalingsverliese wat met 25,1% en depresiasie wat met 18,0% toegeneem het.






### Toegevoegde waarde

Soos in die verlede het die Universiteit weer wesenlike waarde aan die ekonomie toegevoeg. Met betrekking tot die Universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) kan die volgende uitgelig word:

- 13 445 (2008: 12 337) studente het gedurende 2009 grade en diplomas ontvang, wat 'n styging van 9% verteenwoordig.
- R79,7 miljoen (2008: R69,5 miljoen) is as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 15% (2008: styging van 18%) verteenwoordig.
- Fondse wat uit geldstroom 1 aan transformasie as strategiese imperatief toegewys is, beloop R138,4 miljoen (2008: R163,0 miljoen).

### Solvabiliteit


Die totale laste (R663,1 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R960,8 miljoen) dui aan dat die Universiteit se verhouding van skuld tot beskikbare fondse tot 0,69 (2008: 0,71) verbeter het.



Die totale laste uitgedruk oor totale bates vir die 2009- finansiële jaar bly konstant op 0,41 (2008: 0,41). Die totale laste word 2,45 maal (2008: 2,41 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die Universiteit solvent is en in staat om sy verpligtinge op die lang en die kort termyn na te kom.


**Solvabiliteit – Totale laste: Totale bates**




### Likiditeit

Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 2,81 maal (2008: 2,52 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R13,8 miljoen vir die 2009- finansiële jaar toegeneem, terwyl die bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R17,7 miljoen afgeneem het.

**Likiditeit – Bedryfsbates: Bedryfslaste**




Die Universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste het van 2,01 in 2008 tot 2,41 gedurende die 2009- finansiële jaar toegeneem, wat van die goed bestuurde kontantvloei van die NWU getuig.




### Hefboomfinansieringsverhoudings

Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n langertermyn-aanduiding van likiditeit.

Nie-bedryfslaste verteenwoordig 32,5% (2008: 31,4%) van totale fondse wat aangewend is.



Die totale nie-bedryfslaste uitgedruk oor ekwiteit vir die 2009- finansiële jaar het tot 48,1% (2008: 45,8%) gestyg.





Die styging in nie-bedryfslaste is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n rentedraende lening vanaf FNB vir toevoegings tot geboue en infrastruktuur.

## Kontantvloei

### Surplus gegeneer met betrekking tot kontantvloei

Die Universiteit het 'n surplus van R40,9 miljoen vir die 2009- finansiële jaar gegeneer. Die netto kontantvloei het met R45,1 miljoen vir dieselfde finansiële jaar toegeneem. Vir die 2008- finansiële jaar het die netto kontantvloei met R54,0 miljoen afgeneem. Die NWU verkeer steeds in 'n uiters lewensvatbare kontantvloeisituasie.





## Ten slotte

Die Universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2009- finansiële jaar te verwesenlik, ten spyte van 'n wêreldwye ekonomiese afswaai:

- Om die netto surplus uit bedryfsaktiwiteite tussen 3% en 6% (2009: 3,2%) te hou;
- Om te verseker dat die NWU 'n lopende saak is deur sy gesonde solvensiestand te handhaaf en likiditeitsvlakke gedurende die 2009- finansiële jaar te verhoog.
- Om beurse wat aan studente toegeken word te vermeerder (beurse met 15% vermeerder).

Die Raad en Bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2010 gehandhaaf sal word.

**DR JJ VAN ZYL**  
VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE

**PROF IJ ROST**  
UITVOERENDE DIREKTEUR:  
FINANSIES EN FASILITEITE

# Noordwes-Universiteit Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie

soos op 31 Desember 2009

	2009		(Herstateer) 2008	
	R'000	%	R'000	%
<b>BATES</b>				
<b>Nie-bedryfsbates</b>	1 059 144	65,2	948 251	63,3
Eiendom, aanleg en toerusting	538 163	33,1	493 035	32,9
Beleggingseiendomme	24 085	1,5	24 601	1,6
Ontasbare bates	17 559	1,1	30 814	2,1
Langtermynbeleggings	390 128	24,0	324 711	21,7
Omskrewe voordeel pensioenfondssurplus	89 209	5,5	75 090	5,0
<b>Bedryfsbates</b>	564 754	34,8	550 964	36,7
Voorraad	14 397	0,9	13 189	0,9
Handels- en ander debiteure	65 414	4,0	97 913	6,5
Kontant en kontantekwivalente	484 943	29,9	439 862	29,3
<b>Totale bates</b>	<b>1 623 898</b>	<b>100,0</b>	<b>1 499 215</b>	<b>100,0</b>
<b>FONDSE EN LASTE</b>				
<b>Fondse beskikbaar</b>				
Opgelope fondse	960 814	59,2	878 203	58,6
<b>Totale laste</b>	663 084	40,8	621 012	41,4
<b>Nie-bedryfslaste</b>	462 067	28,4	402 266	26,8
Langtermynlenings	63 853	3,9	23 560	1,6
Na-aftreevoordele	268 750	16,5	255 543	17,0
Uitgestelde inkomste	129 464	8,0	123 163	8,2
<b>Bedryfslaste</b>	201 017	12,4	218 746	14,6
Handels- en ander krediteure	134 837	8,3	152 662	10,2
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	190	0,0	159	0,0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	6 515	0,4	3 293	0,2
Huidige gedeelte: Na-aftreevoordele	13 279	0,8	11 634	0,8
Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste	14 389	0,9	16 246	1,1
Studentedeposito's en vooruitbetaalde inkomste	31 807	2,0	34 752	2,3
<b>Totale fondse en laste</b>	<b>1 623 898</b>	<b>100,0</b>	<b>1 499 215</b>	<b>100,0</b>

# Noordwes-Universiteit Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste

vir die jaar geëindig 31 Desember 2009

	2009	% van	(Herstateer)	% van
	R'000	totale inkomste	2008	totale inkomste
	R'000		R'000	
<b>HERHALENDE ITEMS</b>	58 118	3,2	82 204	4,9
<b>Inkomste</b>	1 813 684	99,3	1 650 373	98,7
Staatsubsidies en -toekennings	758 540	41,5	667 939	40,0
Onderrig- en ander gelde	408 581	22,4	338 970	20,2
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	131 140	7,2	100 798	6,0
Inwoning en voedseldienste	143 886	7,9	135 008	8,1
Dienste - entrepreneursaktiwiteite	236 494	12,9	245 069	14,7
Private skenkings en toekennings	37 033	2,0	44 353	2,7
Beleggingsinkomste	98 010	5,4	118 236	7,0
<b>Uitgawes</b>	1 755 566	96,1	1 568 169	93,8
Personeelvergoeding	889 576	48,7	780 612	46,7
Bedryfskoste	776 491	42,5	712 354	42,6
Depresiasië en amortisasie	74 834	4,1	63 021	3,8
Finansieringskoste	14 665	0,8	12 182	0,7
<b>NIE-HERHALENDE ITEMS</b>	(17 200)	(1,0)	(11 344)	(0,7)
<b>Inkomste</b>	13 316	0,7	20 978	1,3
Wins/(verlies) op verkoop van EAT	(765)	(0,0)	(544)	(0,0)
Wins/(verlies) op beleggings	1 287	0,0	5 349	0,3
Ander nie-herhalende inkomste	12 794	0,7	16 173	1,0
<b>Uitgawes</b>	30 516	1,7	32 322	2,0
Bedryfskoste	0	0,0	7 932	0,5
Waardedalingsverlies (Bates - EAT)	30 516	1,7	24 390	1,5
<b>Netto surplus voor belasting</b>	40 918	2,2	70 860	4,2
Inkomstebelasting	30	0,0	7	0,0
<b>Surplus vir die jaar</b>	40 888	2,2	70 853	4,2
<b>ANDER OMVATTENDE INKOMSTE</b>	41 723		(19 192)	
Omskrewe voordeel pensioenfondssurplus	14 119		5 183	
Netto waarde wins/(verlies) op beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates (netto van belasting)	27 604		(24 375)	
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	82 611		51 661	


# Lys van Afkortings

ACU	Association of Commonwealth Universities
AGLA	'n Module om die bevoegdheid van eerstejaarstudente te verbeter, onder andere in skryf- en leesvaardighede, rekenaargeletterdheid en algemene studievervaardighede.
AMOS	'n Verlengstuk van SPSS vir strukturele vergelykingsmodellering-programmatuur.
@NWU	Die daaglikse kennisgewing aan NWU-personeel
AO	Aanvullende Onderrig
AOO	Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
ATLAS.ti	Rekenaarprogrammatuur wat hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, in kwantitatiewe navorsing of die ontleding van kwalitatiewe data gebruik word.
AUTHeR	Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing
BGSEB	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
BIS	Bestuursinligtingstelsel
BIVSA	Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika
BMX	Bicycle Motocross
CH@S	Connecting Helpers and Students
CTeXt	Sentrum vir Tekstegnologie
DBV	Dierebeskermingsvereniging
DeafSA	Deaf Federation of South Africa
DHOO	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
DNA	Die molekulêre ketting wat die genetiese inligting dra wat selle in staat stel om te reproduseer.
DvO	Departement van Onderwys
DWT	Departement Wetenskap en Tegnologie
eBio	Webgebaseerde hulpmiddel vir persoonlike ontwikkeling, bemagtiging, groei en indiensnemingsverbetering asook 'n entrepreneurskap-afrigtingstelsel.
eFundi	Die NWU se e-leerstelsel
Eish!	Die NWU se interne personeelnuusbrief
EPE	Eksterne progamevaluering
FDS	Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling
FIFA	Fédération Internationale de Football Association
FLAGH	Farm Labour and General Health
HART	Hipertensie in Afrika-navorsingspan
HCI	Hasken Consolidated Investment-stigting
HEAIDS	Universiteite se Hoëronderwys-VIGS-projek
HELTASA	Higher Education and Teaching Association of Southern Africa
HESA	Hoër Onderwys Suid-Afrika
HOKK	Hoëronderwys-kwaliteitskomitee
IB	Institusionele Bestuur
IBSA	Indië-Brasilië-Suid-Afrika





ICURA	International Community-University Research Alliance
IER	Intellektuele Eiendomsregte
IF	Institusionele Forum
IIGVOF	Institusionele Indiensnemingsgelykheid- en Vaardigheidsontwikkelingsforum
IK	Institusionele Kantoor
IKAS	Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde
IKHIK	Institusionele Komitee vir Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit
IKND	Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente
IKNI	Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie
IKSSD	Institusionele Komitee vir Studentesteundienste
IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie
ILBF	Internasionale Liggaamsboufederasie
IMEC	'n Wêreldwye toonaangewende onafhanklike navorsingsentrum in nano-elektronika en nanotegnologie.
InfoEd	Programmatuuroplossing vir Navorsingsvoldoening en -administrasie
IOK	Internasionale Olimpiese Komitee
IP	Institusionele Plan
IPE	Interne Programevaluering
ITK	Inligtingstegnologie en Kommunikasie
ITNU	Institusionele Toekenning vir Navorsingsuitnemendheid
ITOU	Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid
ISIS	'n Wêreldwyd toonaangewende sentrum vir navorsing wat raadgewende kundigheid en advies oor tegnologie-oordrag en innovasiebestuur die wêreld oor voorsien.
IVSR	Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad
IWI	Instituut vir Wetenskaplike Inligting
JTOD	Jaar-tot-op-datum
KIDZ-alumni-bestuurstelsel	'n Bestuurstelsel vir die organisering, bewaring en verwerking van biografiese inligtingsdata oor alumni en konvokasielede.
KMB	Korporatiewe Maatskaplike Belegging
KRK	Kernreëlingskomitee
KV	Curriculum Vitae
KVSR	Verteenwoordigende Kampusstudenteraad
LS	Loopbaansentrum
M&E-raamwerk	Moniterings- en Ewalueringsraamwerk
MVSA	Medisyneverbruik in Suid-Afrika
MHBS	Stelsel vir Mensekapitaalbestuur
Mindmanager	'n Hulpmiddel om persoonlike produktiwiteit van individue te verhoog.
MIV	Menslike Immunitetsgebreekvirus
MKIGK	Mensekapitaal- en Indiensnemingsgelykheidkomitee
MNR	Mediese Navorsingsraad



MRK	Menseregtekomitee
MVV	Memorandum van Verstandhouding
NNA	Navorsingsnisarea
NNS	Nasionale Navorsingstigting
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSFAS	Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente
NVAOOSA	Nasionale Vereniging van Afstandsonderrig-organisasies van Suid-Afrika
NWNKK	Noordwes-navorsingskoördineringskomitee
NWU	Noordwes-Universiteit
NWWP	Noordwes-Wetenskapspark
OLT	Onderrig-en-leer-tegnologie
OPTILIFE	'n Stelsel wat in staat is om betroubare verslae oor MIV/Vigs, Primêre Gesondheidsorg, MIV-toetsing en Beroepsgesondheidsorg te genereer.
Oracle-ERP	Oracle Enterprise Resource Planning
PGL	Probleemgebaseerde Leer
PhasRec	Fisiese Aktiwiteit Sport en Rekreasie
PKM	Program- en Kwalifikasie-mengsel
PR	Persoonlike rekenaar
PWC	PricewaterhouseCoopers
Reds	Resilient Educators
Refworks	'n Aanlyn-navorsingsbestuurs- en samewerkingshulpmiddel
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
SAFA	Suid-Afrikaanse Sokkervereniging
SAKAI	'n Gemeenskapsbronprojek waaraan honderde universiteite (insluitende die NWU) deelneem. Dit behels die ontwikkeling van 'n leerderbestuurstelsel.
SANPAD	Suid-Afrikaans-Nederlandse Navorsingsprogram oor Alternatiewe in Ontwikkeling
SARIMA	Suid-Afrikaanse Vereniging vir Navorsings- en Innovasiebestuur
SANReN	Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingsnetwerk
SAOG	Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
SAS	'n Geïntegreerde suite van programmatuur vir ondernemingswye inligtingslewering.
SASU	Suid-Afrikaanse Studente-unie
SAVRD	Suid-Afrikaanse Vereniging van Regsdekane
SEACOM	Dit is 'n ondersese optiesevesel-kommunikasiekabel.
SETA	Vaardigheidsonderrig-opleidingsowerhede in Suid-Afrika
SHPB	Sentrum vir Hoëprestasie-berekening
SIFE	Student in Free Enterprise is 'n wêreldwye program om studente vanuit tersiêre instellings te bemagtig om ander te leer om ekonomiese geleenthede te skep.
SPSS	'n Rekenaarprogram wat vir statistiese ontleding gebruik word.
STSWT	Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -Tegnologie





SUV	Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding
Tektique	'n Samewerkingspoging van Suid-Afrikaanse toonaangewende universiteite en die MNR en hul tegnologie-oordragkantore.
THRIP	Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne in die Nywerheid.
TOK	Transformasie-Oorsigkomitee
TUT	Tshwane Universiteit van Tegnologie
UAPS	Union for African Population Studies
UCI	Internasionale Fietsryunie
UJ	Universiteit van Johannesburg
UK	Universiteit van Kaapstad
UPSET	Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Opsette
URL	Die adres vir 'n webblad op die wêreldwye web.
USSA	Universiteitsport Suid-Afrika
VDP	Videodataprojektor
VE	Voltydse ekwivalent
VIGS	Verworwe Immuniteitsgebreksindroom
VK	Visekanselier
VKO	Vroeë Kinderontwikkeling
VOO <sup>1</sup>	Verdere Onderwysersopleiding
VSR	Verteenwoordigende Studenterraad
VSS	Varsité-studentestelsel
VUMA	'n Hoëronderwysstelsel-ingreepportaal wat 'n eenstop-"universiteitsoorlewingshandleiding" bied – 'n plek waar studente advies en steun kan vind.
WIT	Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie.
WTSA	Rolstoeltennis Suid-Afrika

# Erkenning

---

## Navrae en kontakbesonderhede

### NWU Institusionele Kantoor

Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 4918

Faks: +27 (18) 299 4938

E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Webwerf: www.nwu.ac.za

### Mafikengkampus

Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 389 2144

Faks: +27 (18) 389 2375

E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

### Potchefstroomkampus

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 2769

Faks: +27 (18) 299 2767

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

### Vaaldriehoekkampus

Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika

Tel: +27 (16) 910 3180

Faks: +27 (16) 910 3326

E-pos: annette.willemse@nwu.ac.za

## Jaarverslag-taakspan

Mee E de Beer, A de Waal, N Engelbrecht, J Jansen van Vuuren, P Mmope, M Santana,  
A van der Merwe, L Wagner, en mnre J Blaauw, L Jacobs en D Walker.

## Fotografie

Maclez Studio, Eddie Alberts, Adriaan van der Walt

## Redigeerder

Me Clairwyn van der Merwe

## Ontwerp en uitleg

Infoworks

Tel: +27 (18) 468 2716

Faks: +27 (18) 468 7782

## Drukwerk

Platinum Press

Tel: +27 (18) 299 4226

Faks: + 27 (18) 2978212

Die 2009-jaarverslag is deur die Institusionele Kantoor vir Korporatiewe Sake en Verhoudinge gepubliseer. Die Jaarverslag verskyn ook op die NWU se webtuiste by [http://www.nwu.ac.za/nwu/ar\\_a.html](http://www.nwu.ac.za/nwu/ar_a.html). Hierdie publikasie is ook in Engels beskikbaar.